Die rol en regulering van internetdiskoerse op die NG Kerk se webplatforms in die daarstelling van 'n publieke sfeer

deur

Francine van Niekerk

Tesis voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan vereistes vir die Meestersgraad in Joernalistiek

aan die

Universiteit van Stellenbosch

Departement van Joernalistiek
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
Studieleier: Dr Gabriël Botma

Datum: Maart 2013

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie voorheen in geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit voorgelê het vir 'n graad nie.

Handtekening: **Datum:** Maart 2013

Kopiereg © 201σ Stellenbosch Universiteit
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Erkenning

Dankie, dr. Gabriël Botma! Vir jou vinnige reaksie en deeglike kommentaar op my werk. Dankie dat jy dit vir my makliker gemaak het. Die begin het maar soos ’n bondel verstrengelde string liggies gelyk. Dankie dat jy geduldig saam uitgeryg het. En met ’n paar opmerkings logiese orde kom skep het.

Adri-Louise van Renen-Fourie en dr. Pieter Fourie – dankie vir die bydrae van tydskriftemaatskappy. Nie net vir die finansiële ondersteuning nie. Maar ook vir die uitvra en belangstelling. En vir die aanmoediging, Adri-Louise.

Dankie vir die goeie gesprekke – Jean Oosthuizen en dr. Ben du Toit. Groot dank aan die volgende persone wat tyd afgestaan het om my vraelyste noukeurig in te vul: ds. Danie Mouton, dr. Gerhard Bothma, dr. Gerda de Villiers en dr. Gerrit Brand.

Paps en Mams, sal ek ooit iets in hierdie lewe kan bereik sonder om dankbaar te wees vir daardie fondament wat julle in liefde so goed en stewig in my gelê het?

Ek moet seker dankie sê vir die uitdagings, Here. En dankie vir daai laaste bietjie krag ...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opsomming

Hierdie studie ondersoek die vraag of die NG Kerk se webwerwe dit regkry om 'n publieke sfeer te skep. Sedert die einde van apartheid het die kerk en sy media hom op verskeie maniere in die veranderende Suid-Afrika aangepas, onder meer deur die toenemende gebruik van nuwe media om gelowiges en nie-gelowiges te betrek.

As gevolg van die internet se vermoë om mense van regoor die wêreld te verbind en die interaktiewe aard van die medium, meen kenners dat die internet 'n publieke sfeer kan skep. Habermas se idee van 'n publieke sfeer, wat 'n konseptuele ruimte is waar kritiese, openbare diskoers gevoer word wat vir enigeen toeganklik is, vorm die onderbou van hierdie studie. Dié teorie word hier aangepas deur aan te voer dat konflik en meningsverskil – binne perke – ook deel van kommunikasieprosesse binne die publieke sfeer is.

Hierdie studie fokus op die sewe aktiewe webwerwe van die NG Kerk om hul verbintenis tot publieke teologie binne 'n krities-kulturele paradigma te ondersoek. Die ideale van publieke teologie hang nou saam met dié van die publieke sfeer, naamlik 'n openbare gesprek oor sake van openbare belang wat vanuit godsdienstige oortuigings gevoer word. 'n Sentrale vertrekpunt van die studie is dat 'n ideale publieke sfeer deur regulering aan bande gelê kan word. Dus word die aard en vlak van regulering op die kerk se webwerwe ook nagevors. Die tipe interaksie tussen gebruikers en die inhoud van die webwerwe is ook bestudeer. Die studie gebruik 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes, insluitend semi-gestruktureerde onderhoude, vraelyste, inhoudsanalise en sistematiese observasie.

Die studie het bevind dat *Kerkbode* se Facebookblad 'n lewendige forum bied vir debat oor sake wat die publieke sfeer bevorder. Ook die NG Kerk se Facebookblad het die potensiaal om sulke debatte te skep. Op albei hierdie webwerwe, asook Kerkbode-aanlyn en NG Kerk-aanlyn, het regulering op mesovlak dié potensiaal egter ingeperk. Ander hindernisse vir die skep van 'n ideale publieke sfeer wat op die NG Kerk se webwerwe geïdentifiseer is, is beledigings, 'n te noue fokus op interne kerksake en lae deelname aan debatte oor sake wat die publieke sfeer kan bevorder.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Abstract

This study investigates if and how the Dutch Reformed Church (DRC) uses its websites to create a public sphere. Since the end of apartheid this church and its media had to adapt to the changing environment in South Africa, particularly in its increasing use of the new media to involve believers and non-believers.

Because of the internet's potential to connect people from all over the world and its interactivity, scholars assert that the internet can create a public sphere. Habermas' idea of the public sphere, a conceptual space where critical public discourse takes place and anyone can participate, forms the theoretical underpinning for this study. This theory, however, is slightly adapted by arguing that conflict – within bounds – is also part of the communication process within the public sphere.

This study focuses on seven active websites of the DRC in order to examine its relation to public theology from a critical cultural perspective. The ideals of public theology closely relates to that of the public sphere. These ideals are a public debate on issues relating to the common good, which are discussed from a religious stance. A central view is that regulation can hinder the forming of a public sphere. Thus the nature and level of regulation on the church's websites are examined. The nature of interaction between users and content on websites is also studied. This study combines qualitative and quantitative methods, including semi structured interviews, questionnaires, content analysis and systematic observation.

The study found that *Kerkbode's* Facebookpage facilitates a lively forum for debate on issues that advances the public sphere. The Facebookpage of the DRC has the potential to create such debates. On both these websites and Kerkbode-online and NG Kerk-online, regulation on midlevel curbs this potential. Other obstacles for creating a public sphere that was identified on the DRC's websites, were personal insults, too narrow focus on internal church affairs and low participation in topics that could advance the public sphere.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1 – Inleiding 1

1.1 Motivering vir die studie 1

1.2 Navorsingsprobleem 2

1.3 Sentrale konsepte en werkdefinisies 2

1.4 Fokus 5

1.5 Literatuuroorsig 7

1.6 Teoretiese vertrekpunte 10

1.7 Probleemstelling 11

1.8 Navorsingsvrae 12

1.9 Metodologie en benadering 12

1.10 Struktuur van navorsing 14

1.11 Opsomming 15

Hoofstuk 2 – Publieke sfeer, publieke teologie en die internet 16

2.1 Inleiding 16

2.2 Die publieke sfeer 17

2.3 Publieke teologie 22

2.4 Literatuuroorsig 27

2.5 Regulering van aanlyndiskoerse 40

2.6 Opsomming 45

Hoofstuk 3 – Metodologie 47

3.1 Inleiding 47

3.2 Triangulasie 48

3.3 Kwalitatiewe benadering 48

3.4 Kwantitatiewe benadering 49

3.5 Eenhede van analise en steekproef 49

3.6 Navorsingsmetodes 50

3.7 Opsomming 55

Hoofstuk 4: Die NG Kerk se verbintenis tot publieke teologie op sy webwerwe 57

4.1 Inleiding 57

4.2 Oorsig van metodologie 58

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 Bevindinge 59

4.4 Gevolgtrekking 69

Hoofstuk 5: Die regulering van die NG Kerk se webwerwe 72

5.1 Inleiding 72

5.2 Oorsig oor metodologie 72

5.3 Bevindinge 73

5.4 Gevolgtrekking 86

Hoofstuk 6: Wat gebeur op die NG Kerk se webwerwe? 87

6.1 Inleiding 87

6.2 Oorsig van metodologie 87

6.3 Bevindinge 89

6.4 Gevolgtrekking 98

Hoofstuk 7: Opsomming 100

7.1 Inleiding 100

7.2 Teoretiese raamwerk en opsomming van literatuuroorsig 100

7.3 Reaksie op navorsingsvrae 104

7.4 Moontlikhede vir verdere navorsing 110

Verwysings 111

Boeke, tydskrifte en webwerwe 111

Persoonlike kommunikasie en e-pos kommunikasie 117

Webwerwe 118

Addendums 119

Addendum A: Etiese klaringsvorm 119

Addendum B: Toestemmingsbriewe 121

Addendum C: Vrae vir vraelys en semi-gestruktureerde onderhoude 122

Addendum D: *Kerkbode* se etiese kode 123

Lys van grafieke

Grafiek 4.1: Kerkbode-aanlyn inhoud 62
Grafiek 4.2: *Kerkbode* se Facebook inhoud 64
Grafiek 4.3: Hoogste drie kommentaarplasings in elke kategorie 65
Grafiek 4.4: NG Kerk se Facebook inhoud 68
Grafiek 4.5: www.teo.co.za inhoud 69
Grafiek 4.6: www.soliustitiae.co.za inhoud 71

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grafiek 4.7: NG Kerk se webwerwe inhoud....72
Grafiek 5.1. Reaksies op *Kerkbode* se Facebook....82
Grafiek 6.1: Kerkbode-aanlyn debat....91
Grafiek 6.2: *Kerkbode* se Facebook debat....92
Grafiek 6.3: NG Kerk se Facebook debat....97
Grafiek 6.4: NG Kerk se Facebook - politiese gesprekke....99
Grafiek 6.5: www.teo.co.za debat....100
Tabel 4.1: Aantal kommentaarplasings op Kerkbode-aanlyn....63

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1 – Inleiding

1.1 Motivering vir die studie

As joernalis by die Nederduits-Gereformeerde Kerk (NG Kerk) se amptelike koerant, *Kerkbode*, het dit my opgeval dat debatte oor kerk- en geloofsake nie nét in hierdie koerant gevoer word nie, maar dikwels op die internet. Dit was my indruk dat mense meer vrymoedigheid het om hul mening uit te spreek op aanlynforums as in persoon of in tradisionele media, soos *Kerkbode* – veral wat geloofsake betref. Dít het my laat wonder of lidmate en nie-lidmate meer geredelik deelneem aan ŉ aanlyndebat as ŉ debat wat op tradisionele mediaplatforms gevoer word. Indien wel, ontstaan die vraag vervolgens of faktore soos klaarblyklik meer en makliker toegang tot, en minder regulering van die internet dalk ŉ rol by die gedrag van gebruikers speel. Tesame met hierdie vraag was daar veral drie gebeure rondom *Kerkbode* se aanlynplatforms wat laat blyk het dat die vlak van regulering van die aanlyndebat sowel as die aard van die NG Kerk se aanlynstem van belang kan wees in die daarstelling van ŉ aktiewe publieke sfeer, in die sin wat Habermas (1989) die konsep gebruik (meer hieroor in 1.2.1. onder).

Die eerste geval was ŉ webwerf genaamd *Kletskerk* wat aanvanklik onder die vaandel van *Kerkbode* gestig is. Hierdie webwerf is later deur NG Kerkleiers aangesê om onafhanklik van die NG Kerk bedryf te word, aangesien die kommentaar wat daarop gepubliseer is as godslasterlik beskou is (Jackson, 2010). Die tweede gebeurtenis was tydens die Algemene Sinode van 2011, toe die NG Kerk sosiale media ingespan het om regstreeks oor gebeure binne die Sinode verslag te doen. Die woorde "NGKerk" en "Belhar" was in dié tydperk van die mees gebruikte woorde op Twitter in Suid-Afrika (Oosthuizen, 2011). Die derde geval is *Kerkbode* se Facebookgroep, wat sedert die stigting daarvan vroeg in 2010 baie kommentaar uitlok en lewendige debat fasiliteer (www.facebook.com/kerkbode).

In my werk het ek ook kennis gemaak met die NG Kerk se bemoeienis met die nuwe media. Elke streeksinode het ŉ elektroniese nuusbrief, die NG Kerk het sy eie webwerf en Facebookgroep en Teologiese fakulteite het blogs en webwerwe. Baie NG gemeentes het hul eie webwerwe, *Kerkbode* het ŉ sterk elektroniese komponent en oor die algemeen het ek ondervind dat teoloë sterk steun op nuwe tegnologie – hetsy om inligting te verskaf of om ŉ platform vir debat daar te stel.

Die genoemde drie gebeure en die NG Kerk se bemoeienis met die nuwe media het as basis gedien vir die motivering van hierdie studie. Ek was nuuskierig om uit te vind of die NG Kerkmedia hierdie platforms effektief aanwend om ŉ publieke sfeer te skep waar mense vry kan deelneem aan debatte oor geloof- en kerksake, maar ook van openbare belang. Ek het ook gewonder of regulering van die inhoud van webwerwe dalk die skep van ŉ publieke sfeer kan kniehalter.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.2 Navorsingsprobleem

Volgens Smit (2008:26) funksioneer die moderne samelewing binne vier basiese terreine: die staat en politiek; ekonomie; die burgerlike samelewing; en openbare mening, waarvan die massamedia ŉ groot deel uitmaak. Hy meen dat veranderings op een terrein implikasies inhou vir elke ander terrein. Die burgerlike samelewing en die terrein van openbare mening het veranderinge ondergaan soos wat die politieke en ekonomiese landskap in Suid-Afrika verander het. Die kerk as instansie maak deel uit van die burgerlike samelewing, terwyl die terrein van openbare mening die media in al sy komplekse hedendaagse vorme insluit (Smit, 2008:26). Die NG Kerk se media maak ook deel uit van die openbare meningsterrein.

Die NG Kerk se rol in Suid-Afrika het oor die afgelope dekades verander, veral wat betref sy verhouding met die staat[1] (Du Toit, 2011a). Daarmee saam het die NG Kerk se media ŉ belangrike rol gespeel in die proses van verandering waaraan die NG Kerk onderwerp is. Du Toit (2011a) het gevind dat *Kerkbode* ŉ noodsaaklike rol vervul het in die herskepping van die NG Kerk se identiteit. Die NG Kerk se identiteitsverandering behels onder meer "ŉ meer akkommoderende, verdraagsame aanslag, ŉ groter aarseling om oor alles en nog wat sterk en 'finale' uitsprake te maak" (Gaum, 2010:101). Steyn (2005:550) het gevind dat faktore soos die "postmoderne" tydgees, outonome gemeentes, verstedeliking, sosiale behoeftes wat al groter raak en die kerk se persepsie oor God, belydenisskrifte en ander kwessies, bydra tot die "mutasie" van die NG Kerk se identiteit. "[Die NG Kerk] lyk nie meer oral dieselfde nie en beleef ŉ diversiteit van menings op verskillende terreine oor kernsake wat hom naby aan die hart lê," verklaar Steyn (2005:556).

Gaum (2011) meen *Kerkbode* het op verskillende maniere probeer om by die nuwe omstandighede ná 1994 aan te pas en werklik ŉ eietydse kerkkoerant te wees – ook wat betref die moontlikhede wat elektroniese media bied. Anders as tradisionele media bied internet-platforms byvoorbeeld nuwe moontlikhede vir publikasie en deelname deur lidmate.

Vandag is die kerk deel van ŉ samelewing waarin die media ŉ beduidende rol speel. Volgens Habermas (1989) is die media die bemiddelaar tussen formele besluitvorming, soos deur die staat, en informele besluitvorming, soos deur gesprekke tussen individue. Daar is egter altyd ŉ stryd tussen verskeie rolspelers – soos politieke partye, openbare belangegroepe en kerke – om die media te beïnvloed (Habermas, 1989). Die NG Kerk se media, as deel van die kerk maar tot ŉ mate ook van die massamedia, word dus deur verskillende rolspelers beïnvloed. Die vraag ontstaan dus hoe hierdie verskillende rolspelers die rol en funksionering van die NG Kerk se aanlyn-media beïnvloed. Kan die NG Kerk se aanlyn-media as relatief oop en vry publieke sfeer in die samelewing funksioneer?

1.3 Sentrale konsepte en werkdefinisies

1.3.1 Habermas en die publieke sfeer

Met die term "publieke sfeer" verwys Habermas (2008:102) na ŉ terrein van die sosiale lewe waar ŉ proses kan begin om openbare mening te vorm. Die ideale omstandighede vir só ŉ sfeer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sou wees wanneer daar vryheid van spraak is, en ook vryheid van ekonomiese of politieke invloede (Habermas, 2008:102). Hierdie idee het gespruit uit die 18de eeu se Europese koffiehuise waar openbare debat gevoer is. Habermas (2008:103) meen dat die proses van openbare mening slegs deur rasionele debat kan gebeur. Maar godsdiens, volgens Habermas (soos aangehaal deur Enns, 2007:878) sluit rasionaliteit uit omdat godsdienstige aannames van openbaringe gebruik maak wat die moontlikheid van rasionele diskoers uitsluit en buite enige logiese argumentasie staan.

Alhoewel Habermas se siening teenoor godsdiens se rol in die publieke sfeer versag het (sien Habermas, 2006), hou hy steeds vol dat rasionaliteit ŉ voorwaarde vir gesprek binne die publieke sfeer is, en dat konsensus moet berus op goeie rede (Habermas, 2006:5). Daar is egter denkers wat meen dat rasionaliteit nie noodwendig ŉ voorwaarde vir ŉ lewenskragtige publieke sfeer hoef te wees nie. Mouffe (2002:58) meen dat die doel van die publieke sfeer nie is om rasionele konsensus te bereik nie, maar dat dit eerder ŉ spasie moet wees waar vyandigheid binne ŉ gemeenskap opgelos word. Dit word gedoen deurdat mense wat nie saamstem oor ŉ saak nie, die kans kry om wel hulle stem te laat hoor – die legitimiteit van daardie persoon se reg om ŉ sekere standpunt te huldig, word erken, alhoewel daar radikaal van dié standpunt verskil kan word. Volgens Mouffe (2002:58) is konsensus belangrik, maar dit is juis die inkorporering en moderering van spanning wat verskillende uitkyke op ŉ saak skep, wat bydra tot die skep van ŉ ideale publieke sfeer.

Volgens Duvenage (2010:331) is daar veral drie kriteria waaraan die ideale publieke sfeer moet voldoen:

- Status speel nie ŉ rol nie, en daar is vryheid van ekonomiese of politieke invloede.
- Rasionele redenasie is die alleen-arbiter tydens ŉ meningsverskil, en enige saak is oop vir kritiek.
- Enige lid van die publiek kan aan die publieke sfeer deelneem op ŉ onafhanklike, kritiese wyse.

Die vrug van die publieke sfeer is wat Habermas oorwoë openbare mening *(considered public opinion)* noem. Hierdie openbare mening vorm die raamwerk vir besluite wat burgers as geldig beskou (Duvenage, 2010:344). Die media word gesien as die primêre instansie van die publieke sfeer. Dit speel ŉ essensiële rol in die daarstelling van ŉ publieke sfeer waar openbare mening gevorm word, alhoewel kritici meen dié rol word deur kommersiële oorwegings gekniehalter (Duvenage, 2010:333). Die publieke sfeer kan slegs bestaan mits dit vry is van enige kommersiële of politieke mag – diskoerse moet gaan oor die openbare belang en nie gedryf word deur geld of administratiewe magte nie (Dahlberg, 2001).

1.3.2 Die nuwe media en die publieke sfeer

Ten spyte van kritiek dat die media nou eerder deur ŉ verbruikerskultuur oorheers word, is daar tog hoop dat die nuwe media, soos die internet, ŉ ideale bemiddelingsrol kan vervul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(McQuail, 2010:151). Dahlgren (2005:155) beskryf hoe die internet kan bydra tot die publieke sfeer: Die internet verbeter ŉ direkte verhouding tussen die regering en burgers; dit skep platforms en kanale vir kampvegters en aktiviste; en dit is ŉ draer van burgerlike forums vir debat en diskoers.

1.3.3 Teologie in die publieke sfeer

Kerke en ander godsdienstige stemme in die publieke sfeer help om noodsaaklike demokratiese funksies te vervul deur sake namens minderheidsgroepe te bepleit en deelname in die samelewing en gesprekke daarbinne aan te moedig (Boettcher & Harmon, 2009:5). Hierdie gesprekke dra by tot politieke besluitneming (ibid.).

Publieke teologie word binne die publieke sfeer bedryf. Dit is ŉ term wat deur verskeie teoloë op verskillende maniere gedefinieer word. Benne (1995:4) meen publieke teologie is ŉ lewendige, godsdienstige tradisie se omgang met ŉ openbare omgewing, naamlik die ekonomiese, politieke en kulturele sfere van die alledaagse lewe.

Kelly (2011:172) spreek sy kommer uit dat publieke teologie ly onder die media se strewe na winsbejag en doelwit om gehore aan adverteerders te verkoop. Hy meen dat die plek wat die publieke teologie voorheen in die publieke sfeer gehad het, nou deur ander stemme vervang word wat hoofsaaklik daarop uit is om te vermaak.

Volgens rolspelers in die kerk is dit belangrik vir die NG Kerk om deel te neem aan die openbare gesprek, omdat die kerk waardes voorstaan wat tot voordeel van almal is – geregtigheid, gelykheid en respek vir ander (Smit, 2008:16). Indien die kerk ŉ publieke sfeer kan skep, word openbare opinie gevorm. Dit skep ŉ raamwerk vir besluitnemers om besluite te neem wat voordelig is vir die burgers van Suid-Afrika. Daardeur verbind die kerk Suid-Afrikaners tot grondwetlike lojaliteit – die lojaliteit teenoor menswaardigheid en respek (Smit, 2008:16). Dan begin die kerk ook publieke teologie in die ware sin van die woord beoefen (Kim, 2011:viii).

Dit is egter so dat daar nie konsensus binne kerkkringe is oor wat die rol van teologie in die publiek moet wees nie. Volgens Smit (2008:31) is dit mense se siening oor die publieke lewe wat bepaal hoe hulle die rol van publieke teologie sal sien, en in praktyk neem publieke teologie uiteindelik "uiteenlopende gestaltes" aan. In ŉ pluralistiese samelewing stem burgers, wat Christene en nie-Christene insluit, ook nie saam oor wat die algemene belang (*common good*) vir die samelewing is nie (Hollenbach, 2003:3). Die vraag is dus tot watter mate die NG Kerk publieke teologie beoefen om die saak van die publieke sfeer te dien, en/of dié kerk eerder sy eie saak probeer bevorder. Of anders verwoord, dien die kerk slegs sy eie geloofsgemeenskap, of probeer hy om ook ŉ rol binne die openbare lewe te speel? Dit is juis op sy rol in die openbare lewe, oftewel in die bydrae wat die NG Kerk tot die publieke sfeer maak, waarop hierdie studie fokus.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4 Fokus

Die internet kan bydra tot die vorming van ŉ publieke sfeer, maar McQuail (2010:180) meen dat slegs wanneer die media oop, vry en divers is, dit beskou kan word as ŉ belangrike skepper van ŉ publieke sfeer. Regulering van diskoerse op die internet kan hierdie medium se potensiaal om ŉ publieke sfeer te skep, inperk. Hierdie studie stel dan ook ondersoek in na die rol wat regulering op die NG Kerk se webwerwe speel in die daarstelling van ŉ deelnemende publieke sfeer.

Die nuwe media het groter potensiaal as die tradisionele massamedia om ŉ deelnemende publieke sfeer te skep (McQuail, 2010:138). Volgens McQuail lê daardie potensiaal veral op drie vlakke waar die internet en tradisionele massamedia van mekaar verskil. Eerstens is die internet nie net gemoeid met die skep en versprei van boodskappe, soos die tradisionele massamedia nie, maar ook gemoeid met die prosessering, uitruil en bewaring van boodskappe. Tweedens word die internet gebruik vir private sowel as publieke kommunikasie, en dit word dan ook sodanig gereguleer, al dan nie. Laastens is die bestuur daarvan nie tipies professioneel en burokraties op dieselfde vlak as wat dit in die tradisionele massamedia geskied nie. Hierdie eienskappe dra daartoe by dat die internet ŉ plek kan wees waar die ideale publieke sfeer gevorm kan word.

Webwerwe wat onder die NG Kerk se media val, word in die volgende paragrawe afgebaken. Die konteks waarin sommige van hierdie webwerwe ontwikkel, is dikwels binne die tradisionele media.

Die NG Kerk se amptelike gedrukte medium is *Kerkbode*, ŉ koerant wat twee maal per maand gepubliseer word. As amptelike koerant van die NG Kerk, speel *Kerkbode* ŉ sentrale rol in die NG Kerk se poging tot die daarstelling van ŉ publieke sfeer. Hierdie koerant moes aanpas soos wat die NG Kerk se rol in die samelewing verander het. Gaum (2010:95) verduidelik dat *Kerkbode* deur vyf fases[2] tot op hede gegaan het. Sedert 2005 het dit ŉ fase bereik waar die blad "oor talle omstrede sake … weg gehou [het] van 'finale antwoorde', en daarmee het die blad ook aansluiting gevind by ŉ ander benadering as voorheen in groot dele van die kerk" (Gaum, 2010:101). In hierdie tyd het die nuusredakteur, Jean Oosthuizen, ŉ webblad genaamd *Kletskerk* begin en "daardeur met baie kerklosse en kerklose mense – nié jou deursneelesers van *Kerkbode* nie! – kontak gemaak" (Gaum, 2010:101). Die webwerf is egter beskuldig van die publisering van godslasterlike kommentaar, en bande tussen die NG Kerk en dié webwerf is verbreek. Dit word nou in privaat-hoedanigheid bestuur (Jackson, 2010).

Kerkbode het op 20 April 2012 sy webwerf opgegradeer na ŉ volwaardige nuuswebwerf "wat met dié van enige ander moderne koerant vergelyk kan word" (Oosthuizen, 2012a). Die koerant kan ook in elektroniese formaat gekoop en afgelaai word. Enige internetgebruiker kan kommentaar op die gepubliseerde artikels op *Kerkbode* se webwerf plaas. Daar is ŉ skakel na *Kerkbode* se Facebookblad. Facebookgebruikers gebruik dié groep dikwels om kommentaar te lewer oor verskeie onderwerpe. Die Facebookblad word hoofsaaklik deur *Kerkbode* se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nuusredakteur bedryf. *Kerkbode* se redakteur en ŉ direksielid van Bybel-Media is ook administrateurs van dié Facebookgroep (Oosthuizen, 2012b). *Kerkbode* word gepubliseer deur Tydskriftemaatskappy, ŉ afdeling van Bybel-Media. Bybel-Media is ŉ nie-winsgewende organisasie, en word deur ŉ direksie bestuur.

In Mei 2012 het *Kerkbode* ŉ amptelike etiese kode vir die gebruik van sy Facebookgroep opgestel en op sy Facebookblad gepubliseer. Hierdie kode dien as raamwerk waarbinne gebruikers aan gesprekke kan deelneem. Dit word volledig bespreek in Hoofstuk 5, waar die regulering van inhoud op die NG Kerk se webwerwe aan die bod kom.

Benewens *Kerkbode* se teenwoordigheid op die internet, het die NG Kerk self ook ŉ amptelike webblad en ŉ Facebookgroep. Die doel van die NG Kerk se webblad is volgens Du Toit (2011b) "om inligting oor die werk van die Here deur die NG Kerk bekend te stel, mense daarby betrokke te maak, inligting te verskaf en ook geleentheid te gee vir interaktiewe betrokkenheid". Hierdie webwerf word deur die NG Kerk se Taakspan vir Elektroniese kommunikasie bestuur. Onderhoude met die redakteur van die webblad verskaf inligting oor die struktuur en intensie van die webwerf asook die praktyk van regulering daarop. Hierdie bevindinge word onderskeidelik in Hoofstuk 4 en 5 bespreek.

Ander webwerwe wat met die NG Kerk geaffilieer word, is webwerwe van die Teologiese fakulteite van die drie universiteite in Pretoria, Stellenbosch en Bloemfontein. Daar is ook webwerwe wat geskep is om ŉ platform vir bestaande netwerke van predikante te skep, naamlik *Communitas* en *Excelsus*. Al die genoemde webwerwe, behalwe die Teologiese fakulteit van Bloemfontein, het ruimte waar kommentaar op geplaasde artikels gelewer kan word. Hierdie studie fokus egter slegs op die Teologiese fakulteite se webwerwe, aangesien hierdie opvoedings-instansies nou bande het met die NG Kerk (Jaarboek van die NG Kerk, 2012). Volgens betrokkenes is die regulering van ŉ aanlyn-diskoers ŉ groot tameletjie binne die NG Kerk, omdat dit in só ŉ mate gereguleer moet word sodat dit nie debat onderdruk nie (Du Toit, 2011b; Brand, 2011; De Villiers, 2011).

Opsommenderwys val die volgende webwerwe dus binne die fokus-area van hierdie studie:

- Kerkbode-aanlyn (www.kerkbode.co.za)
- *Kerkbode* se Facebookgroep (www.facebook.com/kerkbode)
- NG Kerk-aanlyn (www.ngkerk.org.za)
- NG Kerk se Facebookgroep (www.facebook.com/ngkerk)
- Teologiese fakulteit van Universiteit van Pretoria (www.teo.co.za)
- Teologiese fakulteit van Universiteit van Stellenbosch (www.soliustitiae.co.za)
- Teologiese fakulteit van Universiteit van die Vrystaat (http://theology.ufs.ac.za/default.aspx)

Die klem val egter hoofsaaklik op Kerkbode-aanlyn en NG Kerk-aanlyn, aangesien hierdie twee webwerwe die sterkste met die NG Kerk geaffilieer is. Om te bepaal of die NG Kerk wel publieke teologie bedryf – soos wat Fiorenza (1992:5) dit beskryf as enige teologie wat deur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dialoog met baie stemme en ŉ diverse gemeenskap in die samelewing geskied – sal ŉ analise van die webwerwe en die inhoud van die aanlyndiskoers op genoemde webwerwe gedoen word. Onderhoude word ook met sommige webredakteurs gevoer en vraelyste aan ander webredakteurs en lede van die kerkbestuur gestuur.

Hierdie studie fokus dus op die media van die NG Kerk – spesifiek die elektroniese media – en hoe die rol en regulering van die diskoerse wat daarop plaasvind, bydra tot die daarstelling van ŉ publieke sfeer.

1.5 Literatuuroorsig

ŉ Soektog op die Universiteit Stellenbosch se biblioteek-katalogus en die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se Nexus-databasis het getoon dat geen akademiese navorsing nog oor die NG Kerk se media of dié kerk se webwerwe se rol in die daarstelling van ŉ publieke sfeer gedoen is nie. Daar is wel verskeie studies wat handel oor publieke teologie en die media; godsdiens en die internet; en die kerk en media. ŉ Oorsig oor en bespreking van dié literatuur verskyn in Hoofstuk 2. Vervolgens word van die hoof-temas opsommenderwys bekend gestel.

1.5.1 Teologie en die publieke sfeer

Höhne (2012) meen dat publieke teologie binne die massamedia nog nie in detail ondersoek is nie. Verskeie outeurs en teoloë het wel al besin oor publieke teologie, en die rol daarvan in die publieke sfeer (sien byvoorbeeld Smit, 2008; Benne, 1995; Enns, 2007; Lafont, 2007; Dreyer & Pieterse, 2010 en Boettcher & Harmon, 2009).

Dreyer en Pieterse (2010) skryf oor Habermas se nuutste idees oor die publieke sfeer en wat teoloë daaruit kan leer. Dié studie belig veral die rol wat die NG Kerk in die skep van ŉ publieke sfeer kan speel. Dreyer en Pieterse (2010) meen dat Habermas se idees rondom die rol van godsdiens in die publieke sfeer, die afgelope jare verander het.

Voorheen het Habermas gemeen dat godsdiens nie ŉ plek in die publieke sfeer het nie (sien 1.2.1), omdat die Westerse samelewing algaande gesekulariseer word. Volgens Habermas sou godsdiens verdwyn uit die publieke sfeer as gevolg van die rasionalisering van die moderne samelewing – die toedoen van sekularisering (Dreyer & Pieterse, 2010). Ander filosowe en sosioloë, soos Durkheim, Marx en Weber, het ook aangeneem dat sekularisering die belangrikheid van godsdienstige oortuigings en gebruike sal laat vervaag (Boettcher & Harmon, 2009:6). Die geweldige groei in godsdienstige pluralisme en die diverse en komplekse godsdienstige landskap kan egter nie meer ten volle deur die 19de eeu se sosiale teorie beskryf word nie (Boettcher & Harmon, 2009:6). Dit is juis Habermas se gebrek om pluralisme te erken, en veral die feit dat sy idees binne ŉ streng rasionele raamwerk gegiet is, wat kritici skepties maak oor sy siening van godsdiens in die publieke sfeer (Dreyer & Pieterse, 2010). Dan is daar ook dié wat tog meen dat die Christelike godsdiens rasionele gronde het, en juis daarom kan mense wat die Christelike geloof aanhang aan die publieke sfeer deelneem. Stackhouse (1987:xi) meen:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> that which we as Christians believe is not esoteric, privileged, irrational, or inaccessible. It is something that we believe to be both comprehensible and indispensable for all.

Habermas se nuwe blik op godsdiens se rol in die publieke sfeer, volgens Dreyer en Pieterse (2010), fokus hoofsaaklik op godsdiens se kognitiewe potensiaal en die bydrae wat dit tot demokrasie en ŉ burgerlike demokratiese etos kan maak – dus op godsdiens se politieke rol. Maar Habermas wyk nie af van sy aanvanklike vereiste wat hy as maatstaf vir die publieke sfeer voorhou nie, naamlik konsensus gebaseer op rasionaliteit (Enns, 2007:883). Soos vroeër in 1.2.1. genoem is, beskou hierdie studie – met verwysing na die werk van Mouffe en ander – rasionaliteit egter nie as ŉ primêre voorvereiste om ŉ publieke sfeer te skep nie.

1.5.2 Godsdiens en die internet

Talle studies oor godsdiens op die internet is sedert die ontstaan van die internet, en veral gedurende die 1990's gedoen (Campbell, 2006:3), maar hoofsaaklik in ŉ Amerikaanse konteks.

Min navorsing is al gedoen oor die kerk se gebruik van sosiale media. ŉ Nederlandse studie, *Twitterende dominees – geloven in sociale media*, het byvoorbeeld die impak van sosiale media op predikante se werk ondersoek (Martinus, 2011). Die studie het bevind dat die meeste predikante wat Twitter gebruik, die demokratiserende rol daarvan verwelkom. Hulle meen dat dié vorm van kommunikasie ŉ manier is waarop predikante nie net godsdiens van "bo" af kommunikeer nie, maar tussen die mense staan en horisontaal kommunikeer. Die studie het gevind dat meeste predikante egter net met ander predikante skakel. Die groep predikante wat nié so baie in die demokratiserende rol van Twitter belangstel nie, gebruik hierdie platform om te evangeliseer.

Campbell (2006) se studie in Amerika oor godsdiens en die internet het ondersoek ingestel na hoe verskillende godsdienste die internet gebruik, wat die mees algemene godsdienstige aktiwiteite op die internet is, en die verskillende benaderings en perspektiewe wat gevolg is om godsdiens op die internet te bestudeer. Sy lig ook in hierdie studie uit, na ŉ dekade van ondersoek in dié veld, wat die algemene temas is waarop godsdiens op die internet fokus. Hierdie temas sluit in, die soek van godsdienstige inligting, aanbidding in kuberkerke, aanlyn-aanbidding/rituele, aanlynsendingwerk en aanlyn- godsdienstige gemeenskappe.

Met die draai van die eeu, het Christopher Helland (2002:294) ŉ belangrike onderskeid tussen aanlyngodsdiens en godsdiens aanlyn getref. Met laasgenoemde verwys hy na bestaande godsdienstige instellings, soos die NG Kerk, wat inligting aan hulle lidmate deur middel van die internet verskaf. Aanlyngodsdiens verwys na ŉ subjektiewe sameflansing van godsdienstige oortuigings deur mense wat ŉ soeke het na godsdienstige antwoorde of ervaringe. Verder wil hierdie studie ŉ derde onderskeid van godsdienstige gebruik van die internet maak, naamlik intergodsdienstige gesprekke tussen gelowiges van dieselfde godsdiens, gelowiges van verskillende godsdienste, en tussen nie-gelowiges en gelowiges. Op die oog af blyk dit dat die NG Kerk godsdiens aanlyn beoefen. Maar met die skep van ŉ Facebookgroep is dit nou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moontlik vir gebruikers en lidmate om tesame met die NG Kerk se inligtingverskaffing, aanlyngodsdiens te beoefen, wat kan bydra tot die publieke teologie. Of daar intergodsdienstige gesprekke wat die publieke sfeer kan bevorder op dié Facebookgroepe plaasvind, moet ondersoek word.

In 2.4.2. word in meer detail bespreek hoe mense die internet vir godsdienstige gebruike inspan, veral om publieke teologie te bedryf.

1.5.3 Regulering van diskoerse op die internet

Die internet word nie formeel gereguleer nie, en die uitdaging om ŉ reguleringsmodel te vind wat nie die internet as demokratiese forum inperk nie, is groot (Fourie, 2010:404). Regerings probeer toenemend toegang tot die internet reguleer, terwyl internetdiensverskaffers ŉ essensiële rol speel in regerings se strategieë om die internet te reguleer (Palfrey, 2010:991). In Amerika veral is daar groot debatte oor hoe die internet gereguleer moet word, en Palfrey meen sedert 2010 het internetregulering ŉ fase binnegegaan waar teenstand teen regerings se reguleringstrategieë opgevlam het. Palfrey (2010:991) skryf:

> The key notion behind this new phase is that there is, and will be more, pushback against some of these controls. [...] There is a growing political debate about the way in which these regulations are carried out by states around the world.

Die grootste rede vir hierdie teenstand, meen Palfrey (2010:991), is die feit dat aanlyn-aktiwiteite toenemend die middelpunt van die alledaagse lewe raak.

Die manier waarop die internet gereguleer word, het ook implikasies vir hoe godsdiens op die internet beoefen word. Asamoah-Gyadu (2007:235) meen dat die nuwe media geleentheid bied om godsdienstige idees te versprei sonder sensuur. White (2007:14) noem dat internetgebruik onder godsdienstiges vir dié gebruikers vryheid gee om op hul eie interne motiverings te reageer. Hy meen dat godsdienstige soeke nog altyd uit interne motiverings gespruit het, maar dat talle mense al meer in sosio-ekonomiese en politieke vryheid leef, en minder institusionele perke het waaraan hulle hul steur. Volgens White (2007:14) is aanlyngodsdiens oop om gedefinieer te word na gelang van ŉ gebruiker se behoefte.

Die nuwe definiëring van godsdiens impliseer ŉ verandering in hoe teologie bedryf word, en het dus ook implikasies vir die rol van godsdiens in die openbare lewe. Horsfield en Teusner (2007:289) sê:

> [T]he Internet as we see it now may be seen as a challenge to the institutional structure of information distribution in our society, or even a revolutionary act.

Uit die bevindinge van hierdie outeurs kan gesien word dat daar twee tendense is: aan die een kant is daar ŉ moontlike uitbeweeg oor grense heen, en aan die ander kant die moontlikheid van isolering binne ŉ eendersdenkende kring. Ook binne die NG Kerk begin die internet geleenthede skep om te verander hoe godsdiens bemiddel word, en hoe dit beoefen word. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

NG Kerk sal dus moet kies hoe hy regulering toepas – kies hy om regulering só aan te wend dat ŉ oop gesprek kan plaasvind of geskied regulering op só ŉ manier dat slegs eendersdenkendes deel van die gesprek mag wees. Regulering van die internet word meer breedvoerig in Hoofstuk 2 bespreek.

1.6 Teoretiese vertrekpunte

Die studie word vanuit ŉ krities-kulturele perspektief onderneem (Sien 2.1 vir ŉ bespreking van dié benadering). Uit hierdie hoek beskou, is die kerk deel van die burgerlike samelewing (Smit, 2008:26), en so ook die media wat bydra tot die vorming van die samelewing (McQuail, 2010:81). Die media is egter nie net deel van die samelewingstruktuur nie, maar volgens die krities-kulturele perspektief is die media deel van die eietydse kultuur (Fourie, 2010:142), en versprei dit kulturele betekenis (McQuail, 2010:80). Die kerkmedia van die NG Kerk bevind hom dus op die kruispunt van twee invloedryke burgerlike instansies – die kerk en die media – wat ŉ integrale deel van die eietydse samelewing en kultuur is.

Die vertolking en samestelling van kulturele betekenis is ŉ onlosmaaklike deel van die samelewingstruktuur, daarom neem ŉ krities-kulturele perspektief sosiale, historiese, kulturele en ekonomiese kontekste in ag (Fourie, 2010:276). Die media bevind hom in ŉ era waar tegnologiese ontwikkeling ŉ fondasie vorm vir die fenomeen van globalisering. Hierdie verskynsel het ŉ effek op die ekonomiese, politieke, tegnologiese en kulturele sfere van die samelewing (Fourie, 2010:357).

Globalisering wek kommer dat dit kulturele diversiteit en identiteit kan verswelg in een globale kultuur wat hoofsaaklik Amerikaans is (McQuail, 2010:114). Tog het globalisering, volgens ander kenners ook ŉ teenwerkende invloed waar dit tot die opbloei van plaaslike kulturele identiteit lei (Fourie, 2010:358). Tegnologiese ontwikkeling het ook meegebring dat mense hulle sosiale wêreld anders ervaar – kommunikasietegnologie is nou dikwels die bemiddelaar van kulturele ervaring wat vroeër deur persoonlike kontak, godsdienstige seremonies of openbare optrede versprei is. Hierdie kulturele ervaring is nou vir talle in verskillende vorms beskikbaar, en dit kan die oorspronklike betekenis en belangrikheid van hul kultuur wysig (Fourie, 2010:358).

Op politieke front het tegnologiese ontwikkeling die tipiese manier waarop massamedia georganiseer word, naamlik hiërargies, begin verander. Die nuwe media, veral die internet, word gesien as ŉ potensiële manier om die hiërargiese struktuur van massamedia omver te werp. Dit gee die geleentheid vir die verspreiding van inligting en idees; in teorie, amper onbeperkte toegang vir alle stemme; geleentheid vir gesprek tussen leiers en volgelinge; en dit alles sonder om deur outoritêre strukture onderdruk te word (McQuail, 2010:151). Die sogenaamde digitale kloof (digital divide) in Suid-Afrika is egter ŉ kompliserende faktor, omdat slegs ŉ klein gedeelte van Suid-Afrika se bevolking toegang tot die internet het (Bosch, 2010:267). Boonop word die bevolking steeds volgens nalatenskap van apartheid gestruktureer. Byvoorbeeld, van die 5,3 miljoen internetgebruikers in Suid-Afrika, is 63% wit (Muller, 2010).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die NG Kerk is tradisioneel ŉ kerk wat hoofsaaklik wit, Afrikaanssprekende lidmate het (Gaum, 2010:98). Dus kan afgelei word dat baie lidmate van hierdie kerk toegang tot die internet het. Volgens Castells (1997:351) is dit gewoonlik meer gegoede en geskoolde mense wat die internet gebruik.

Wat die ekonomie betref, meen die krities-kulturele teorie dat die klem binne die media op kommoditeite val. Kulturele produkte, in die vorm van beelde, idees en simbole, word deur die media vervaardig en as kommoditeite op die mediamark verkoop (McQuail, 2010:116). Deur die verkoop van kommoditeite, oftewel kommersialisering, hou die media kapitalisme as dominante ideologie in stand. Kommersialisering van die media het meegebring dat die media se hoofdoel nie meer is om ŉ openbare diens te lewer nie, maar dat die klem op die bemarkingswaarde en die populariteit van die media-inhoud val (Fourie, 2010:368). Die kultuur wat deur die massamedia versprei en regoor die wêreld verbruik word, word gekenmerk deur ŉ globale kultuur van nuutheid, mode, roem op alle vlakke, jeug en seks (McQuail, 2010:267). Populêre kerkmedia is klaarblyklik nie geïsoleer van hierdie tendense nie, geoordeel aan die voorbeeld van *Kerkbode*.

Kerkbode se aanbieding en styl het byvoorbeeld sedert Februarie 2003 verskeie veranderinge ondergaan. Die formaat en taal van *Kerkbode* is meer gemik daarop om nie net vir teoloë ŉ koerant te wees nie, maar "vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense" te wees – soos wat dit op die mashoof sê. Volgens Frits Gaum (2011), voormalige redakteur van *Kerkbode,* is hierdie veranderinge gemaak omdat die NG Kerk meer "oop" en verdraagsaam teenoor verskillende vorme van spiritualiteit geraak het, maar ŉ mens kan argumenteer dat die tydgees met meer klem op kommersialisering en vermaak ook ŉ rol gespeel het.

Dit is dus belangrik om die rol van die NG Kerk se media binne hierdie kontekste – die terreine van die politiek, ekonomie, burgerlike samelewing en die massamedia – in ag te neem. Voortvloeiend daaruit volg twee teoretiese aannames, wat gesetel is in die krities-kulturele perspektief:

> **1. Die eerste teoretiese aanname is dat die gebruik van nuwe media deur die NG Kerk kan meebring dat publieke teologie só bedryf word dat dit tot die skep van ŉ publieke sfeer bydra.**
>
> **2. Die tweede teoretiese aanname is dat ŉ publieke sfeer geskep kan word slegs indien vrye toegang tot internet-debatte op die NG Kerk se webwerwe moontlik is, en indien deelnemers toegelaat word om op ŉ kritiese wyse aan die debatte deel te neem.**

1.7 Probleemstelling

Die agtergrond van die konteks waarbinne die NG Kerk se webwerwe bedryf word, maak dit duidelik dat die internet die potensiaal het om ŉ lewendige publieke sfeer te kan skep. Die probleem is egter dat die doel van die NG Kerk, soos baie godsdienstige instansies, eerstens is om inligting oor die kerk te versprei (Du Toit, 2011b), maar die wyse waarop hierdie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inligtingsverspreiding bedryf word, is nie meer volledig in die hande van die NG Kerk nie. Webwerwe en sosiale media maak dit moontlik vir enigeen om sy/haar stem te laat hoor. Die nuwe media noop teoloë ook om publieke teologie op ŉ ander manier te bedryf – ŉ manier wat dalk nie strook met baie NG Kerk-teoloë se siening daarvan nie, of ŉ kerklike hiërargie in stand hou nie.

Die NG Kerk se media ervaar dus druk as gevolg van ontwikkelende tegnologie in die vorm van die internet – wat die potensiaal het om oop en toeganklik te wees – en sy posisie binne die kerk – wat dié potensiaal deur regulering kan inperk. Terselfdertyd is daar ook die spanning oor die ideale rol van die NG Kerk se media: Is dit om ŉ platform te skep vir publieke teologie of om bloot net ŉ spreekbuis te wees vir bestaande kerkdogma?

Die NG Kerk se media het geskuif van slegs tradisionele, gedrukte media na nuwe mediaplatforms soos webwerwe en sosiale netwerke. Deur die doelwitte van hierdie webwerwe te ondersoek, kan ŉ duidelike prentjie gekry word van hoe die NG Kerk sy eie stem in die media sien en hoe hierdie stem in die media aangewend word. Die manier hoe, en of publieke teologie bedryf word deur middel van die NG Kerk se media, sal ook ondersoek word.

Die feit dat die NG Kerk hom reeds van ŉ omstrede webwerf soos *Kletskerk* (sien 1.1. en 1.4.) gedistansieer het, dui daarop dat die NG Kerk nie altyd geneë is om enige inhoud op sy webwerwe toe te laat nie. Die regulering van inhoud op bestaande webwerwe van die kerk gaan ondersoek word om te sien of ŉ oop, lewenskragtige debat, waar kritiek ook welkom is, kan geskied. Enigiemand moet kan deelneem aan die debat en daarom is sosiale webwerwe ŉ ideale plek om ŉ publieke sfeer te skep. Die vraag ontstaan egter of lede van die publiek wel in groot getalle met die inhoud van die NG Kerk se webwerwe interaksie het, deur dit te lees en daarop kommentaar te lewer.

1.8 Navorsingsvrae

Die algemene navorsingsvraag van hierdie studie is:

Dra internetdiskoerse op die NG Kerk se webwerwe by tot die daarstelling van ŉ publieke sfeer?

Daar is drie spesifieke navorsingsvrae wat uit bogenoemde vraag spruit:

1. Hoe beïnvloed die NG Kerk se betrokkenheid by mediaplatforms, soos webwerwe en sosiale netwerke, sy verbintenis tot publieke teologie?
2. Wat is die vlak van regulering van die inhoud van die NG Kerk se webwerwe en hoe beïnvloed dit openbare deelname en debat?
3. Wat is die aard van die openbare interaksie op die NG Kerk se webwerwe?

1.9 Metodologie en benadering

Die studie volg ŉ kwalitatiewe benadering, maar het ook ŉ kwantitatiewe element. Volgens Du Plooy (2001:39-40) kan studies beide kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes gebruik om die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

betroubaarheid en geldigheid van observasies, analises en bevindinge te verhoog. Sy meen ook dat kommunikasie as ŉ komplekse, kreatiewe en ontwikkelende proses gesien moet word, asook ŉ fenomeen wat deur verskeie kontekste beïnvloed word (Du Plooy, 2001:40). Dit is juis die komplekse aard van kommunikasie wat talle navorsers laat saamstem dat kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe metodes belangrik is om ŉ fenomeen te verstaan (Wimmer & Dominick, 2006:50). Hierdie studie maak van vier metodes gebruik om data in te samel: semi-gestruktureerde onderhoude, vraelyste, sistematiese observasie en inhoudsanalise.

Om die genoemde navorsingsvrae te beantwoord, gaan die studie ŉ enkelsisteem-navorsingsontwerp volg. Die enkelsisteem waarop gefokus word, is al die webwerwe wat met die NG Kerk geaffilieer is, soos in 1.4 genoem. Volgens Du Plooy (2001:162) is ŉ enkelsisteem-navorsingsontwerp veral gepas wanneer ŉ evaluerende vraag gevra word. Die navorsingsvrae in hierdie studie wil bepaal in hoe ŉ mate ŉ lewendige publieke sfeer geskep word deur te evalueer in hoe ŉ mate:

- die NG Kerk die nuwe media se potensiaal ontgin om ŉ publieke sfeer te skep;
- regulering geskied; en
- interaksie van webgebruikers met web-inhoud geskied.

ŉ Evaluerende studie word gedoen deur kwalitatiewe inligting in te samel, en fokus op die ondersoek en beskrywing van huidige toestande, optredes en houdings (Du Plooy, 2001:162).

Om die vraag te beantwoord oor die rol wat die NG Kerk se aanlynmedia speel in die beoefening van publieke teologie, sal onderhoude met persone gevoer word wat betrokke is by die genoemde webwerwe. ŉ Inhoudsanalise van die webwerwe word ook gedoen om die struktuur en inhoud wat deur die redakteurs geskep is, te ondersoek. Dit word gedoen ten einde te bepaal hoe publieke teologie bevorder word, al dan nie. Volgens Du Plooy (2001:191) is inhoudsanalise veral gepas wanneer die frekwensie waarmee sekere simbole of temas in boodskappe voorkom, ondersoek wil word.

Om die vraag oor die aard en uitwerking van regulering te beantwoord, word onderhoude gevoer en ŉ vraelys met oop vrae opgestel wat aan redakteurs van webwerwe en kerkbestuurders via e-pos gestuur word. Daarby word ŉ sistematiese observasie van die inhoud van die webwerwe gedoen om die invloed wat regulering op interaksie het, te ondersoek.

Die doel van ŉ sistematiese observasie, wat in die kwantitatiewe navorsingsmetodiek gesetel is, is om operasionele definisies van konsepte so presies moontlik te formuleer sodat kommunikasie akkuraat en objektief gemeet kan word (Du Plooy, 2001:148).

ŉ Sistematiese observasie sal ook gedoen word om die vraag oor die gebruiker-interaksie met inhoud van webwerwe te beantwoord. Volgens Wimmer en Dominick (2006:62) moet die konstrukte wat as meetinstrument dien, logies verwant wees aan konsepte binne ŉ teoretiese raamwerk. Die operasionele definisies vir hierdie studie word uit die kriteria van ŉ ideale

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

publieke sfeer geformuleer. Hierdie definisies is kortliks in hierdie hoofstuk ingelui en word uitgebreid in Hoofstuk 3 bespreek.

In ŉ proefstudie is bevind dat gebruikers dikwels kommentaar lewer op die Facebookblad van *Kerkbode.* As gevolg van die tydsbeperking van hierdie studie, sal slegs ŉ steekproef van kommentaarplasings gemaak word. Volgens Du Plooy (2001:100) moet ŉ steekproef só gekies word dat dit die algehele groep data getrou reflekteer. Kommentaar wat tussen 23 Julie 2011 en 23 Julie 2012 geplaas is, is deel van die ondersoek. Die sistematiese observasie word dus oor ŉ tydperk van ŉ jaar gedoen, aangesien dit binne die praktiese tydsbeperking van die studie as voldoende periode beskou word om betroubare resultate op te lewer. ŉ Steekproef van 20% van kommentare wat tydens die tydperk gemaak word, word ondersoek. ŉ Eenvoudig ewekansige steekproef word getrek deur al die datums te nommer en ŉ tabel van lukrake nommers te gebruik.

Die navorsingsmetodologie word volledig in Hoofstuk 3 beskryf.

1.10 Struktuur van navorsing

Hierdie navorsingsverslag sal in sewe hoofstukke voorgehou word:

Hoofstuk 1: Inleiding

In hierdie hoofstuk is die agtergrond geskets waarin dié studie gedoen gaan word, asook die teoretiese vertrekpunte, navorsingsvrae en die metodologiese benadering wat die studie gaan volg.

Hoofstuk 2: Die publieke sfeer, publieke teologie, die nuwe media en regulering (Teoretiese raamwerk en literatuuroorsig)

Die teoretiese konsepte en temas wat sentraal tot hierdie studie staan, word in hierdie hoofstuk bespreek. Hierin word Habermas se idee van die publieke sfeer en die konsep van publieke teologie bespreek. Die hoofstuk bevat ook ŉ uitgebreide oorsig oor en bespreking van relevante literatuur wat reeds oor die onderwerp gedoen is en/of tot die inhoud van die studie bygedra het.

Hoofstuk 3: Metodologie

Hierdie hoofstuk bespreek die metodologiese benaderings wat gevolg gaan word om empiriese navorsing vir hierdie studie te doen. Kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe metodes gaan gebruik word om die een algemene en drie spesifieke navorsingsvrae te beantwoord.

Hoofstuk 4: Die NG Kerk se verbintenis tot publieke teologie op sy webwerwe

Hier word die NG Kerk se rol op die internet bespreek, deur te kyk in hoe ŉ mate publieke teologie op webwerwe bedryf word. Die bevindinge van die inhoudsanalise van die webwerwe, semi-gestruktureerde onderhoude en vraelyste word hier voorgehou en bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5: Die regulering van die NG Kerk se webwerwe

Bevindinge van die semi-gestruktureerde onderhoude met die webredakteurs van die NG Kerk se webwerwe en die vraelyste wat aan webredakteurs en kerkbestuurders via e-pos gestuur is oor die kwessie van regulering, word hier aangebied en bespreek.

Hoofstuk 6: Wat gebeur op die NG Kerk se webwerwe?

Bevindinge van die sistematiese observasie van die inhoud van die NG Kerk se webwerwe en sosiale mediablaaie word in hierdie hoofstuk voorgehou en bespreek.

Hoofstuk 7: Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk verskaf ŉ kort opsomming van voorafgaande hoofstukke, en sal bondige antwoorde op die algemene navorsingsvraag en die drie navorsingsvrae bied: Dra internetdiskoerse op die NG Kerk se webwerwe by tot die daarstelling van ŉ publieke sfeer?

1.11 Opsomming

Hierdie hoofstuk het uitgestip wat die motivering vir hierdie studie was, en het ook die agtergrond geskets van hoe die NG Kerk as deel van die samelewing verander het. Die fokus val op verandering in die kerkmedia, gedryf deur tegnologiese ontwikkeling, wat meebring dat die konsep van ŉ publieke sfeer moontlik ook nou anders daar uitsien. Daar is ook beskryf dat die nuwe media ŉ invloed het op hoe gelowiges godsdiens en publieke teologie bedryf – dit is algaande ŉ belewenis wat deur die media bemiddel word, asook ŉ saak wat deur die sosiale, ekonomiese en politieke konteks beïnvloed word.

Dieselfde media wat godsdiens bemiddel, het ook die potensiaal om ŉ publieke sfeer te skep. Publieke teologie neem deur middel van die media deel aan die publieke sfeer – oor sake wyer as net godsdienstige kwessies. In die publieke sfeer word ŉ raamwerk geskep vir die legitimiteit van besluite wat deur die regering en staat geneem word. Dit is dus belangrik vir die NG Kerk se media om ŉ publieke sfeer te skep – wat die politieke, sosiale en kulturele terrein betref.

Die agtergrond-oorsig het ook uitgewys dat die NG Kerk ŉ aanlynteenwoordigheid het en dat die internet as medium kan bydra om die ideale publieke sfeer te skep. Die vraag is egter of die NG Kerk die regte omgewing skep waarin ŉ lewendige publieke sfeer kan floreer.

Om hierdie vraag te beantwoord, word ŉ krities-kulturele benadering gevolg, en Habermas se teorie van die publieke sfeer (met enkele aanpassings) word as onderbou gebruik. Die eerste teoretiese aanname is dat die nuwe media die moontlikheid bied om ŉ lewendige publieke sfeer daar te stel. Die tweede teoretiese aanname is dat ŉ lewendige publieke sfeer deur oormatige regulering aan bande gelê kan word.

Die teoretiese benadering en literatuurstudie word in die volgende hoofstuk in meer detail bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2 – Publieke sfeer, publieke teologie en die internet

2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bespreek eerstens die teoretiese raamwerk van die studie – waarin Habermas se konsep van die publieke sfeer sentraal staan – binne ŉ krities-kulturele benadering tot mediastudies. Spesifieke fokus val op publieke teologie en hoe dit met die publieke sfeer skakel. As deel van ŉ uitgebreide literatuurstudie word godsdiens binne die aanlynwêreld van nader bekyk, en watter rol dit in die publieke sfeer kan speel. Die verband tussen die publieke sfeer en publieke teologie is hier ter sprake, asook die vraag hoe hierdie godsdienstige praktyke publieke teologie beïnvloed. Die hoofstuk word afgesluit met ŉ bespreking van die regulering van die internet.

Die alternatiewe of kritiese paradigma van mediastudies sluit benaderings soos kultuurstudies en kritiese politieke ekonomie in. Fourie (2010:274) som die posisie van kultuurstudies as volg op:

> Cultural studies investigate how all kinds of cultural practices construct our everyday lives and how the media (as carriers of culture) mould their subjects.

In samehang daarmee ondersoek kritiese politieke ekonomie die kommodifisering van kultuur, die media as kultuurskepper en -verspreider en die vraag hoe ideologie deur kultuur oorgedra word (McQuail, 2010:114). Die krities-kulturele benadering maak onder meer die aanname dat die media die ideologie van politieke en ekonomiese mag in stand hou ten koste van dié wat nie ŉ stem in die media het nie (McQuail, 2010:114). Dié benadering gebruik hoofsaaklik kwalitatiewe metodes, soos indiepte-analises van tekste en sosiale praktyke (McQuail, 2010:19).

Binne die teoretiese raamwerk van kultuurstudies word verskeie temas aangespreek wat in hierdie studie van belang is, soos tegnologiese verandering en die invloed van globalisasering op die kulturele inhoud van die burgerlike samelewing. Die kultuurstudies-benadering erken dat die impak van tegnologie potensiële gevolge kan hê vir die manier waarop ons ons sosiale wêreld en ons plek daarin verstaan. Volgens McQuail (2010:114) word kulturele ervaring nie meer hoofsaaklik deur persoonlike kontak, godsdienstige seremonies, publieke optrede of gedrukte teks bemiddel nie. Die nuwe media is nou die draer van kulturele ervaring; dit is vir byna almal op ŉ verskeidenheid van maniere toeganklik en juis daarom kan dit die betekenis en aard van die kulturele ervaring verander.

Krities politiek-ekonomiese teorie beskou die media nie as ŉ outonome instelling nie, maar as ŉ industrie wat die belange van een groep ten koste van ŉ ander bevorder. Hierdie benadering lê veral klem op die ekonomiese en politieke verhoudings binne die media-industrie, en hoe hierdie verhoudings belange en affiliasies vorm wat die aard en funksionering van die media beïnvloed (Fourie, 2010:135). Die krities politiek-ekonomiese uitkyk beskou die media as ondermynend tot Habermas se idee van ŉ ideale publieke sfeer, omdat die media

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dikwels swig onder politieke druk en kommersiële invloede, en sodoende die saak van demokrasie verloën (McNair & Hibberd in Fourie, 2010:139).

Kritici van die krities-kulturele benadering meen dat hierdie benadering ŉ te rigiede onderskeid maak tussen die oënskynlike magtelose massas en dié met mag; en dat dit dikwels onkundig is oor mediagebruikers se vermoë om krities en oordeelkundig te wees (Fourie, 2010:143). Kritiek op die krities-kulturele benadering sluit ook in dat die media se demokratiserende en inligtingsverspreidingsrol nie erken word nie (Fourie, 2010:143).

Smit (2008:26) maak die onderskeiding van vier basiese terreine binne die moderne samelewing: die staat en politiek; ekonomie; die burgerlike samelewing; en die terrein van openbare mening, wat grootliks uit die media bestaan. Die kerk maak ook deel uit van die burgerlike samelewing (Smit, 2008:26). Hier blyk dit dat die kerk, ŉ invloedryke instansie, en die media – ŉ magtige teenwoordigheid in elke terrein van die openbare lewe – die konteks is waarbinne die NG Kerk se media hom bevind. Die kerk bevind homself ook binne ŉ gemeenskap wat gekenmerk word deur "[g]lobalisering, die inligtingsontploffing en steeds verhogende toegang tot inligting (De Stadler, De Stadler, Du Plessis & Voster, 2009:iv).

Hierdie studie aanvaar dus dat magsverhoudings in die samelewing kompleks is en dat gebruikers van die media nie heeltemal magteloos en geïsoleer daarteenoor staan nie. Die media is ook nie ŉ homogene groepering wat mag in een rigting uitoefen nie, veral as die komplekse verhouding tussen die kerkmedia, die kerk en die burgerlike samelewing in ag geneem word. Die argument hier is gevolglik dat die krities-kulturele benadering van hierdie studie dié komplekse konteks in ag neem, en die kerkmedia bestudeer as deel van veelvuldige kulturele diskoerse wat dominante ideologieë, in die stryd om mag, handhaaf en/of uitdaag.

2.2 Die publieke sfeer

Jürgen Habermas, ŉ Duitse sosiaal-filosoof, het in die 1960's ŉ studie, *The Structural transformation of the public sphere* gepubliseer, wat ŉ groot impak sou hê op hoe akademici die samelewing beskou. Veral sy werk oor die publieke sfeer word tot vandag toe as ŉ gesaghebbende bydrae gesien.

2.2.1 Habermas se konsep

Volgens Habermas is die publieke sfeer ŉ sosiale ruimte waar individue bymekaar kom om debat te voer oor algemene beleid wat vir die publiek relevant is. Hierdie debat is ŉ publieke diskoers wat rasioneel en krities van aard is, maar ook vry van enigiemand wat sy/haar status of mag afdwing (Habermas, 1989:27).

Habermas se idee van die publieke sfeer spruit uit die 18de eeuse koffiehuise in Europa, waar gewone burgers bymekaargekom het om krities en op gelyke voet menings te wissel oor sake van gemeenskaplike belang (Habermas, 1989:27). Voorts sê Smit (2008:6) dat daar gepraat kan word van werklike wisselwerking tussen drie kragte binne die samelewing: die politiek, die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ekonomie en nou ook die kritiese openbare mening – dit wat gevorm word tydens die oop en kritiese gesprekke in die koffiehuise.

Volgens McQuail (2010:569) bestaan die publieke sfeer buite individue se privaatlewe of die agendas van instansies of organisasies. In hierdie spasie bestaan die moontlikheid om openbare debat te voer wat lei tot die vorming van openbare mening en uiteindelik uitloop op die vorming van politieke bewegings wat privaatbelange verantwoordbaar hou.

Openbare mening, wat die staat noop tot optrede, word dus gevorm deur ŉ publieke, rasionele debat wat berus op konsensus. Konsensus produseer wat Habermas oorwoë openbare mening *(considered public opinion)* noem. Mouffe (2002:56) som die doelstelling van ŉ demokratiese samelewing, gebaseer op Habermas se idee van die publieke sfeer, só op:

> The objective of a democratic society is, according to such a view, the creation of a rational consensus reached through appropriate deliberative procedures whose aim is to produce decisions which represent an impartial standpoint equally in the interests of all.

Volgens Smit (2008:7) is die middelklas van die samelewing waarin Habermas die idee van die publieke sfeer waargeneem het, doelbewus ingelig as ŉ teenkrag teen die staat en politiek se geheimhouding wat aan dié instellings mag besorg het. Die inligting het dan teweeggebring dat burgers inspraak op politieke en ekonomiese gebied het, as gevolg van die publieke sfeer waar publieke mening gevorm word "wat die legitimiteit van politieke optredes kan bevraagteken en kritiseer" (Smit, 2008:7).

Kritici meen egter dat die publieke sfeer wat in die koffiehuise ontstaan het, ondemokraties was omdat dit geen vroue ingesluit het nie, en ook nie persone van die laer klasse nie (Papacharissi, 2002:11). Nietemin is daar wye konsensus dat die publieke sfeer as konseptuele ruimte ŉ waardevolle bydrae tot sosiale teorie verteenwoordig.

ŉ Belangrike idee van die ideale publieke sfeer is dat enigiemand daaraan mag deelneem. Aanhangers van hierdie gedagte het veral die internet geoormerk as die ideale plek om ŉ moderne politieke publieke sfeer te skep (Bosch, 2010:268). Nuwe moontlikhede wat deur die elektroniese kommunikasie se interaktiewe aard geskep word, is onder meer die bemagtiging van gebruikers en die gesprek- en meningsvormingsgeleenthede wat dit bied (Smit, 2008:13). Hierdie moontlikhede verbeter die kwaliteit van openbare mening (Smit, 2008:13). Kritici van hierdie gedagte meen egter, in teendeel, dat die verval van rasionaliteit en egte openbare meningsvorming al méér opsigtelik word deur tegnologiese verandering wat meebring dat persoonlike aangesig-tot-aangesig kommunikasie nie meer die oorwegende manier van kommunikasie is nie (Smit, 2008:12). (In 2.4.1. word die nuwe media, en spesifiek die internet in meer detail bespreek.)

Waar Habermas (1989:53-54) die media aanvanklik as die ideale draer van kritiese, rasionele publieke diskoers gesien het, het hy opgemerk dat die massamedia as gevolg van burokratiese en ekonomiese belange veroorsaak het dat die publieke sfeer slegs ŉ skynbeeld geword het van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat dit vroeër was. (Sien 2.2.3. waar die media as publieke sfeer kortliks bespreek word.) Duvenage (2010:333) som die verandering wat Habermas beskryf, as volg op:

> Die publieke sfeer het verander van ŉ forum vir kritiese en rasionele debat na ŉ instrument van manipulasie van diskoers deur magtige burokratiese en ekonomiese belange.

Tog is Habermas se idee van ŉ publieke sfeer steeds waardevol, en meen kenners dat dit altyd ŉ ideaal is om na te streef in elke openbare debat wat gevoer word (Smit, 2008:13). Habermas se idee van die publieke sfeer as rasionele, kritiese, openbare debat waaraan enigiemand mag deelneem, en wat as teenkrag dien vir die staat en politiek se mag, word grootliks aanvaar in hierdie studie. Rasionaliteit word egter nie as primêre voorvereiste vir ŉ robuuste publieke sfeer gesien nie, aangesien dié konsep in teorie en praktyk problematies kan wees. Die volgende afdeling hou voor dat ŉ alternatief op hierdie vereiste van Habermas aanvaar moet word om die bruikbaarheid van die publieke sfeer as konsep vir die navorsing van internet-diskoerse van die NG Kerk te versterk.

2.2.2 Kenmerke van ŉ publieke sfeer

Dahlgren (2005:148-149) meen dat die publieke sfeer in ons "laatmoderne" samelewing nie as enkelvoud gesien kan word nie, maar dat dit in ŉ veelvoud van sfere bestaan. Volgens Poor (2005) is hierdie wysiging tot Habermas se publieke sfeer-teorie belangrik wat die internet betref, omdat daar miljoene internetgebruikers is. Poor (2005) meen:

> It is doubtful that a single public sphere could consist of millions of people and still function, since deliberation would be difficult. Allowing for multiple publics, with different interests, allows for smaller and thus workable, yet still global, public spheres through the Internet.

Dahlberg (2001) doen ŉ kritiese analise van kommunikasie op die internet en ondersoek die huidige kuberkultuur. Hy gebruik Habermas se teorie van die publieke sfeer en identifiseer ŉ stel omstandighede wat as maatstaf dien vir kommunikasie binne die ideale publieke sfeer. Volgens Habermas (in Dahlberg, 2001) maak elke deelnemer aan ŉ openbare gesprek op ŉ aantal voorveronderstellings staat, en dus ŉ stel normatiewe omstandighede wat uiteindelik die kriteria vir ŉ ideale publieke sfeer is. Deur die internetdiskoerse in praktyk teen hierdie normatiewe maatstawwe te meet, kan die kwaliteit van die publieke sfeer bepaal word.

Hierdie studie gebruik Dahlberg (2001) se ses maatstawwe as raamwerk om die diskoerse op die NG Kerk se webwerwe te ondersoek. Dit word ook gebruik om die literatuuroorsig, wat in 2.4. verskyn, te organiseer.

Dahlberg (2001) se ses maatstawwe is as volg:

- **Outonomie van die staat en ekonomiese mag** – diskoers moet oor die openbare belang gaan en nie deur geld en administratiewe mag gemotiveer word wat die ekonomie en staat dien nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Uitruil en kritisering van moreel-praktiese en geldige aansprake** – diskoers gaan oor die wedersydse kritisering van geldige aansprake. Indien redes verskaf word vir ŉ spesifieke stelling, is dit kritiseerbaar en dus geldig.
- **Nadenke** – deelnemers aan diskoerse moet hul waardes, aannames en belange krities binne die groter sosiale konteks kan ondersoek.
- **Ideale rol-aanneming** – deelnemers moet die perspektief van ŉ ander persoon se argument probeer verstaan. Dit is slegs moontlik indien ŉ voortdurende gesprek, waar deelnemers na mekaar luister, plaasvind.
- **Opregtheid** – enige inligting wat relevant tot die gesprek is, moet in opregtheid deur deelnemers bekendgemaak word. Dit sluit intensies, behoeftes en belange in.
- **Insluiting en gelykheid in gesprekke** – elke deelnemer wat deur die aansprake in die gesprek geraak word, moet aansprake kan maak of bevraagteken. Insluiting kan deur faktore buite (soos toegang tot die internet) en binne (deelnemers wat gesprekke oorheers) die diskoers beperk word.

Wat interaksie betref, bly die konsep van kommunikasie binne die publieke sfeer ŉ essensiële vereiste. Smit (2008:9) noem die vier aspekte wat teenwoordig moet wees om uiteindelik by oorwoë openbare mening uit te kom. Hierdie kommunikasievereistes stem ook gedeeltelik ooreen met die maatstawwe van Dahlberg (2001) wat hierbo genoem word. Eerstens moet kommunikasie verstaanbaar wees – duidelik en begryplik. Tweedens moet dit feitelik korrek en akkuraat wees – "dit kan gekontroleer word deur andere deurdat hulle vasstel of dit inderdaad die ware feite is, die toedrag van sake, die objektiewe werklikheid, sake soos hulle inderdaad is" (Smit, 2008:9). Derdens moet kommunikasie die waarheid wees – dat wat gesê word in terme van onderlinge en sosiale verhoudinge die waarheid is. Laastens moet dit waaragtig wees – eg, eerlik en opreg. Die argument is dat wanneer hierdie vier vereistes teenwoordig in openbare gesprek is, daar rasionele kommunikasie sal plaasvind en samelewings sal egte demokrasieë wees (Smit, 2008:9).

Vir Habermas (volgens Smit, 2008:11) is rasionaliteit die belangrikste saak van die publieke sfeer, en is dit die enigste moontlikheid om demokratisering te laat plaasvind. "Groot waarde word geheg aan debat en rasionaliteit, aan die krag van inligting en argument", meen Smit (2008:7). Uit Goldberg (2010:741) se breë definisie van die publieke sfeer, sien ons ook dat rasionaliteit primêr tot Habermas se idee van die publieke sfeer staan.

Kritici meen egter Habermas se idee is te rasionalisties. Mens is nie nét rasioneel nie. Habermas reduseer mense tot veel minder as wat hulle in werklikheid is. Hy laat "alle simboliese, irrasionele, emosionele, alles te make met drif en drang, met lyf en gevoel" buite rekening, meen Smit (2008:13). Smit (2008:22) meen ook dat "die vorming van openbare mening *nie net rasioneel en diskursief* van aard is nie" (oorspronklike kursivering). Hy noem dat kuns, vermaak, plesier, sport en aanbidding mense se waardes en siening van die wêreld beïnvloed. Emosies en persoonlike belewenisse, persepsies oor misdaad, die toekoms,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vooroordeel en benadeling – dit alles het dikwels ŉ groter impak op die vorming van openbare opinie as objektiewe feite en rasionele argumente (Smit, 2008:22).

Dahlgren (2005:156) argumenteer ook dat rasionele kommunikasie ander belangrike vorme van kommunikasie, soos emosionele, humoristiese- en ironiese kommunikasie, uitsluit. Nog ŉ kwessie wat die vereiste van rasionele kommunikasie problematies maak, is dat rasionele kommunikasie die gevaar loop om magsverhoudinge wat in kommunikasie-situasies ingebou is, mis te kyk. Kohn (2000:409) argumenteer dat rasionaliteit ŉ sosiale konstruksie is wat dié wat alreeds in magsposisies is, bevoordeel.

Alhoewel Habermas meen dat konsensus wat berus op rasionele argument belangrik is om ŉ demokrasie te hê, meen ander dat konsensus nie noodwendig ŉ voorvereiste vir demokrasie is nie. Daar is dié wat selfs meen dat hierdie gedagte demokrasie doodmaak – dit is juis konflik wat ŉ robuuste publieke sfeer skep (Mouffe, 2002). Mouffe (2002:55) meen dat hierdie tipe rasionele diskoers ŉ negatiewe uitwerking op demokrasie het:

> Indeed it has contributed to the weakening of the 'democratic political public sphere', and it has led to the increasing dominance of juridical and moral discourse, dominance which I take to be inimical to democracy.

Mouffe meen dat oorwoë demokratiese kommunikasie, soos hierbo beskryf, die politiek in ŉ tipe morele rasionaliteit verander. Sulke kommunikasie ignoreer die realiteit van antagonisme, wat ŉ onlosmaaklike deel van die politiek is. As antagonisme probeer uitgeroei of ignoreer word, word veral twee kwessies misgekyk. Eerstens is konflik in die samelewing ŉ realiteit – om rasionele, onpartydige oplossings tot politieke probleme te kry, is onmoontlik. Tweedens speel konflik ŉ integrerende rol in moderne demokrasieë (Mouffe, 2002:57).

Mouffe (2002) meen dat te veel klem op konsensus geplaas word en dat dit die wegskram van konflik, apatie en afname in politieke deelname teweegbring. Konsensus is noodsaaklik, maar dit moet met meningsverskil gepaardgaan. Meningsverskil en konflik, volgens Mouffe (2002:58), gee lewe aan demokrasie. Sy verduidelik dat burgers nie vyande hoef te wees nie, maar teenstanders (adversaries):

> Adversaries fight against each other because they want their interpretation to become hegemonic, but they do not put into question the legitimacy of their opponents to fight for the victory of their position (Mouffe, 2002:58).

Rasionaliteit kan dus nie ŉ voorvereiste vir die publieke sfeer wees nie, en dus word daar vir konflik – binne perke – in die publieke sfeer voorsiening gemaak.

In hierdie studie word dus aanvaar dat die publieke sfeer ŉ ruimte is waar gewone burgers gelyke toegang het om deel te neem aan ŉ gesprek wat handel oor sake van publieke belang. Alhoewel groot klem op rasionaliteit gelê word, word konflik en meningsverskil as deel van ŉ robuuste publieke sfeer beskou. Die grense van konflik en meningsverskil word egter gestel deur die tipe kommunikasie: Dit moet verstaanbaar, in goeie trou, feitelik korrek en relevant of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geldig wees. in kort, oorwoë demokratiese kommunikasie wat lei tot ŉ openbare mening, wat die raamwerk skep vir die legitimiteit van die staat se besluite. Konsensus en rasionaliteit as deel van hierdie openbare mening bly noodsaaklik vir demokrasie, maar is nie ŉ voorvereiste nie. Die idee van die publieke sfeer in hierdie studie lê dus veel minder klem op rasionaliteit as in Habermas se oorspronklike konseptualisering, en sluit meer diverse kenmerke van kommunikasie, soos aspekte van "simboliese, irrasionele, emosionele ... te make met drif en drang, met lyf en gevoel" (Smit, 2008:13) ook in.

Met bogenoemde in ag genome, word die publieke sfeer as volg gedefinieer:

Die publieke sfeer is ŉ konseptuele ruimte waar ŉ kritiese, openbare diskoers gevoer word wat vir almal toeganklik is. Kommunikasie binne die publieke sfeer is verstaanbaar, feitelik korrek en relevant of geldig. Konflik en meningsverskil – binne perke – is ook deel van kommunikasieprosesse binne die publieke sfeer. Die media is die vernaamste ruimte waarbinne die publieke sfeer geskep word.

2.2.3 Media en die publieke sfeer

Dit is deesdae onmoontlik om aan die publieke sfeer te dink sonder om die massamedia in ag te neem. Die media word gesien as die primêre ruimte waarbinne die publieke sfeer funksioneer (McQuail, 2010:569). Die argument lui dat die publieke sfeer se kwaliteit afhang van die kwaliteit van die massamedia (McQuail, 2010:569). Volgens Duvenage (2010:346) kan die massamedia openbare mening genereer deur die publieke sfeer wat dit daarstel, maar hierdie openbare mening kan verwronge raak deur die magstrukture van die massamedia, hoofsaaklik polities en ekonomies van aard. Uit die krities-kulturele perspektief sal sosiale en kulturele invloede uiteraard bygevoeg word. Die grootste kritiek is dat die media heersende politieke en ideologiese magshebbers dien en nie onafhanklike, eie meningsvorming help bevorder nie (Smit, 2008:12).

Die media se inhoud, wat deels deur ekonomiese dryfkragte bepaal word, en die tegnologiese veranderinge in die medialandskap, het dus ŉ uitwerking op hoe die publieke sfeer daar uitsien. Hierdie studie is egter nie gerig op hoe die algemene massamedia ŉ publieke sfeer daarstel nie, maar fokus op hoe die aanwending van nuwe media, en spesifiek die internet, deur ŉ spesifieke belangegroep soos die NG Kerk, tot die daarstelling van ŉ publieke sfeer kan bydra. Vervolgens word die konseptuele skakel tussen die teorie van ŉ ideale publieke sfeer en die idee van publieke teologie ondersoek, aangesien publieke teologie volgens die argument in die publieke sfeer bedryf word.

2.3 Publieke teologie

2.3.1 Definisie

Verskeie definisies vir die term "publieke teologie" word voorgehou. Vir Benne (1995:4) is publieke teologie ŉ lewendige, godsdienstige tradisie se omgang met ŉ openbare omgewing, naamlik die ekonomiese, politieke en kulturele sfere van die alledaagse lewe. Kim (2011:viii)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meen publieke teologie het te make met die soeke om in gesprek te tree oor verskeie sake met dié buite Christelike kringe en om Christene aan te spoor om deel te neem aan die openbare terrein. Publieke teologie beywer hom daarvoor om met burgers gesprek te voer oor sake wyer as net godsdienstige kwessies.

Kim (2011:10) meen ook dat "publiek" in publieke teologie nie na die plek verwys waar teologie beoefen word nie, maar eerder na die toeganklikheid en oopheid van teologie verwys, waar enige lid van die publiek toegang het om aan die debat deel te neem. Vir Habermas (in Kim, 2011:11) verwys die term "publiek" in publieke sfeer ook na die universele toegang en oop debat.

Toegang tot die debat sluit fisiese en intellektuele toegang in. Meer hieroor in 2.4.1.f.

Publieke teologie is nie publieke godsdiens nie. Publieke godsdiens verwys na die plek en rol wat godsdiens speel in verhouding tot die openbare lewe en hoe dit mense lei om hulle sosiale verantwoordelikhede na te kom (Breitenberg, 2003:58) – in kort, dit is gesprek binne godsdienstige kringe oor hoe mens as godsdienstige jouself binne die samelewing moet handhaaf. Publieke teologie, daarteenoor, spruit uit ŉ spesifieke geloofsgemeenskap en bemoei homself met vrae oor hoe publieke teologie kan bydra tot die samelewing en die regering. Breitenberg (2003) steun op werke van die sosioloog Robert Bellah en die kerkhistorikus Martin Marty as hy meen publieke teologie is ŉ diskoers vanuit godsdienstige oortuigings, wat dikwels krities staan teenoor staatsbeleid; wat vir gelowiges sowel as nie-gelowiges verstaanbaar en potensieel oortuigend is; wat openbare kwessies aanspreek en waarvan die bronne, taal en argumente oop en toeganklik is vir almal. Publieke teologie gaan oor hoe Christelike oortuigings en praktyk openbare lewe en die algemene belang (*common good*) beïnvloed. Uiteindelik moet publieke teologie beide gelowiges en nie-gelowiges oorhaal tot optrede wat tot voordeel van die samelewing sal wees.

Hierdie studie gebruik die terme "godsdiens" en "teologie" in die lig van bogenoemde. Wanneer gelowiges publieke godsdiens beoefen, het dit nie noodwendig te make met die publieke sfeer nie. Indien gelowiges egter publieke teologie beoefen, word dit noodwendig in die publieke sfeer beoefen – dié praktyk is dus relevant tot hierdie studie. Publieke godsdiens word egter nie uitgesluit nie, maar die klem val dus op publieke teologie soos wat dit in die publieke sfeer gestalte kry.

Vir baie gelowiges en teoloë is godsdiens ŉ "private, intieme en vertroulike aangeleentheid, wat ten alle koste nie moet probeer inmeng met die openbare lewe, met ekonomiese en politieke aangeleenthede nie" (Smit, 2008:18). Vir sommiges is die toetrede van die kerk tot die publieke terrein, ŉ kompromie en ŉ teken van ontrouheid deur die kerk (Kim, 2011:5). Hieruit is dit duidelik dat teoloë verskillende opvattinge het oor hoe publieke teologie bedryf moet word. Smit (2008:31) meen dat hierdie verskille ontstaan op grond van hoe mense dink oor God se bedoeling met die kerk in die wêreld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die feit dat ŉ hele aantal sentrums vir publieke teologie regoor die wêreld gestig is, lê klem op ŉ groot aantal teoloë se siening dat publieke teologie wel ŉ belangrike rol het om te vervul. Die Global Network for Public Theology (GNPT) bestaan uit 25 sentrums en instansies wêreldwyd, en is gemoeid met sake soos globalisasering, klimaatsverandering, armoede, die burgerlike samelewing, menseregte, gender- en rassegelykheid (Kim, 2011:6). In Suid-Afrika is daar drie instansies wat aan die GNPT behoort, naamlik die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch; die Sentrum vir Publieke Teologie aan die Universiteit van Pretoria; en die Departement Godsdiens en Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland (GNPT, 2010). Tipton (in Kim, 2011:5) noem ŉ paar gevalle waar publieke teologie ŉ groot invloed op globale kwessies gehad het. Dit sluit in katolieke gesprek oor sosiale opvoeding, stellings oor politieke en sosiale kwessies binne die ekumeniese beweging en die bevrydingsteologie van die Amerikaanse burgerregte-beweging.

Kim (2011:15) meen dat die meerderheid teoloë dit egter eens is dat die Christelike gemeenskap die dryfkrag agter publieke teologie is, en dat teoloë slegs as katalisators in die beoefening daarvan optree. Dit is die grootste rede waarom publieke teologie oop moet wees vir almal en vir die Christelike gemeenskap in geheel moet toelaat om daaraan deel te neem. Die kerk speel ŉ essensiële rol in die vorming van ŉ lewendige publieke teologie, aangesien die kerk die Christelike gemeenskap is waarin teologie gesetel is. *Kerkbode*, as mondstuk van die NG Kerk en dié kerk se webwerwe kan dus ŉ groot bydrae tot publieke teologie maak.

Publieke teologie word as volg gedefinieer:

> **Publieke teologie is ŉ openbare gesprek wat toeganklik is vir enige lid van die samelewing en oor kwessies handel wat wyer strek as kerksake. Die gesprek is dikwels krities teenoor magsinstellings. Só ŉ gesprek word deur teoloë of gelowiges geïnisieer en is ŉ interaktiewe gesprek wat vanuit godsdienstige oortuigings aangepak word, maar op die breër samelewing betrekking het.**

Hierdie definisie hang nou saam met die vereiste van Habermas se publieke sfeer, waar die debat oop en toeganklik moet wees, en oor sake handel wat van openbare belang is.

2.3.2 Publieke teologie se skakel met die publieke sfeer

Aanvanklik het Habermas gemeen dat godsdiens binne ŉ sekulêre samelewing algaande ŉ onbeduidende rol sal speel (Dreyer & Pieterse, 2010). Habermas se idee oor die rol van godsdiens in die publieke sfeer het egter verander (Habermas, 2006:1) – hy meen nou dat godsdiens juis ŉ politieke rol speel en hierdie rol kry in publieke teologie gestalte.

Publieke teologie is nou verweef met die publieke sfeer. Smit reken dat indien mens "publiek" in publieke teologie as normatiewe begrip beskou, waar dit dui op ŉ ideaal wat saam met Westerse demokrasie ontwikkel het, en ten doel het om demokratiese waardes te bevorder, publieke teologie se ideale saamhang met dié van die publieke sfeer (Smit, 2008:28). Smit (2008:15) maak die gevolgtrekking:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Dan hang dit [publieke teologie] onlosmaaklik saam met die ideale van ŉ openbare sfeer waarin ingeligte en denkende burgers saam deur rasionele debat ŉ openbare mening vorm, wat potensieel krities staan teenoor die magsinstellinge van politiek en ekonomie en wat op dié manier die algemene belang of welsyn wil probeer bevorder.

Kim (2011:3) meen dat die sentrale term in publieke teologie openbare *gesprek* is (oorspronklike kursivering). Só ŉ gesprek dra by tot die vorming van persoonlike besluite asook ŉ kollektiewe beleidsvorming op ekonomiese, politieke, godsdienstige en sosiale terreine (Kim, 2011:3). Hierin sien mens die skakel tussen publieke teologie en die publieke sfeer duidelik – beide konsepte staan ŉ openbare gesprek voor wat uiteindelik lei tot openbare mening wat politieke optrede teweegbring.

Thiemann (1991:21) reken dat publieke teologie juis daardie spesifieke plekke waar Christelike oortuigings en praktyke met die hedendaagse openbare lewe oorvleuel, moet identifiseer. Kwessies soos liberale demokrasie, kapitalistiese ekonomie en ŉ sekulêre verbruikerskultuur moet dan krities ondersoek word deur die publiek én kerk.

Die taak van die publieke teologie, volgens Smit (2008:16), veral wat die Suid-Afrikaanse konteks betref, is om vir menswaardigheid en geregtigheid te staan deur verdraagsaamheid te bevorder en die demokrasie te dien. Kim (2011:ix), wat ŉ breedvoerige studie oor teologie in die publieke sfeer gedoen het, redeneer dat publieke teologie se taak veral op drie sake berus. Eerstens, is dit die kerk se taak om binne ŉ postmoderne en pluralistiese samelewing die daarstelling van ŉ openbare sfeer wat toeganklik is en openbare debat stimuleer, te ondersteun. Daarmee saam moet die kerk – op grond van geregtigheid – enige vorm van monopolie, hetsy polities, ekonomies, sosiaal of godsdienstig, teenstaan. Tweedens moet die kerk ŉ publieke teologie ontwikkel deur aktief deel te neem aan die publieke sfeer om sodoende ŉ gepaste rol binne die samelewing te speel. Derdens moet die beoefening van publieke teologie iets wees wat spruit uit die interaksie van die hele geloofsgemeenskap.

Nie net hang publieke teologie saam met die ideale van die publieke sfeer nie, maar publieke teologie berus dan ook op die rol wat die massamedia met verantwoordelikheid binne die samelewing speel om hierdie ideale van demokrasie na te jaag (Smit, 2008:15). Die vraag in hierdie studie is of die NG Kerk se eie media-instansies deur die gebruik van nuwe media tot hierdie prosesse kan bydra.

Publieke teologie wat demokratiese waardes wil bevorder, en krities teen die oorheersing van politieke en ekonomiese magte wil staan, kan nie anders as om die aard en invloed van globalisering in ag te neem nie (Smit, 2008:23). Vervolgens word globalisering en die effek daarvan op die kerklike sfeer, en dus publieke teologie, kortliks bespreek. Sekularisering en pluralisme word daarna kortliks bespreek.

Globalisering

Gedryf deur tegnologiese ontwikkeling, is globalisering ŉ fenomeen wat die ekonomie, politiek, kultuur en medialandskap vervorm (Fourie, 2010:357). Giddens (1999) meen die proses van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

globalisering het begin toe die samelewing begin moderniseer het, hoofsaaklik deur industrialisasie, kapitalisme en die skuif na ŉ demokratiese, sekulêre staatsregering. Vir Giddens (1999) is die grootste kenmerk van globalisering die feit dat mense van regoor die wêreld se lewens beïnvloed word deur maatskappye met geen verbintenis plaaslik of internasionaal nie. Hy noem sulke maatskappye ontheem (*disembedded*), en voer aan dat hierdie maatskappye aan baie mense inligting en vermaak verskaf, en dus bydra tot hoe hulle die wêreld beleef. Daar is egter ŉ dryfveer agter hierdie ontheemde maatskappye wat vir sommiges kommerwekkend is. Dié saak word volgende bespreek.

In die eerste plek het globalisering bygedra dat kultuur en inligting as ŉ vorm van kapitaal beskou word. Die huidige samelewing, wat dikwels as ŉ inligtingsamelewing bekend staan, word gevorm deur die sogenaamde kultuur-industrie en die toenemende groei van die media, mediamaatskappye en -produkte van regoor die wêreld (Fourie, 2010:355). Volgens McQuail (2010:116) is die kultuur-industrie gebaseer op die idee dat kulturele produkte soos beelde, idees en simbole deur die media vervaardig en verkoop word as produkte. Nyamnoh (1999:34) meen dat inligtingstegnologie ook gehelp het om hierdie inligting-ekonomie te skep.

Kommunikasietegnologie speel ŉ sentrale rol in globalisering (Fourie, 2010:357), en die internet is moontlik die grootste blootstelling wat mense aan globalisering deur die media ervaar (Fourie, 2010:406). Ten spyte van die digitale kloof, is kenners egter bekommerd dat globalisering wat deur die media geskied, ŉ globale kultuur sonder diversiteit bevorder. Dit het veral implikasies op lande soos Suid-Afrika. Soos Strelitz (1999:53) tereg sê:

> [t]he increasing monopolisation and commodification of culture by an increasingly smaller number of primarily Western media providers raises concerns as to the nature of the images and meanings being globally circulated.

Wasserman (2005:190) meen egter dat Afrikalande en hul burgerlike samelewings nie oorheers hoef te word deur ŉ globale kultuur nie, omdat hierdie kultuur-industrie in ŉ breër sosiale konteks ervaar word. Soos reeds genoem, kan globalisering ook bydra tot die opbloei van plaaslike kulturele identiteit (Fourie, 2010:358). (Sien 1.5.)

Globalisering het dus meegebring dat die nuwe media, oorwegend gedryf deur kapitalisme, ŉ kultuur-industrie vorm. Hierdie kultuur-industrie het ŉ invloed op hoe mense godsdiens beoefen, en het meegebring dat samelewings sekulêr en pluralisties van aard raak.

Sekularisering en pluralisme

Sekularisering en pluralisme is van die neigings van die moderne samelewing waarin die NG Kerk hom bevind. Pluralisme dui op die feit dat gelowiges met ander kulture en godsdienste in aanraking kom, en hul godsdienstige en kulturele erfenis op ŉ ander manier begin ervaar (Dreyer & Pieterse, 2010). Hierdie kulturele en godsdienstige pluralisme het die vraag laat ontstaan oor hoe om met verskillende godsdienstige uitdrukkings en lewenswyses om te gaan (Dreyer & Pieterse, 2010).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sekularisering het ook meegebring dat godsdienstiges anders moes dink oor hulle rol in die samelewing (Kelly, 2011:163). Daar is veral drie sake waarin die proses van sekularisering te siene is. Eerstens word godsdiens in ŉ sekulêre samelewing nie meer as deel van die publieke sfeer gesien nie, maar as deel van die privaatlewe. Tweedens het sekularisering te make met die afname in godsdiens en godsdienstige oortuigings binne ŉ samelewing. Laastens bring die proses van sekularisering mee dat geloof in God een van ŉ verskeidenheid keuses is – dit is maar een moontlikheid tussen ander. Kelly (2011,163) beskryf hoe sekularisering dan uiteindelik op die publieke sfeer ŉ invloed het:

> The public sphere becomes a space where people who have made different choices about religion and other "lifestyle questions" negotiate their differences and attempt to discover sufficient common ground for a society to function.

Sekularisering bring dus mee dat die stellings wat godsdienstiges maak – die beoefening van publieke teologie – uitgedaag kan word. Ook meen Hollenbach (2003:13) dat geloofsgemeenskappe binne ŉ samelewing waar vryheid van geloof bestaan, die reg het om te probeer om beleid, wette en die openbare kultuur te beïnvloed. Binne ŉ sekulêre samelewing moet gelowiges egter in ag neem dat ander gemeenskappe dieselfde mag doen.

Dit is nou duidelik dat die NG Kerk se webwerwe nie in ŉ geïsoleerde milieu bestaan nie, maar dat dit deur globalisering en al die effekte wat daarmee gepaardgaan, beïnvloed en gevorm word. Die publieke teologie wat die NG Kerk bedryf, word dus beïnvloed deur tendense soos globalisering en sekularisering. Aan die een kant gee sekularisering die geleentheid om met nie-gelowiges en ander godsdienstiges te praat – ŉ aksie wat die publieke sfeer kan versterk. Aan die ander kant kan die sekulêre gekommersialiseerde kultuur-industrie die NG Kerk se aanlynmedia só beïnvloed dat die gehalte van die publieke sfeer daaronder ly.

Die volgende afdeling verwys na studies wat onderneem is in die veld van die internet, die publieke sfeer, publieke teologie en kerkmedia.

2.4 Literatuuroorsig

2.4.1 Die nuwe media

Sedert die ontstaan van die internet is daar groot verwagtinge dat dit ŉ ideale plek vir politieke deelname en die skep van ŉ publieke sfeer kan word. Die internet het die vermoë om mense van regoor die wêreld te verbind (Papacharissi, 2002:12), en die vloei van inligting só te laat geskied dat die uitruil van inligting ŉ deelnemende aard het (Wasserman & De Beer, 2004:65-66). Wasserman en De Beer (2004:66) wys uit dat kenners hierdie potensiaal van die internet sien as bevorderlik vir die demokratiese proses, veral in Afrika. Ander kenners meen egter dat die digitale kloof en die tipe diskoers op die internet kan keer dat sulke hoë verwagtinge van die internet sal realiseer (Papacharissi, 2002:10).

Kan die internet ŉ robuuste publieke sfeer daarstel? En indien dit die geval is, in hoe ŉ mate kry die NG Kerk se webwerwe dit reg om ŉ publieke sfeer te skep? ŉ Literatuuroorsig van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

studies wat handel oor die internet se potensiaal om ŉ publieke sfeer te skep asook godsdienstige instellings se gebruik van die internet, help om dié vrae te beantwoord. Soos in Hoofstuk 1 genoem, het ŉ soektog op verskeie databasisse ŉ gaping in die navorsingsveld getoon wat betref die gebruik van die internet deur die NG Kerk se media.

In 2.2.2. is die studie van Dahlberg (2001) waarin die ses maatstawwe waaraan kommunikasie op die internet moet voldoen ten einde ŉ publieke sfeer daar te stel, bespreek. Volgens Dahlberg (2001) is daar reeds kommunikasie op die internet wat aan hierdie maatstawwe voldoen, en hierdie bevindinge word in die volgende paragrawe bespreek. Ander literatuur word ook aan die hand van Dahlberg (2001) se maatstawwe bespreek om sodoende ŉ voller prentjie te kry van hoe praktyke op die internet ŉ publieke sfeer inperk of help skep.

a) Outonomie van staat en ekonomiese mag

Dat die internet deel is van die media wat binne ŉ kapitalistiese era geskep is, kan nie ontken word nie. Jones (in Papacharissi, 2002:18) meen die internet is onlosmaaklik deel van die sosiale en politieke wêreld en is onderwerp aan dieselfde kragte wat die publieke sfeer aanvanklik getransformeer het. Papacharissi (2002:19) meen dat advertensie-inkomste – in die massamedia en selfs op die internet – uiteindelik die deurslag gee, en nie demokratiese ideale nie.

Dahlberg (2001) het ook gevind dat dit al moeiliker vir nie-kommersiële webwerwe raak om die aandag van gebruikers te trek. Tog is daar ŉ groot aantal diverse nie-kommersiële en nie-staatsbeheerde interaksie wat plaasvind op ruimtes wat deur die geprivatiseerde infrastruktuur van die internet geskep word. Dahlberg (2001) meen dat ook hierdie ruimtes wat deur kommersiële oorwegings geskep word, kritiese debat stimuleer:

> But full autonomy is not required before the online discourse that currently exists in restricted form can begin to contribute to the development of rational-critical discourse and the public sphere at large.

McChesney (2006) sluit hierby aan deur te sê dat advertensies op die internet nie noodwendig ŉ slegte ding is nie, omdat dit kleiner groepe befonds om hulle opinie na meer mense te versprei en sodoende die publieke debat vergroot. Hy meen egter dat kapitalisme ŉ gekommersialiseerde kultuur bevorder en dat dit politieke en kulturele organisasies wat nie markwaarde het nie, se oorlewing ondermyn.

Die gevolgtrekking wat McChesney (2006) uiteindelik maak, is dat die internet en nuwe tegnologie nie ŉ nuwe politieke kultuur skep nie, maar dat dit aanpas by die dominante patrone wat globale kapitalisme daarstel. Poor (2005) beaam dit wanneer hy sê dat, soos kommersialisering aanvanklik die publieke sfeer getransformeer het, dit ook nou die aanlyn publieke sfeer kan korrumpeer. Die vraag bly dus in watter mate die NG Kerk se webwerwe – en die gebruik daarvan om ŉ publieke sfeer te skep – deur die tendense van kommersialisering geraak word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat die internet se politieke rol betref, maak Papacharissi (2002:18) die gevolgtrekking dat die internet ŉ publieke sfeer bevorder deur politieke gesprek uit te lok en as forum vir dié gesprekke dien, maar dat dit nie vergelykbaar is met die publieke sfeer wat voorheen voorgehou is nie – dit is ŉ totaal ander vorm van publieke sfeer (Sien 2.2.2.). Die argument word ondersteun in hierdie studie met die inkorporering van Mouffe se idee van konflik as onderdeel van die publieke sfeer. Papacharissi (2002:20) meen ook dat die internet help om meningsverskille te verbind, motiveer en organiseer, maar dat dit alleen moontlik nie genoeg is om sosiale verandering teweeg te bring nie.

Tog kan die internet as gespreksforum waarskynlik ŉ beduidende rol in sosiale verandering speel. Die sogenaamde Arabiese Lente[3] is volgens sommige waarnemers ŉ voorbeeld hiervan. Benmamoun, Kalliny en Cropf (2012) het in ŉ studie oor die Arabiese Lente, virtuele publieke sfeer en die rol van multinasionale maatskappye, gevind dat die internet en platforms soos Twitter, Facebook en Google ŉ beduidende rol in die Arabiese Lente gespeel het, en dat die nuwe kommunikasietegnologie alreeds die weg baan vir politieke en sosiale veranderinge. Lynch (2011) meen dat sosiale media die politieke idees wat reeds in die samelewing teenwoordig was, versprei het – die internet het dus bygedra tot die optogte tydens die Arabiese Lente. Daar is wel diegene wat skepties is oor hierdie rol van die internet. Reardon (2012) het in ŉ statistiese analise van data oor die optogte in Egipte gevind dat die internet nie die sosiale verandering teweeg gebring het nie, maar dat sosiale invloed eerder as sosiale netwerke mense opgesweep het om sekere dinge te doen of op sekere plekke te wees.

Die politieke rol wat die NG Kerk se webwerwe speel, hang dus nou saam met die politieke rol en invloed wat dié kerk in die breër samelewing het. In Hoofstuk 1 is reeds genoem dat die kerk se verhouding met die staat verander het, en dat die politieke rol wat dit speel, anders is as voorheen. Volgens kenners binne die NG Kerk (Steyn, 2005:550) beleef dié kerk ŉ identiteitskrisis, en die politieke rol wat dit tans moet vervul, is deel van hierdie onsekerheid.

b) Die uitruil en kritisering van moreel-praktiese en geldige aansprake

Die internet fasiliteer die kritiese uitruil van inligting, wat nodig is om ŉ publieke sfeer te skep (Dahlberg, 2001). Dahlberg het gevind dat hierdie uitruiling van inligting wel in verskeie aanlyn-ruimtes geskied, maar dat die kwaliteit daarvan nie altyd voldoen aan die ideale van die publieke sfeer nie.

In dieselfde trant het Bosch (2010:272) in haar gevalstudie van die *Mail & Guardian* se Thoughtleader blog gevind dat, alhoewel daar dikwels interaksie op blogs is, dit nie die potensiaal van die internet ten volle gebruik nie. Die rede hiervoor is dat joernaliste of skrywers van artikels nie op kommentaarplasings reageer nie, en daarom is dit nie ware debatvoering nie. Die kommentaarplasings op nuusstories lei ook dikwels tot iets soortgelyk aan ŉ kroeggeveg, en nie rasionele debat soos wat Habermas se idee van ŉ publieke sfeer voorhou nie. Die interaksie beweeg dus nader aan Mouffe se idee dat konflik ŉ belangrike komponent van die publieke sfeer is, soos hierdie studie ook aanvaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bosch (2010:271) het ook Nuus24.com as gevalstudie gebruik, en noem dat hierdie webwerf ŉ publieke sfeer in die kleine is aangesien dit ŉ groot mate van interaksie uitnooi deur aan gebruikers kans te gee om kommentaar te lewer op elke storie wat geplaas word. Die meeste stories handel oor politieke kwessies. Reece (in Bosch, 2010:272), wat ook navorsing oor dié webwerf gedoen het, het uitgelig dat ŉ gesprek rondom ŉ spesifieke artikel slegs aan die gang gehou word vir solank as wat gebruikers daarop kan kommentaar lewer. Sodra ŉ nuwe artikel geplaas word, word die rigting van die gesprek in ŉ ander rigting gestuur. Die implikasie is dus dat ŉ gesprek vervlietend is, en nie noodwendig oorwoë openbare mening tot gevolg het nie – ŉ voorvereiste vir die publieke sfeer. Tog meen Dahlgren (2005:151) dat die internet geïntegreer raak met die bestaande sisteem van politieke kommunikasie, terwyl dit ook die bestaande politieke strukture uitdaag – iets wat deur oorwoë openbare mening bewerkstellig word.

Die NG Kerk se webwerwe het dus die potensiaal om ruimte te skep vir die kritiese uitruil van inligting, maar of dit ŉ debat fasiliteer wat krities en oop is en uiteindelik tot oorwoë openbare mening lei, sal vasgestel moet word.

c) Nadenke

Volgens Dahlberg (2001) geskied die tipe kommunikasie wat ŉ ideale publieke sfeer vereis, slegs wanneer gebruikers kan nadink oor hulle bydraes. Dahlberg (2001) meen die internet dra veral by tot kommunikering van menings wat deurdink word:

> [T]he effort it takes to put forward arguments in written form, in comparison with spoken communication, often encourages participants to think more carefully about their positions. This reflection is aided by the record of exchanges often available to participants in online debate which allows careful consideration of the development of ongoing arguments.

Tog noem Dahlberg (2001) ŉ paar eienskappe van die internet wat nadenke belemmer, soos die bondige plasings wat dikwels geplaas word, die nie-liniêre aard van die gesprek en die vinnige trant waarmee plasings gemaak word.

Uiteindelik maak Dahlberg (2001) die gevolgtrekking dat, alhoewel oorwoë kommunikasie wel aanlyn plaasvind, die mate waarin nadenke plaasvind nie voldoen aan die vereiste van die ideale publieke sfeer nie. Dahlberg (2001) som dit só op:

> While observations confirm that many participants put forward and staunchly defend their own claims and vigorously critique other positions, few participants acknowledge the strength of criticisms directed towards them and even fewer seem moved to change or compromise their positions in the course of argumentation.

Indien die kommunikasie op die NG Kerk se webwerwe van só aard is dat gebruikers kritiek erken of hul sienings verander na gelang van ander se kommentaar, sal dit duidelik wees dat nadenke plaasvind. Volgens Katz (in Dahlberg, 2001) vind nadenke plaas wanneer gebruikers se houding teenoor ŉ spesifieke saak "versag" of verander. Tog is dit moontlik dat gebruikers wat gesprekke uit ŉ godsdienstige oogpunt voer, minder geneë is om hul standpunt aan te pas, want

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

godsdienstige oortuigings is diep gewortel in ŉ persoon se interne emosionele raamwerk (White, 2007:14).

Dahlberg (2001) meen die kwaliteit van die kommunikasie kan selfs verhoog indien gebruikers hulleself in ander se skoene plaas, soos wat die volgende bespreking voorhou.

d) Ideale rol-aanneming

Dahlberg (2011) maak uit Habermas se teorie van die publieke sfeer die aanname dat oorwoë kommunikasie plaasvind indien internetgebruikers probeer om hulleself in ŉ ander se skoene te plaas ten einde daardie persoon se perspektief te verstaan. Dahlberg (2001) meen:

> Such a process requires a commitment to an ongoing dialogue with difference in which interlocutors respectively listen to one another in spite of, and because of, their social and cultural differences.

Kenners raak opgewonde oor die feit dat mense van uiteenlopende kulture of agtergronde kan deelneem aan dieselfde rasionele, diverse politieke gesprek, maar ander is skepties oor die vermoë van hierdie groepe om oor die weg te kom (Papacharissi, 2002:15). Dit is veral die anonimiteit waarmee internetgebruikers kan deelneem, wat veroorsaak dat hulle meer gemaklik en oop sal kommunikeer (Papacharissi, 2002:15). Jones (In Papacharissi, 2002:16) meen dat hierdie anonimiteit, wat vryheid van uitdrukking vergroot, terselfdertyd voorkom dat mense die impak en sosiale waarde van hul uitsprake kan bepaal. Dus kan hulle nie hulself geredelik in ander se skoene plaas nie.

Hill en Hughes (1998) het ook gevind dat mense van regoor die wêreld wat betrokke is by een gesprek, nie noodwendig meer begrip vir mekaar het nie. Hulle noem ŉ paar voorbeelde waar kommunikasiegapings voorgekom het, maar noem ook dat wanneer die onderwerp oor ŉ politieke kwessie, eerder as ŉ algemene kwessie gegaan het, die kommunikasie minder emosioneel en ekspressief was. Alhoewel sommiges meen dat kommunikasie wat uitermatig emosioneel is, nie kan bydra tot die skep van ŉ publieke sfeer nie, argumenteer hierdie studie dat sulke tipe kommunikasie wel kan bydra tot ŉ robuuste publieke sfeer. Volgens Papacharissi (2002:16) is daar wel lewendige, emosionele debatte van politieke aard op die internet teenwoordig.

Dahlberg (2001) beaam dit. Volgens hom is die kuberruim gevul met robuuste gesprek, maar is daar ŉ tekort aan genoeg respekvolle luisteraars. Hy meen dat meeste aanlyngemeenskappe homogeen is, en gebruikers rangskik hulleself in groepe wat dieselfde waardes en belangstellings as hulle deel. In sulke groepe is ideale rol-aanneming nie essensieel nie. Daar word nie van deelnemers in sulke groepe verwag om geldige aannames te maak of te verdedig nie. Hulle word ook nie genoop om krities oor hulle eie aannames te wees nie – iets wat volgens Habermas noodsaaklik is vir die daarstelling van ŉ publieke sfeer. Dahlberg (2001) het wel gevind dat wanneer aanlyndebatte oor verskille gaan, daar nie genoeg respekvolle luister plaasvind om tot begrip van die ander se standpunt te kom nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gemak waarmee gebruikers uit ŉ debat kan onttrek, het ŉ negatiewe effek op die tipe kommunikasie wat in die ideale publieke sfeer teenwoordig moet wees. Volgens Breslow (In Papacharissi, 2002:22) negeer mense se gebrek om hulleself aan ŉ saak te verbind die internet se potensiaal om ŉ publieke sfeer te skep. Tog het verskeie studies gevind dat daar wel aanlyngroepe is wat hulleself sterk tot ŉ saak verbind, ten spyte van interaksie wat oor tyd en ruimte uitgestrek word (Dahlberg, 2001).

Papacharissi noem nog ŉ kwessie wat van belang is wat gesprek op die internet betref. Die kwessie van onderlinge verbondenheid, en die feit dat opinies en groepe op die internet meer divers raak, maar ook kleiner en gefragmenteerd, werk teen ŉ publieke sfeer wat mense verbind (Papacharissi, 2002:17).

Baie kenners is bekommerd oor hierdie fragmentasie (Poor, 2005; Dahlgren, 2005), veral omdat dit onverdraagsaamheid kan kweek. Fragmentasie kan ŉ gedeelde openbare kultuur kortwiek, terwyl dit ook die samebindende effek wat ŉ publieke sfeer op die samelewing het, kan verhinder. McKenna en West (2007:953) het egter gevind dat mense wat by aanlyngemeenskappe betrokke is, meer betrokke by hulle fisiese gemeenskap is, en hegter bande met mense in dieselfde gemeenskap vorm.

Schement en Curtis (1997:120) meen dat inligting ook gefragmenteer kan wees as boodskappe deur die media nie op ŉ manier verbind is nie of deur iets groters integriteit kry nie. Hierdie fragmentasie beïnvloed die atmosfeer van idees waarbinne ons waardes vorm en realiteit konstrueer.

Vir kommunikasie op die NG Kerk se webwerwe om by te dra tot die kwaliteit van die publieke sfeer, moet daar ruimte geskep word waar gebruikers uitgedaag word om begrip te toon vir ŉ persoon wat ŉ ander siening, standpunt of agtergrond het. Die vraag is dan of die NG Kerk se webwerwe só ŉ ruimte skep.

e) Opregtheid

Die kommunikasieproses van die publieke sfeer word ondermyn as gebruikers met opset ander mislei deur vals inligting oor hul identiteit te plaas of ander vals bewering maak. Dahlberg (2001) meen dat opregtheid van identiteit, standpunte, belangstellings en behoeftes nodig is om te kommunikeer op die manier wat die publieke sfeer vereis (en soos in 2.2.2. beskryf is).

Alhoewel die internet ruimte bied om maklik ŉ vals identiteit voor te hou, ondermyn hierdie potensiaal egter nie die publieke sfeer nie. Dahlberg (2001) het gevind dat daar soveel onbewustelike inligting oor internetgebruikers teenwoordig is, dat die identiteit van ŉ gebruiker baie opmerklik is. Hy noem dinge soos e-posadresse wat geslag, werkgewer, nasionaliteit of plek kan aandui; kommentaarplasings wat belangstellings, leefstyl en ander aktiwiteite buite aanlyn-doenighede verklap; byname verklap dikwels geslag. Al hierdie aanduidings skep ŉ identiteit. Rafaeli en Sudweeks (1997) het ook gevind dat gebruikers gereeld vrywilliglik inligting

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bekendmaak. Vrywillige bekendmaking en onbewustelike aanduidings van identiteit werk dus die ondermyningsproses in die skep van ŉ publieke sfeer teen.

Dit is eerder wanneer gebruikers ander mislei deur hulle te laat glo dat ŉ valse bedoeling, behoefte of belangstelling die waarheid is, dat die publieke sfeer skade ly. Volgens Dahlberg (2001) is hierdie ŉ algemene probleem in aanlyn-gespreksgroepe. Hierdie misleiding staan bekend as "trolling", en dit word gewoonlik gebruik om ander in die verleentheid te bring, woede te laat opvlam of ontwrigting te saai. Dit word gewoonlik vir die vermaak daarvan gedoen, maar kan ook politieke motiewe hê (Dahlberg, 2001). Sulke tipe misleiding doen afbreuk aan die vertroue binne groepe.

Die wanvoorstelling van inligting op die internet is ook deur verskeie ander kenners ondersoek. Warnick (1998:321) het ondersoek ingestel na diskoerse op die internet en maak die gevolgtrekking:

> [T]he Web environment lends itself particularly well to plagiarism, anonymous information, distortion, and digitized images, it is quite prone to parody and pastiche.

Inligting wat nie verifieerbaar is nie, kan kommunikasie binne die publieke sfeer inperk, aangesien die geldigheid van argumente nie ondersoek kan word nie. Dahlberg (2001) het egter gevind dat gebruikers stellings dikwels sal uitdaag indien dit nie oortuigend gestaaf kan word nie. Navorsingsresultate van die Pew Research Center (1999) het gevind dat Amerikaanse internetgebruikers, soos in situasies buite die internet, vertroue het in hulle vermoë om te onderskei tussen waar en vals inligting of goeie en slegte argumente.

Die NG Kerk se webwerwe sal nie uitgesluit wees van bogenoemde misleiding nie. Die vraag is dus of gebruikers en inligting wat op die NG Kerk se webwerwe aanwesig is, wel opreg is om sodoende by te dra tot die kwaliteit van kommunikasie binne die publieke sfeer.

f) Insluiting en gelykheid in gesprekke

Die insluiting van gebruikers in aanlyn-diskoerse word, volgens Dahlberg (2001), ingeperk deur ongelykhede en kulturele verskille wat buite die kuberruim bestaan.

Volgens Bosch (2010:268) is die groot voordeel van die internet as publieke sfeer, die feit dat enige individu daaraan kan deelneem. Grossman (in Papacharissi, 2002:14) meen dat onbekende groepe of persone direk met ander burgers kan praat en sodoende openbare kwessies kan aanspreek. Arterton (in Papacharissi, 2002:14) meen weer dat die internet regerings en burgers verbind. Bosch (2010:272) het gevind dat al meer Suid-Afrikaners sedert 1994 aan die politieke publieke sfeer deelneem. Die internet bied dus ŉ goeie platform vir hierdie politieke deelname. Maar McChesney (2006) meen dat die gebrek aan toegang tot die internet en lae vlakke van rekenaargeletterdheid struikelblokke in die demokratiserende rol van die internet is – dié wat die meeste by die internet se demokratiserende potensiaal baat, het nie toegang daartoe nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Suid-Afrika is toegang tot die internet veral ongelyk. Die digitale kloof verwys hierna, en word veroorsaak deur sosio-ekonomiese omstandighede (Fourie, 2010: 404). Hierdie kloof veroorsaak dat die internet se sogenaamde demokratiserende rol gekortwiek word. Castells (1997:351) meen:

> [A] relatively small, educated and affluent elite in a few countries and cities have access to an extraordinary tool of information and political participation, actually enhancing citizenship, the uneducated, switched-off masses of the world, and of a country, would remain excluded from the new democratic core.

Suid-Afrika se internetgebruikers het in 2010 die vyf miljoen-merk oorgesteek, met 5,3 miljoen gebruikers – ŉ 15% groei van 2009 tot 2010. Dit laat Suid-Afrika se internetpenetrasie op 10% staan (SA jaarboek, 2010/2011:102). Die oorwegende taal van die internet is egter Engels, die meeste gebruikers is in stedelike gebiede en hierdie gebruikers verteenwoordig slegs ŉ klein gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking (Bosch, 2010:267).

Wat kerke betref, kan nie alle lidmate deel in die aanlyngemeenskap of toegang verkry tot die inligting wat aanlyn deur kerke geplaas word nie. Thumma (2002) het gevind dat in kerke in Amerika wat die grootste aanlynteenwoordigheid het, tot 40% van lidmate nie aanlyn is nie. Dit is hierdie lede wat uitgesluit is, wat dalk reeds grootliks gemarginaliseerd is, soos ouer lidmate, minder gegoede of ongeletterde persone. Ook in die NG Kerk is daar moontlik ŉ groot persentasie lidmate wat nie die internet gebruik nie. De Stadler et al. (2009) het in ŉ studie vir die NG Kerk oor dié kerk se kommunikasie en beeld, agt gemeentes in die Wes-Kaap geïdentifiseer om aan dié studie deel te neem. Vier plattelandse en vier stedelike gemeentes het deelgeneem, en 217 lidmate het vraelyste ingevul. Die respondente se internetgebruik het só daar uitgesien: 67% respondente gebruik nooit die internet nie, terwyl 21% die internet soms gebruik. Slegs 11% van die respondente gebruik die internet baie dikwels. Uit hierdie studie is bevind dat byna 70% van lidmate nooit die internet gebruik nie (De Stadler et al., 2009:41).

Die vlak van rekenaargeletterdheid speel ook ŉ rol. Om inligting op te spoor, te volg en te verwerk, is nie ŉ vaardigheid waaroor almal beskik nie. Toegang tot inligting lei nie outomaties tot beter ingeligte en meer deelnemende burgers nie (Papacharissi, 2002:14-15). Tettey (2001:138) het in sy studie oor die verband tussen die internet en demokratiese deelname in Afrika gevind dat geletterdheid ŉ groot struikelblok is vir inwoners van die Afrika-kontinent wat internet-toegang betref. Hy meen Engels is die dominante taal van die internet, terwyl baie in Afrika nie Engels magtig is nie.

Tettey (2001:138) meen die faktore wat die grootste invloed het op internet-toegang in Afrika, is ekonomiese status, geografiese ligging, geslag en geletterdheid. Selfs al het talle mense in Afrika rekenaars, kan baie nie die hoë internetkostes bekostig nie. Sosiaal-kulturele faktore, soos dat die tegnologiese sfeer hoofsaaklik vir mans afgebaken is, maak die internet vir vroue in Afrika minder toeganklik (Tettey, 2001:138). Maar selfoontegnologie dra by dat al meer Suid-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Afrikaners toenemend gebruik maak van die internet (Bosch, 2010:267) – ŉ ontwikkeling wat die digitale kloof kan laat krimp.

Alhoewel die digitale kloof ŉ kwessie binne die Suid-Afrikaanse samelewing is waarvan hierdie studie kennis neem, fokus hierdie studie op gesprekke wat reeds op die NG Kerk se webwerwe aan die gang is. Dahlberg (2001) meen dat die internet hoogstens ŉ elite publieke sfeer daar kan stel, aangesien baie mense nie toegang tot die internet het nie. Die vraag is egter of dié gesprekke wat wel op die internet plaasvind, gelyke deelname en insluiting bevorder.

Papacharissi (2002:14) meen dat, alhoewel aanlyn-kommunikasie baie voordele vir die publieke sfeer inhou, dit nie noodwendig ŉ regverdige, verteenwoordigende en gelyke publieke sfeer daarstel nie. ŉ Tema wat in die internetliteratuur voorgehou word, is dat sosiale hiërargie en magsverhoudinge gelyk gemaak word deur die kuberruim se "blindheid" tot fisiese identiteit (Dahlberg, 2001). Maar Dahlberg (2001) meen dat die huidige aanlyn-diskoerse, en selfs die reëls van dié diskoerse, bepaal word deur diegene wat ŉ dominante posisie buite die aanlynruimte beklee. Soos wat identiteit aanlyn gevorm word, word status ontwikkel (Donath, 1999:31) en die outoriteit wat daarmee saamgaan, lei dikwels tot die dominering van diskoerse. Dahlberg (2001) noem drie maniere waarop dominering plaasvind: beledigende kommentaarplasings, monopolisering van aandag of die beheer van die agenda of styl van die diskoers.

Die internet bied aan vroue die geleentheid om al meer op gelyke voet te staan met mans in die kuberruim, waar dit selde die geval is daarbuite (Light, 1995:133). Tog is daar steeds gevalle waar vroue, soos buite die aanlynwêreld, ongewensde aandag van mans kry, seksueel geteister word, beledigende boodskappe ontvang en van verwag word om dieselfde geslagsrolle as buite die aanlynwêreld te vervul (Kitchin, 1998:82). Dahlberg (2001) maak dan die gevolgtrekking:

> Although there are many spaces and dialogues which do not involve such direct abuse, men still dominate many online interactions in terms of the quantity of postings and their influence over what is said and how it is said.

Dahlberg (2001) wys verder daarop dat die meerderheid van kommentaarplasings by baie aanlyngroepe deur ŉ klein aantal deelnemers gemaak word, terwyl die res van die groep selde kommentaar lewer of net boodskappe lees sonder om kommentaar daaroor te plaas. Hill en Hughes (1998:73) het byvoorbeeld in ŉ Amerikaanse studie gevind dat Konserwatiewe burgers ŉ minderheidsgroep aanlyn is, maar dat aanlyn- politieke diskoers deur dié groep oorheers word.

Volgens kenners is die belangrikste metodes om ongelykhede en uitsluiting te voorkom, die formalisering van "netiket" (etiket vir aanlyn-diskoerse) en moderering van aanlyn-diskoerse. Dahlberg (2001) meen:

> Rules of discourse can also be used to structure online debate. For the purposes of enhancing the public sphere, these rules can be developed with reference to netiquette

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> which, like the requirements of rational-critical discourse, has evolved from communicative practices. In particular, forum management can shape discourse by the way it chooses to police the rules of communicative exchange and by taking a lead role in setting the tone of the discourse.

Die vraag ontstaan of die NG Kerk se webwerwe netiket aanwend wat diskoers reguleer en ongelykhede en uitsluiting voorkom.

Die voorafgaande bespreking wys dat daar wel ŉ (aantal) publieke sfeer(e) op die internet bestaan, maar dat die kwaliteit van hierdie publieke sfeer(e) dikwels nie aan al die vereistes van só ŉ gesprek, soos wat Habermas dit gekonseptualiseer het, voldoen nie. Die eerste kommer is dat kommersialisering op die internet die publieke sfeer kan inperk. Daar is ook nie genoeg nadenke van stellings om waarlik tot oorwoë openbare mening te kom nie. Die feit dat gebruikers maklik onttrek uit groepe, voorkom dat die ideale publieke sfeer geskep word. Inligting wat nie maklik verifieerbaar is nie, en valse intensies kortwiek ook die publieke sfeer. Die uitsluiting van gebruikers by internetdiskoerse, hetsy as gevolg van ekonomiese omstandighede, rekenaargeletterdheid of sosiale ongelykheid wat buite die aanlynwêreld bestaan, wek ook kommer dat die publieke sfeer se gehalte swak is. Homogene groepe of klein groepe wat ŉ groot gedeelte van die gesprek voer, is ook ŉ kommer.

Tog bied die vryheid van uitdrukking op die internet en deelname deur diverse groepe die moontlikheid vir die skep van ŉ ideale publieke sfeer. Emosionele woordgevegte of debatte waarin konflik voorkom, kan ook bydra tot ŉ robuuste publieke sfeer – die rasionele uitruil van inligting hoef nie altyd teenwoordig te wees nie. Alhoewel in ŉ mindere mate, vind oordenking plaas, inligting word geredelik bekendgemaak en gebruikers word dikwels ingesluit by gesprekke – al hierdie tendense dra by om ŉ publieke sfeer te skep.

Die NG Kerk se webwerwe het dus die potensiaal om debatte te fasiliteer wat kan uitloop in emosionele woordgevegte wat fragmentasie tot gevolg kan hê – iets wat sommiges meen die publieke sfeer kan kortwiek. Tog kan hierdie vryheid van uitdrukking internetgebruikers motiveer om hulle ware gevoelens te uiter – menings wat dalk voorheen nie in die NG Kerk se media ŉ plek gegun is nie en nou, sonder oormatige inperking, kan bydra tot die openbare gesprek. Interaksie op die internet blyk dus ŉ bydrae te kan lewer tot die skep van ŉ publieke sfeer. Daar is egter verskeie faktore wat hierdie potensiaal beïnvloed, maar nie noodwendig heeltemal vernietig nie.

2.4.2 Godsdiens op die internet

Die internet, soos in 2.4.1. bespreek, gee aan byna almal die geleentheid om aan debatte deel te neem wat uiteindelik ŉ invloed op die groter samelewing kan hê. In 1.5.2. is kortliks ingelui hoe godsdiens op die internet uitgeleef word. Die volgende bespreking kyk hoe mense die internet gebruik om hul godsdiens uit te leef, met die grootste fokus op hoe hierdie praktyke bydra tot publieke teologie. Helland (2002:294) se onderskeid tussen aanlyngodsdiens en godsdiens aanlyn, soos in Hoofstuk 1 bespreek, word gebruik om die bespreking te struktureer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

George (2005:62-63) meen dat virtuele gemeenskappe – ŉ uitvloeisel van ontwikkelings binne die kommunikasietegnologie en mense se omarming van dié tegnologie – ŉ groot rol binne godsdiens speel. Die vraag is egter hoe hierdie gemeenskappe uiteindelik bydra tot die skep van ŉ publieke sfeer waar kritiese, openbare debat gevoer word oor kwessies van openbare belang.

a) Aanlyngodsdiens

Dit is hoofsaaklik uit nuuskierigheid, twyfel in godsdiens en ŉ nuwe manier van identiteitsvorming wat aanleiding gee daartoe dat mense aanlyngodsdiens beoefen (White, 2007:14). Indien mense onsekerheid in hul godsdiens beleef, sal hulle meer geneig wees om aanlyngodsdiens te beoefen (White, 2007:14).

Aanlyngodsdiens is die gevolg van mense wat hulleself al meer van institusionele godsdienstige sisteme onttrek en fokus op die bou van persoonlike identiteit en selfkonstruksie (White, 2007:14). White voer verder aan dat die toenemende sosio-ekonomiese en politieke vryheid wat mense ervaar, daartoe lei dat hulle minder deur instansies voorgesê wil word.

Nuuskierigheid is ook ŉ bydraende faktor vir mense wat wil wegbreek van institusionele godsdiens of nuwe godsdienstige ervarings wil beleef. Campbell (2006:4-5) het gevind dat die internet vir godsdienstiges nuwe moontlikhede gee om godsdienstige oortuigings en ervarings te ondersoek.

Ook twyfel en soeke speel ŉ rol in hoe mense die internet vir godsdienstige gebruik inspan. Aanlyngodsdiens-webwerwe neem aan dat internetgebruikers op dié webwerwe soekend is, en verskaf bronne, inligting en skakels om die soekers te lok. Dié webwerwe gee gebruikers kans om hul soeke deel te maak van die tipe omgewings wat beskikbaar is op die internet (Hoover & Park, 2004:124).

ŉ Studie deur Horsfield en Teusner (2007) het bevind dat sedert internetgebruik vir baie huishoudings ŉ daaglikse aktiwiteit geword het, die internet toenemend vir godsdienstige doeleindes gebruik is:

> People have subscribed to email lists to connect with people of the same denomination across the globe. People have read online magazines that criticise the actions of bishops and priests. Churches have made web pages displaying photos of their buildings and published their pastors' contact details and preaching times. People have joined newsgroups seeking alternative forms of spiritual practice (Horsfield & Teusner, 2007:290).

Uit die voorafgaande kan dus afgelei word dat diegene wat op godsdienstige webwerwe verkeer, hoofsaaklik daar is omdat hulle nuuskierig is, twyfel in hul eie godsdiens of hulleself onttrek uit die gevestigde godsdienstige sisteem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

b) Intergodsdienstige gesprekke op die internet

Verskeie godsdienstige groepe beywer hulle vir gesprek tussen verskillende godsdienste en gesprek tussen gelowiges en nie-gelowiges (Sien byvoorbeeld Brodeur, 2005; Ostrowski, 2006; Bigelow, 2008; Wêreldraad van kerke, 2010). Ostrowski (2006) het egter gevind dat, alhoewel baie mense die internet gebruik om interaktief te kommunikeer, weinig godsdienstige organisasies, instellings en gemeentes die nuwe media inspan om kommunikasie tussen hulle eie lede onderling, asook tussen hul lede en mense van verskillende godsdienstige tradisies te bevorder. Hy het 60 webwerwe van godsdienstige organisasies en instellings ondersoek, en gevind dat slegs 13% van daardie webwerwe na intergodsdienstige dialoog verwys of inligting daaroor beskikbaar maak. Dít gebeur ten spyte van die feit dat al hierdie godsdienstige instellings intergodsdienstige dialoog van aangesig tot aangesig voer en probeer bevorder.

Geen studie kon opgespoor word wat fokus op hoe intergodsdienstige gesprekke aanlyn geskied nie.

Gesprekke tussen gelowiges en nie-gelowiges is ŉ groot komponent van publieke teologie – die Christengemeenskap is van mening dat waardes binne die Christelike geloof ŉ belangrike bydrae kan maak tot die algemene publieke belang. Om hierdie waardes te laat geld en verandering in die samelewing te bewerkstellig, is ŉ toeganklike debat in die publieke sfeer nodig. Die vraag ontstaan dus of die NG Kerk se webwerwe intergodsdienstige gesprekke kan fasiliteer of bevorder om sodoende publieke teologie te bedryf.

c) Georganiseerde godsdiens en die internet (Godsdiens aanlyn)

Thumma (2002) meen dat godsdienstige organisasies gewoonlik stadig is om nuwe tegnologie te gebruik, maar dat al meer kerke genoop word om van kommunikasietegnologie gebruik te maak. In ŉ Ghanese studie het Asamoah-Gyadu (2007) bevind dat vernuwende Pinkster- en charismatiese kerke die meeste aandag skenk aan indrukwekkende webwerwe en die opdatering en funksionering daarvan. Die tradisionele kerke is minder ingestel op evangelisering, sendingwerk en teologiese innovasie, asook die gebruik van webwerwe vir hierdie werk (Asamoah-Gyadu, 2007:225). Die NG Kerk kan beskou word as só ŉ tradisionele kerk. Die "nuwer" kerke waarna Asamoah-Gyadu verwys, se webwerwe verskaf inligting oor dienstye en kerk-adresse, maar bied ook aanlyngebedskettings, webblaaie met godsdienstige materiaal, en selfs ŉ elektroniese manier waardeur mense Jesus Christus as verlosser kan aanneem (Asamoah-Gyadu, 2007:236).

Tog het Lombaard (2006:247) gevind dat al meer mense binne die Afrikaanse, Christelike kultuur die internet as publieke spreekbuis gebruik om die godsdienstige en kulturele sy van hul identiteit te bevorder en daaraan uiting te gee. Ook die NG Kerk as instansie blyk ŉ sterk aanlynteenwoordigheid te hê. Tydens ŉ proefstudie is bevind dat die tien streeksinodes van die NG Kerk elk ŉ eie webwerf het (sien www.ngkerk.org.za). Daar is ook bevind dat verskeie NG gemeentes webwerwe of Facebookgroepe het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar kan geargumenteer word dat kerke wat godsdiens aanlyn beoefen, nie bydra tot die beoefening van publieke teologie nie, aangesien hierdie webwerwe net op sake fokus wat op die kerk van toepassing is. Publieke teologie is tog ŉ gesprek oor sake wat op ŉ wyer godsdienstige gemeenskap of die breër samelewing betrekking het. Tog meen kenners (Horsfield & Teusner, 2007:289) dat godsdiens aanlyn ŉ verandering gebring het in hoe publieke teologie beoefen word. Dit word in die volgende paragrawe bespreek.

2.4.3 Publieke teologie en die internet

Horsfield en Teusner (2007:289) het gevind dat godsdiens aanlyn ŉ impak het op die manier waarop teologie in sommige gemeentes bedryf word.

Eerstens meen Horsfield en Teusner (2007) dat nuwe vorme van diskoers ontstaan. Terme wat in akademiese diskoers gebruik word en waarbinne moderne teologie ontwikkel is, word verwerp. Diskoerse vind dus nie net meer tussen teoloë plaas nie, maar gewone lidmate kan nou deelneem aan ŉ diskoers waar die taal nie hoogdrawend en akademies is nie, maar toeganklik vir nie-teoloë en nie-godsdienstiges. Die toeganklikheid van die genoemde diskoerse strook met die konsep dat die publieke sfeer toeganklik is vir enigiemand om daaraan deel te neem. Die NG Kerk ervaar ook dat kommunikasie oor dié kerk nie net meer deur die Algemene Sinode of die kerk se amptelike media gemaak word nie, soos De Stadler et al. (2009:2-3) opmerk:

> Uitsprake van predikante en gemeentelede op ŉ plaaslike vlak word land- en wêreldwyd op die TV, in koerante, op die internet, ens. versprei.

Tweedens meen Horsfield en Teusner (2007) dat groot nie altyd beter is nie, en juis daarom bied die internet vir gelowiges ŉ alternatiewe manier van netwerk, waar sterker en intiemer bande met ŉ relatiewe klein groep gevorm kan word. Hierdie kleiner, hegter groepe mag moontlik ander uitsluit van ŉ oop, openbare debat. Tog meen Dahlgren (2005: 148-149), soos wat reeds genoem is, dat die laatmoderne publieke sfeer vir praktiese doeleindes eerder as ŉ aantal kleiner sfere gesien moet word.

Laastens, sê Horsfield en Teusner (2007) dat ligging nie meer saak maak nie – internetgebruikers soek mense met wie hulle belangrike verhoudings kan bou, groepe waarvan hulle voel hulle kan deel wees en sodoende hul godsdienstige lewe binne hul eie konteks kan verryk. Aan die een kant het dié publieke teologie potensiaal om mense van oraloor saam te bind, maar aan die ander kant ontstaan die gevaar dat groepe godsdienstiges kan saamgroepeer en slegs binne hul eie kring debat voer en nie met ander godsdienstiges of nie-godsdienstiges gesprek voer nie. Die NG Kerk het, met die gebruik van die internet, potensiaal om ŉ gesprek daar te stel waaraan lidmate en nie-lidmate kan deelneem. Die vraag is egter of dit hierdie potensiaal gebruik.

Die manier waarop kerke kommunikeer, het verander met die omarming van die internet deur godsdienstige organisasies en hulle lede. Campbell (2006:16) meen dat die internet die gevestigde sosiale basis of ŉ geslote organisasie se struktuur kan ondermyn, maar dit kan ook ingespan word om nuwe lede te werf of om ŉ vaste agenda of geloofsoortuigings onder lede van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die groep te versprei. Waar kerke voorheen voorgesê het hoe lidmate godsdiens moet beoefen, is daar nou gewone lidmate wat van buite die kerk se hiërargie hulle mening kan lug. Hierdie vryheid om deel te kan neem aan ŉ openbare gesprek, versterk die idee dat godsdienstiges nou kan deelneem aan ŉ openbare debat sonder om deur ŉ godsdienstige organisasie ingeperk te word. Aan die ander kant kan godsdienstige organisasies hul webwerwe gebruik om hiërargie te versterk deur die inligting wat hulle verskaf.

Die vraag is dus of die NG Kerk deur hul webwerwe aan lidmate sowel as nie-lidmate die kans gun om vryelik hul opinie te lug, of word diskoerse só gereguleer dat openbare debat nie moontlik is nie?

2.5 Regulering van aanlyndiskoerse

Die aantal mense wat die internet gebruik, het sedert die aanvang van dié kommunikasietegnologie drasties toegeneem. Die beheer en regulering van inligting op die internet was aanvanklik minimaal (Westphal & Towell, 1998:26), maar het intussen toegeneem. Palfrey (2010:991) meen dat internetregulering wat regerings via internetverskaffers implementeer, tans al meer teengestaan word. Hierdie teenstand kom dikwels van die privaatsektor en regerings van ander lande.

Die meeste demokratiese lande verklaar dat die vryheid van die internet belangrik is, maar Morozov (2011:62) meen dat die regulering of beheer van die internet in praktyk nie hierdie vryheid verseker nie. Morozov (2011) stel voor dat internetregulering gesien word as beide sensuur (*censorship*), wat vryheid van spraak inperk, en toesig (*surveillance*), wat individue se privaatheid skend. Voorts het internetregulering ŉ tegnologiese en sosio-politieke sy. Die tegnologiese aspek is byvoorbeeld internetfilters wat deur regerings opgestel word om toegang tot alle web-adresse wat spesifieke sleutelwoorde bevat, te blokkeer. Die sosio-politieke aspek van internetregulering het te make met wette of beleid wat deur die regering daar gestel word. Sulke wette kan byvoorbeeld aan webwerwe voorskryf om eers inhoud na te gaan voordat dit gepubliseer word (Morozov, 2011).

Dahlberg (2001) meen dat sensuur en internet-toesig deur regerings vryheid van spraak en aanlyn-interaksie kan inperk, hetsy deur amptelike blokkering of onopsigtelike waarneming van boodskappe.

In ŉ studie van 510 internetverskaffers in 40 lande, het Westphal en Towell (1998:30) gevind dat die hoofmotivering vir regulering van die internet is om onwelvoeglike en potensieel kriminele materiaal te sensor. Deesdae is dit ook veral intellektuele eiendomsreg en kopiereg wat ŉ groot dryfkrag is agter die regulering en beheer van die internet, en dikwels tot groot dispute lei (Bowrey, 2007:27). Internasionale ooreenkomste oor kopiereg deur die Wêreldhandelsorganisasie het pligte en minimumstandaarde daargestel om die reg op intellektuele eiendom internasionaal te beskerm (Bowrey, 2007:27).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alhoewel die regulering van diskoerse op ŉ makrovlak deur tegnologiese en sosio-politieke regulering beïnvloed word, fokus hierdie studie hoofsaaklik op die mikrovlak – daar waar webwerwe, spesifiek die NG Kerk se webwerwe, regulering toepas. Maar bondige agtergrondinligting oor regulering op makrovlak word wel vervolgens aangebied om die regulasie-konteks op mikrovlak duideliker te maak.

2.5.1 Tegnologiese aspek van regulering

Palfrey (2010:981) se studie oor die fases waardeur internetregulering die afgelope vyf dekades gegaan het, wys daarop dat regulering tans deur filters en die blok van inligting geskied. Dit is tegniese meganismes wat deur die jare verfyn is. Internetverskaffers speel hier ŉ essensiële rol. Die mate waarmee filters toegepas word en die aard en plasing daarvan verskil van land tot land en verander oor tyd (Palfrey, 2010:987). Die groot rol wat die internet op politieke, kulturele en sosiale gebied speel, dra by daartoe dat regulering van die internet dikwels ŉ punt van geskil is – veral die manier waarop soekenjins se filtersisteme in verskillende dele van die wêreld werk, is ŉ kwessie waaroor daar groot onenigheid is (Palfrey, 2010:992).

Alhoewel regerings al hoe meer saamstem dat internetgebruikers se toegang tot sekere inhoud versper moet word, verskil die norme om sulke inhoud te identifiseer grootliks (Bambauer, 2009:384). Ook die akkuraatheid van filters, die inhoud wat geblokker word en die geleentheid vir burgers om deel te neem aan die besluite oor hierdie filters en inhoud, verskil van land tot land (Bambauer, 2009:379). Webfilters is inderdaad nie altyd akkuraat of konsekwent nie, soos Morozov (2011:63) aandui:

> The proliferation of numerous censorship-circumvention technologies over the last decade suggests that even the most sophisticated Internet-filtering schemes are not immune to the ingenuity of the engineering community.

Vir Morozov (2011:71) is die grootste kommer egter die publieke karakter van die internet, waar al meer en meer inligting van die gebruiker openbare besit raak. Dit hou groot voordele in om persoonlike inligting te deel – jou internet-ervaring word aangepas by jou voorkeure en smake. Morozov (2011:71) verwys na internet-advertensies wat verskyn op grond van gebruikers se soektogte op Google of die inhoud wat hulle op Facebook "like". Hierdie sisteem kan egter ook vir sensuur gebruik word. Morozov (2011:71) meen:

> The only difference between the two is that one system learns everything about us in order to show us more relevant advertisements, while the other one learns everything about us in order to ban us from accessing relevant pages.

Wat Suid-Afrika betref, was Telkom vir etlike jare die enigste voorsiener van telefoonlyne aan internetverskaffers. Die monopolie wat Telkom op die infrastruktuur van die internet gehad het, het tot verskeie dispute die afgelope dekade gelei. Die beleid wat daaruit gevloei het – die Telekommunikasiebeleid – is in November 1996 tot wet verklaar en het die raamwerk geskep waarbinne beleid en regulering van die internet in Suid-Afrika gevorm word (Lewis, 2005:15-17). Hierdie beleid word in 2.5.2. bespreek. Die Internetverskaffers-assosiasie van Suid-Afrika

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(ISPA) het tans 159 lede (ISPA, 2012a). Hierdie lede is verbind tot ŉ gedragskode wat onder meer vryheid van spraak, privaatheid en vertroulikheid waarborg. Dit is ook opgestel binne die raamwerk wat die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies daarstel (ISPA, 2008).

Internetverskaffers en tegnologiese meganismes wat die Suid-Afrikaanse regering daarstel, speel ŉ rol in hoe die NG Kerk regulering op hulle webwerwe toepas. Ook die wette en beleide wat regulering in Suid-Afrika bepaal, kan op dié webwerwe ŉ invloed hê en word daarom kortliks bespreek.

2.5.2 Sosio-politieke aspek van regulering

Volgens Fourie (2010:404) streef regerings daarna om nie die internet se demokratiserende potensiaal in te perk nie. In Suid-Afrika is dit veral die Telekommunikasiebeleid en die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies van 2002 en 2005 wat die internet in dié land reguleer.

Die internet in Suid-Afrika het sedert die koms van demokrasie in 1994 sterk gegroei. Lewis (2005:7) verduidelik:

> The Internet has become a pervasive facet of both personal and commercial life, with e-mail a key means of communication and e-commerce burgeoning – so much so that dedicated legislation has recently been enacted to cover electronic transactions, online communications, and Internet security.

Suid-Afrika het meer as 200 internetverskaffers (Lewis, 2005:7), waarvan M-Web die grootste verskaffer is (ISPA, 2012b). Suid-Afrikaanse internetverskaffers en webwerwe word deur die wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies van 2002 asook deur die wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies van 2005 gereguleer.

Die wet van 2005 maak voorsiening vir beleid rondom elektroniese kommunikasie en die verpligtinge van lisensiehouers van elektroniese kommunikasiedienste. Die wet stippel uit dat sulke lisensiehouers, wat internetverskaffers insluit, volgens die gedragskode moet handel. Hierdie gedragskode behels hoofsaaklik tegniese vereistes waaraan internetverskaffers moet voldoen, maar noem niks oor internetfilters nie (Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2005).

Die wet van 2002 is, onder meer, spesifiek gerig op die fasilitering en regulering van elektroniese kommunikasie. Suid-Afrika se grootste nuuswebwerwe, Nuus24 en News24, gebruik hierdie wet as onderbou vir die bepalings en voorwaardes wat op dié webwerwe geld (Media24, 2012). Die wet maak ook melding dat elektroniese kommunikasie steeds onderhewig is aan ander wette wat data reguleer, verbied of toestemming daartoe gee. Wette sluit in, byvoorbeeld die Grondwet van 1996 en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000). Die Grondwet maak voorsiening vir die vryheid van spraak – mits dit propaganda vir oorlog is, geweld aanblaas of haatspraak op grond van ras, etnisiteit, geslag of godsdiens is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wasserman en De Beer (2004:70) wys egter daarop dat inligting op die internet gedesentraliseerd is en deur ŉ magdom van kanale versprei word – individuele gebruikers kan dus relatief maklik nasionale beleid omseil sonder om uitgevang te word. ŉ Voorbeeld hiervan is ŉ groep Afrikaanssprekendes wat openlik rassisties is op hulle webwerf, stormfront.org en ook geslote Facebookgroepe stig waar rassistiese gesprekke voorkom. Die gesprekke op Facebook sal woorde soos "barbaar", "monkey" en "k4ffir" bevat om swart mense te beskryf – hierdie woorde word juis gekies, aangesien Facebook se filters en moderering direkte rassistiese opmerkings sal opmerk (De Wet, 2012).

Wasserman en De Beer (2004:70) is ook skepties oor die streng beheer wat regerings in Afrika oor die internet kan uitoefen. De Beer (2001:137) merk op dat regerings in Afrika relatief maklik beheer oor die tradisionele media uitoefen, en daarom kan die nuwe media maklik dieselfde paadjie loop. Of die Suid-Afrikaanse regering aan die tradisionele sowel as nuwe media genoegsame vryheid van spraak bied, is egter nie deel van hierdie ondersoek nie.

Die internet word op tegnologiese vlak deur internetfilters, en op sosio-politieke vlak deur regeringsbeleid gereguleer. Dit is dus regulering op makrovlak, en diskoerse op die NG Kerk se webwerwe moet hieraan gehoor gee. Dit sluit in dat webwerwe vryheid van spraak waarborg, maar nie haatspraak, aanhitsing tot geweld en propaganda toelaat nie. Daar is egter ŉ mikrovlak van regulering – daar waar webredakteurs sensuur toepas of gebruikers selfsensuur aanwend. Die vraag ontstaan dan of die NG Kerk sy eie beleid het oor regulering van diskoerse, en hoe hierdie regulering in praktyk werk. Hierdie vraag word in hoofstuk 5 volledig beantwoord. Vervolgens word daar bespreek hoe ander webwerwe regulering op mikrovlak toepas.

2.5.3 Interne regulering van media-webwerwe

In ŉ studie deur Poor (2005) oor die webwerf, Slashdot – ŉ aanlyngemeenskap van rekenaar-entoesiaste – het dié outeur bepaal watter meganismes op hierdie webwerf bydra dat Slashdot as ŉ publieke sfeer funksioneer. Volgens Poor is moderering en meta-moderering die meganismes wat Slashdot se sukses verseker en daartoe bydra dat dit as ŉ publieke sfeer funksioneer:

> Habermas' coffee shops can only fit so many people, but an online bulletin board does not face the same restrictions. With so many posts to Slashdot every day, there needs to be a way to filter them. Moderation is a mechanism by which users judge comments: is a comment insightful, off-topic and to be avoided, or perhaps funny? (Poor, 2005).

Die webwerf het egter só gegroei dat die groep permanente moderators uitgebrei is met die funksionaliteit dat elke gebruiker wat inteken as moderator kan optree. Poor (2006) maak die afleiding:

> Moderation is relevant to the public sphere because, in the discussion that creates the public sphere, comments are judged solely on the merit of the comment.

Interne regulering van webwerwe speel dus uit hierdie perspektief ŉ belangrike rol om by te dra tot die skep van ŉ publieke sfeer – veral in die aanlynwêreld. Indien die NG Kerk ŉ

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

reguleringstelsel op sy webwerwe gebruik, kan dit ŉ positiewe rol speel om ŉ publieke sfeer te skep. Aan die ander kant kan oormatige regulering moontlik die skep van ŉ publieke sfeer skaad. Die vraag is egter of die NG Kerk ŉ reguleringstelsel het, en hoe dit funksioneer.

Media-webwerwe, soos Nuus24, reguleer byvoorbeeld ook hul inhoud intern. Nuus24 maak deel uit van MyNews24 (http://my.news24.com) – ŉ burgerlike joernalistiekwebwerf, wat die meeste plaaslike gebruikers van enige inhoudsgedrewe webwerf in Suid-Afrika het (Reece in Bosch, 2010:272). In terme van hierdie studie word dit gesien as ŉ webwerf wat moontlik bydra tot ŉ aktiewe publieke sfeer in die kommersiële media.

Nuus24 se webwerf, waar daar gereeld interaksie tussen gebruikers is, het ŉ beleid waaraan gebruikers onderhewig is sodra "die gebruiker vir die eerste keer die Nuus24 webtuiste oopmaak of onmiddellik nadat die gebruiker toestemming gegee het soos vereis tydens die 'Teken my in' proses" (Nuus24, 2009). Die bepalings en voorwaardes van Nuus24, soos reeds genoem, is opgestel op grond van die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies van 2002, en is ook daardeur bindend. Wat verwydering en korrigering van inhoud betref, word gebruikers aangemoedig om "onwaar, onakkurate, lasterlike, onwettige, skending- en/of enige ander skadelike inhoud" te rapporteer. Nuus24 onderneem dan om "sulke inhoud of enige deel daarvan reg te maak en/of te verwyder, indien die persoon wat sulke inhoud rapporteer, redelike gronde bied om die vermeende aard van die inhoud te bewys" (Nuus24, 2009). Alhoewel Nuus24 soortgelyke inhoud as myNews24 dra, is myNews24 se beleid meer onlangs opgedateer deur by te voeg dat indien gebruikers nie met die gebruikersooreenkoms saamstem nie, hulle nie die webwerf moet gebruik nie (News24, 2012).

Op die sosiale netwerk Facebook, moet gebruikers ook aan sekere voorwaardes voldoen. Hierdie voorwaardes word in drie kategorieë verdeel: Facebookgebruikers se regte en verantwoordelikhede; Facebook se verklaring oor hoe dit inligting wat aan hulle verskaf word, gebruik; en "gemeenskapstandaarde" – wat op Facebook toegelaat word en hoe om misbruik te rapporteer (www.facebook.com).

Die gemeenskapstandaarde skep ŉ raamwerk vir watter tipe inhoud aanvaarbaar is, en watter tipe gerapporteer en verwyder kan word. Facebook lê klem daarop dat dié netwerk ŉ diverse, globale netwerk is, en dat sekere inhoud vir sommiges aanstoot gee, terwyl dit vir ander aanvaarbaar is. Na aanleiding daarvan is die vraag dus of daar ŉ spanning is tussen wat vir die NG Kerk toelaatbaar is, en wat op Facebook aanvaarbaar is. En ook hoe die NG Kerk se webredakteurs en gebruikers hierdie kwessie hanteer op die kerk se Facebookblad.

Facebook bied kontroles wat gebruikers in staat stel om inhoud op hulle eie Facebookprofiele of -bladsye te verwyder of blokkeer. Die gemeenskapstandaarde spreek kwessies aan soos geweld en afdreigings, self-skade, afpersing en teistering, haatspraak, grafiese inhoud, naaktheid en pornografie, vervalsing van identiteit en privaatheid, kopiereg, phishing en gemorspos (www.facebook.com/communitystandards). Dit strook grootliks met die beleid wat die Suid-Afrikaanse regering daarstel, en vroeër bespreek is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die terme en voorwaardes waaraan Facebookgebruikers hulle verbind word op Facebook uitgestip, en hou nou verband met die gemeenskapstandaarde wat hierbo genoem is. Daar is addisionele kwessies, soos betalings wat deur Facebook geskied, die gebruik van Facebook op selfone, reëlings in verband met plug-ins en web-ontwikkelaars asook ander wet-regtelike kwessies (www.facebook.com/legal/terms).

Die vraag is dus of die NG Kerk soortgelyke gedragskodes of beleide het wat diskoerse op die internet reguleer, en in watter mate hierdie regulering diskoerse beïnvloed.

2.6 Opsomming

Die konteks waarin diskoerse op die NG Kerk se webwerwe plaasvind, word in ag geneem deur hierdie studie uit ŉ krities-kulturele perspektief. Hierdie perspektief bemoei hom veral met die politieke ekonomie van die media en hoe globalisering daarop inspeel, asook die rol van kultuur in die skep, instandhouding en uitdaging van magstrukture in die samelewing. So ŉ perspektief neem ook in ag dat die media, wat as die hedendaagse publieke sfeer dien, dikwels eerder deur kommersiële oorwegings as deur demokratiese ideale gedryf word. Vanuit kultuurstudies, ook deel van die krities-kulturele benadering, word egter ook geargumenteer dat populêre kommersiële kultuur die basis van weerstand teen heersende magstrukture kan wees.

Die publieke sfeer, ŉ konsep van Habermas, skep ruimte vir ŉ openbare gesprek oor sake van openbare belang tussen lede van die publiek – ŉ gesprek wat oop is vir almal om aan deel te neem, kritiek te lewer en berus op rasionele kommunikasie en konsensus. Hierdie studie meen egter dat die publieke sfeer nie nét rasioneel hoef te wees nie, maar dat meningsverskille en konflik binne perke kan bydra tot ŉ robuuste publieke sfeer. Uit die publieke sfeer word ideaal gesproke oorwoë openbare mening gevorm wat ŉ raamwerk skep vir politieke besluitneming.

Publieke teologie is teologie wat omgaan met die openbare mening en beleid, en uiteindelik probeer om beleid só te beïnvloed dat dit die algemene belang van die samelewing dien. Publieke teologie het volgens dié siening ŉ rol om te speel in beleidsvorming, veral wat betref sake soos geregtigheid en menswaardigheid. Dit is dus belangrik dat ŉ godsdienstige instelling, soos die NG Kerk, sy media sal gebruik om by te dra tot die skep van ŉ publieke sfeer waar publieke teologie beoefen word om uiteindelik ŉ positiewe bydrae tot die samelewing te maak.

Sekularisering en globalisering het meegebring dat die kerk gereeld sy konteks in ag moet neem om te bepaal hoe publieke teologie effektief bedryf kan word. Die internet word gesien as ŉ ideale plek om ŉ publieke sfeer te skep waarbinne die publieke teologie bedryf kan word. Dus word daar veral op die NG Kerk se nuwe media gefokus om hul bydrae tot die publieke sfeer te ondersoek.

Dit is veral die internet se vermoë om inligting te stoor en te versprei, en die potensiële vrye toegang wat dit bied, wat maak dat dié kommunikasietegnologie die moontlikheid het om ŉ publieke sfeer te skep. Tog het baie mense nie toegang tot die internet nie. Die digitale kloof en internetgeletterdheid weerhou mense om aan die aanlyn publieke sfeer deel te neem. Verder

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kan mense wat wel aanlyn aan gesprekke deelneem, moontlik gefragmenteerde groepe raak, eerder as ŉ publiek wat robuuste debat voer. Kenners meen dat internetgebruikers dikwels meer vrymoedig is om opinies te lug en dit dikwels aggressief of emosioneel oordra. Dit kan moontlik die potensiaal van die internet om ŉ publieke sfeer te skep, ondermyn. Tog voer hierdie studie aan dat sulke gesprekke juis kan bydra tot ŉ robuuste publieke sfeer.

Wat godsdiens op die internet betref, is ŉ belangrike onderskeid tussen godsdiens aanlyn, aanlyngodsdiens en intergodsdienstige gesprekke gemaak om die beoefening van publieke teologie verder te kan ondersoek. Aanlyngodsdiens verwys na mense se soeke na nuwe ervarings, ŉ tipe "kwasi-godsdiens". Godsdiens aanlyn is gevestigde godsdienste wat hoofsaaklik inligting op die internet verskaf. Daar is netwerke binne aanlyngodsdiens waar mense dieselfde sosiale voordele trek as uit fisiese godsdienstige netwerke. Hierdie gemeenskappe versterk verhoudings en verhoog betrokkenheid by die samelewing – iets wat die publieke sfeer kan versterk. Wanneer gelowiges van verskillende godsdienste egter aanlyn met mekaar te doen kry, is daar dikwels min begrip vir die ander groep. Kerke moedig ook nie sulke gesprekke aan nie. Die vraag is dus watter tipe godsdiens op die NG Kerk se webwerwe bedryf word, en of dit strook met die definisie van publieke teologie en dus bydra tot die vorming van ŉ publieke sfeer.

Die regulering van die internet, veral wat gesprekke op webwerwe betref, geskied hoofsaaklik deur interne regulering – dus op mikrovlak. Hierdie regulering word in Suid-Afrika veral gebaseer op die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies van 2002. Media-webwerwe behou daarvolgens die reg om inhoud wat "onwettig, lasterlik, inbreuk maak, teisterlik of obseen is, kommersiële of persoonlike bemarking insluit, godslasterlik, onwaar, onakkuraat of skadelik is," (Nuus24, 2009) te verwyder.

Die vraag wat hierdie studie sigself afvra, is hoe regulering van inhoud op die NG Kerk se webwerwe en interaksie daarmee deur gebruikers bydra tot die vorming van ŉ publieke sfeer. Die NG Kerk het reeds ŉ aanlynteenwoordigheid, en om hierdie vrae te beantwoord, moet daar ook gekyk word na die inhoud van die NG Kerk se webwerwe en wat die intensie van dié webwerwe is. Maar eers moet die metodologie van die studie in meer besonderhede uiteengesit word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3 – Metodologie

3.1 Inleiding

Die metodologie wat gebruik word in navorsing hang grootliks af van die studie se doelwitte, die aard van die verskynsel wat ondersoek word en die teoretiese raamwerk (Babbie & Mouton, 2001:xxiv).

Die teoretiese raamwerk van hierdie studie, wat volledig in hoofstuk 2 beskryf is, is gesetel in die krities-kulturele benadering, wat die sosiale konteks met sy kulturele praktyke en die media as draer van kultuur in ag neem (Fourie, 2010:274). Die konsep van ŉ publieke sfeer, wat ook in Hoofstuk 2 bespreek is, is hier sentraal. Hierdie studie pas Habermas se idee van ŉ publieke sfeer aan deur aan die hand van Mouffe (2002) en ander aan te voer dat konflik en meningsverskil – binne perke – en nie net rasionaliteit nie, bydra tot die skep van ŉ lewendige publieke sfeer.

Volgens Babbie en Mouton (2001:36) stem die epistemologie van die kritiese benadering ooreen met dié van positivisme en fenomenologie. Die kritiese benadering aanvaar dus dat ŉ fenomeen soos kommunikasie in die vorm van diskoerse op webwerwe inhoudelik ondersoek kan word om hierdie fenomeen akkuraat te beskryf. Die kritiese benadering aanvaar ook dat mediaboodskappe altyd gemedieer word, en nie ŉ direkte oorsaak-gevolg effek het nie (McQuail, 2010:66). Die kritiese benadering fokus hoofsaaklik op betekenis, taal en die kulturele ervarings binne ŉ sosiale konteks (Du Plooy, 2001:33). Gebruikers interpreteer boodskappe om sodoende sy/haar sosiale realiteit te skep. Die simboliese mediasie van realiteit, wat deur kommunikasie geskied, word deur aanhangers van die kritiese benadering gesien as invloedryk en geskik om te ondersoek (McQuail, 2010:67).

Volgens Du Plooy (2001:39-40) is kommunikasie ŉ komplekse, kreatiewe en vloeibare proses – dit word deur verskeie kontekste beïnvloed. Die aard van die verskynsel wat ondersoek gaan word, is eerstens die kommunikasie van internetgebruikers op die NG Kerk se webwerwe in die konteks van hierdie kerk binne die Suid-Afrikaanse samelewing. Tweedens gaan die konteks van produksie en regulering van die NG Kerk se webwerwe ondersoek word deur onderhoude met twee webredakteurs te voer, vraelyste aan vyf ander te stuur en die struktuur en inhoud van webwerwe te ondersoek.

Volgens Babbie en Mouton (2001:79) is die mees algemene doelwitte van navorsing om te ondersoek, beskryf of te verduidelik. Die doel van hierdie studie is om die inhoud van en kommentaarplasings op webwerwe te ondersoek en beskryf ten einde te bepaal in watter mate die NG Kerk se webwerwe publieke teologie bedryf. Met inhoud word verwys na dít wat webredakteurs op die NG Kerk se webwerwe plaas, terwyl kommentaarplasings na die gebruikers se bydraes verwys. Die diskoerse en regulering van diskoerse op die NG Kerk se webwerwe gaan ook ondersoek word om te bepaal in watter mate die webwerwe dit regkry om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ŉ publieke sfeer te skep. Diskoerse verwys na al die inhoud wat deur redakteurs en gebruikers op webwerwe geplaas word.

3.2 Triangulasie

Om die komplekse fenomeen van die produksie en regulering van diskoerse op die internet deeglik te ondersoek, word kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes gebruik. Die gebruik van verskillende benaderings stel navorsers in staat om verskillende tipe vrae oor dieselfde verskynsel te vra, en die verskillende metodes in elk van hierdie benaderings help om ŉ beter begrip te kry (Leedy & Ormrod, 2005:95). Verder verhoog die kombinering van metodes, oftewel triangulasie, die betroubaarheid en geldigheid van navorsing (Babbie & Mouton, 2001:275). Indien ŉ kwantitatiewe metode gebruik word, kan veranderlikes meer akkuraat beskryf word in numeriese terme soos frekwensies en persentasies eerder as in onpresiese terme soos "baie", "soms" of "minder" (Thomas, 2003:44). Kwalitatiewe metodes help om ŉ dieper begrip van die ondersoekveld te kry, en bied ŉ meer buigbare aanslag tot die navorsing sodat nuwe areas van belang ondersoek kan word (Wimmer & Dominick, 2006:49). Die twee benaderings en verskillende metodes wat in hierdie studie gebruik gaan word, word vervolgens bespreek.

3.3 Kwalitatiewe benadering

Volgens Leedy en Ormrod (2005:133) behels kwalitatiewe navorsing ŉ wye verskeidenheid metodes. Daar is egter twee kenmerke wat die kwalitatiewe benadering onderskei: Eerstens fokus dit op verskynsels wat in natuurlike omstandighede voorkom – die "regte wêreld" en tweedens behels dit die bestudering van daardie verskynsel in sy volle kompleksiteit. Die kwalitatiewe benadering word ook dikwels gebruik wanneer daar min of beperkte navorsing in ŉ spesifieke area gedoen is (Du Plooy, 2001:83). Soos wat in Hoofstuk 1 en 2 genoem is, is daar min navorsing gedoen oor die NG Kerk se media op die internet, en geen navorsing kon opgespoor word oor hoe hierdie webwerwe bydra tot die vorming van ŉ publieke sfeer nie.

Die doel van kwalitatiewe studies is om te beskryf, te interpreteer, te verifieer en evalueer (Leedy & Ormrod, 2005:134-135). Kwalitatiewe navorsing ondersoek spesifieke gevalle, waar waardes en persoonlike opinies in ag geneem word. Die bevindinge daarvan word in ŉ narratiewe of literêre styl weergegee (Du Plooy 2001:29; Reinard, 2008:12; Grobler 2004:382). Hierdie studie sal die struktuur, inhoud en diskoerse op die NG Kerk se webwerwe beskryf en interpreteer, en die regulering daarvan evalueer ten einde vas te stel of ŉ publieke sfeer geskep word. Die kwalitatiewe bevindinge, gesteun deur kwantitatiewe data, word dan in ŉ literêre styl – binne die konvensies van die sosiale wetenskappe – weergegee.

Kwalitatiewe navorsers glo dat die navorser se vermoë om te interpreteer en te begryp wat hy/sy sien, van kritiese belang is om enige sosiale verskynsel te verstaan (Leedy & Ormrod, 2005:133). Habermas se konsep van die publieke sfeer, en die enkele aanpassings wat hierdie studie daaraan maak, sal gebruik word om die diskoerse op die NG Kerk se webwerwe te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ondersoek. Die werkdefinisie wat aan die publieke sfeer gegee word (sien 2.2.2.), sal help om die inhoud akkuraat te interpreteer.

3.4 Kwantitatiewe benadering

Kwantitatiewe navorsing is gesetel in positivisme, maar dit sluit nie uit dat sekere kwantitatiewe metodes as deel van ander teoretiese benaderings ingespan kan word nie (McQuail, 2010:364). Kwantitatiewe metodes fokus daarop om hoeveelhede, grade en verwantskappe te skat en te verduidelik, maar verwerp enige vorm van spekulasie (Du Plooy, 2001:21; Grobler, 2004:382). Soos reeds genoem, word resultate hoofsaaklik in numeriese terme uitgedruk (Reinard, 2008:15). Kwantitatiewe navorsing word hoofsaaklik gebruik wanneer veranderlikes getel en/of gemeet moet word (Du Plooy, 2001:82).

3.5 Eenhede van analise en steekproef

Wanneer individue die eenheid van analise is – in hierdie studie is dit webredakteurs en middel-vlak bestuurders van die kerk – word vrae gevra om inligting in te samel wat daardie persoon se kennis rakende ŉ spesifieke onderwerp beskryf (Du Plooy, 2001:134). Babbie en Mouton (2001:289) waarsku dat die bewoording van vrae baie goed deurdink moet word om nie subjektiewe antwoorde op te lewer nie, en Du Plooy (2001:138) maan ook dat vrae noukeurig opgestel moet word sodat respondente nie deurmekaar raak of onseker oor die vrae is nie.

Nog ŉ eenheid van analise is die inhoud van webwerwe. Om hierdie eenheid akkuraat te beskryf en te ondersoek, word ŉ onderskeid in hierdie studie getref tussen die inhoud wat deur redakteurs op die webwerwe gemaak word en die inhoud wat deur gebruikers geplaas word. Inhoud deur gebruikers staan bekend as kommentaarplasings.

As gevolg van die beperking van omvang van hierdie studie – en om praktiese uitvoerbaarheid moontlik te maak – sal al die kommentaarplasings op die NG Kerk se webwerwe nie ondersoek kan word nie. ŉ Navorsingsperiode van een jaar word as voldoende beskou om geloofwaardige resultate te verkry. Gevolglik word die inhoud en kommentaarplasings wat tussen 23 Julie 2011 en 23 Julie 2012 op die volgende webwerwe gepubliseer is, ondersoek:

- Kerkbode-aanlyn (www.kerkbode.co.za)
- NG Kerk-aanlyn (www.ngkerk.org.za)
- Teologiese fakulteit van Universiteit van Pretoria (www.teo.co.za)
- Teologiese fakulteit van Universiteit van Stellenbosch (www.soliustitiae.co.za)
- Teologiese fakulteit van Universiteit van die Vrystaat (http://theology.ufs.ac.za/default.aspx)

Alhoewel die inhoud en kommentaarplasings van webwerwe gereeld verander, het hierdie webwerwe ŉ argief waarin vorige inhoud gestoor word. Die datum van 23 Julie as begin- en afsnypunt is pragmaties bepaal in die konteks van die sperdatums van hierdie studie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ŉ Proefstudie het egter aangetoon dat ondanks die tydsbeperking ál die kommentaarplasings op die volgende twee webwerwe steeds nie ondersoek sal kan word nie weens die groot volume daarvan:

- *Kerkbode* se Facebookblad (www.facebook.com/kerkbode)
- NG Kerk se Facebookblad (www.facebook.com/ngkerk)

Al die inhoud (deur webredakteurs geplaas) gaan wel op bogenoemde twee webwerwe ondersoek word, terwyl daar van die kommentaarplasings op die webwerwe slegs ŉ steekproef getrek sal word.

Volgens Du Plooy (2001:100) is die eerste stap in die steekproefproses om die populasie-parameters te bepaal. Die populasie is al die moontlike eenhede van analise, en die parameters is die aard, grootte en unieke eienskappe wat die populasie bepaal. Die populasie van hierdie studie is die inhoud van die NG Kerk se webwerwe – inhoud deur webredakteurs sowel as kommentaarplasings. Die webredakteurs is ook ŉ eenheid van analise, soos hierbo genoem.

Du Plooy (2001:101) maan dat daar veral gelet moet word op die verskil tussen ŉ toeganklike- en ŉ teikenpopulasie. Hierdie onderskeid het gevolge vir navorsingsresultate – indien die toeganklike populasie te eng gedefinieer word, kan dit verhinder dat die bevindinge veralgemeen word. Hierdie studie se teiken- en toeganklike populasie stem grootliks ooreen. Dit is slegs van die kommentaarplasings op die twee Facebookblaaie waarvan ŉ steekproef getrek moet word – dus is die toeganklike populasie in hierdie geval effens kleiner as die teikenpopulasie. Die steekproef moet egter gepas wees om bevindinge op die groter populasie van toepassing te kan maak (Leedy & Ormrod, 2005:199).

ŉ Eenvoudig ewekansige steekproef van alle kommentaarplasings tussen 23 Julie 2011 en 23 Julie 2012 op die twee Facebookblaaie word gebruik. In só ŉ tipe steekproef, volgens Du Plooy (2001:107) het elke eenheid van analise ŉ gelyke kans om gekies te word. ŉ Lys van lukrake nommers sal gebruik word om te bepaal watter datums van kommentaarplasings op *Kerkbode* se Facebookblad deel van die steekproef sal wees. Die datum waarop die eerste plasing van ŉ kommentaardraad gemaak is, sal gebruik word. Só ŉ draad sal eers na ŉ week ondersoek word om tyd te gun vir opvolg-kommentaar. Die beperking van hierdie manier om kommentaar te selekteer, is dat sommige debatte langer as ŉ week kan aanhou of dat persone ná ŉ week vir die eerste keer op die oorspronklike plasing kan reageer. Uit ŉ proefstudie is egter gevind dat die meeste kommentaar gelewer word sodra inhoud aanvanklik geplaas word. Facebook se tydlyn is ook so ontwerp dat plasings wat ŉ week oud is, moeiliker raakgesien word as meer onlangse plasings.

3.6 Navorsingsmetodes

Die metodes wat in hierdie studie aangewend word, is semi-gestruktureerde onderhoude, vraelyste, inhoudsanalise en sistematiese observasie. Die semi-gestruktureerde onderhoude met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en vraelyste aan die redakteurs van die NG Kerk se webwerwe en ander betrokkenes is ŉ kwalitatiewe navorsingsmetode. Die sistematiese observasie en inhoudsanalise is beide kwantitatief en kwalitatief. Die volgende paragrawe bespreek die metodes wat gebruik gaan word om elke navorsingsvraag en die algemene navorsingsvraag te beantwoord.

Data-insameling

Semi-gestruktureerde onderhoude behels interaksie tussen respondent en onderhoudvoerder waar die onderhoudvoerder ŉ stel onderwerpe kies om te bespreek, eerder as ŉ lys standaardvrae wat gevra word. Die stel onderwerpe vir hierdie studie – soos verwoord in die navorsingsvrae – sal handel oor regulering, die rol, aksies en hantering van gebruikers en die doelstellings van die webwerf. Dit sal ook ooreenstem met die vrae van die vraelys, wat hieronder bespreek word.

Semi-gestruktureerde onderhoude is ŉ kwalitatiewe metode om inligting in te samel (Babbie & Mouton, 2001:289). Hierdie tipe onderhoude maak voorsiening vir ŉ respondent se onderliggende idees, sentimente en voorstelle om na vore te kom (Du Plooy, 2001:143). Die vrae wat gevra word, kan ook aangepas word by die individuele respondent se antwoorde om sodoende opvolgvrae te vra (Wimmer & Dominick, 2006:135; Du Plooy, 2001:144). Die grootste voordeel van hierdie tipe onderhoude is die hoeveelheid inligting wat ingesamel kan word (Wimmer & Dominick, 2006:135).

Omdat semi-gestruktureerde onderhoude gewoonlik lank duur, kan respondente die onderhoudvoerder se nieverbale kommunikasie gebruik om sy/haar antwoorde daarvolgens aan te pas (Wimmer & Dominick, 2006:135). Babbie en Mouton (2001:289) maan dat die onderhoudvoerder in gedagte moet hou dat ŉ onderhoud nie ŉ gewone gesprek is nie, alhoewel dit baie soos een lyk. ŉ Nadeel van semi-gestruktureerde onderhoude is dat verskillende vrae vir verskillende respondente gevra kan word, en daarom kan data nie gestandaardiseer word nie (Du Plooy, 2001:176).

Ook **vraelyste** sal gebruik word om data in te samel. Die vraelyste wat gebruik word, bevat oop-einde- en geslote vrae. ŉ Oop-eindevraag gee aan respondente die geleentheid om in hul eie woorde te antwoord, terwyl ŉ geslote vraag ŉ spesifieke aantal antwoorde het waarvan die respondent moet kies (Du Plooy, 2001:138). Wimmer en Dominick (2001:183-185) noem verskeie riglyne vir die opstel van gepaste vrae in ŉ vraelys: Vrae moet duidelik en bondig wees; dit moet die doel van die studie in gedagte hou; vrae moet enkelvoudig wees; nie bevooroordeelde woorde of terme bevat nie; nie aanleiding gee nie; nie vir uiters gedetailleerde inligting vra nie; en vra wat respondente potensieel in die verleentheid kan bring, vermy.

Elke vraelys word vergesel met ŉ kort inleiding wat die navorser en instansie bekend stel en die doel van die studie uiteensit. Du Plooy (2001:173) stel voor dat vraelyste ŉ logiese orde moet volg en dat temas saamgegroepeer moet word. Die vraelyste gebruik dieselfde stel onderwerpe as wat in die semi-gestruktureerde onderhoude gebruik is, naamlik regulering, die rol, aksies en hantering van gebruikers en die doelstellings van die webwerf.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wanneer ŉ kwantitatiewe metode, soos ŉ **sistematiese observasie of inhoudsanalise** gebruik word, skep navorsers meetbare en waarneembare konstrukte uit abstrakte konsepte. Hierdie konsepte word uit die teoretiese raamwerk afgelei, en konstrukte en veranderlikes word uit dié konsepte geskep (Du Plooy, 2001:82). Daar is twee stelle konstrukte wat deur hierdie studie gebruik word. Die eerste stel hou verband met publieke teologie en die tweede met die publieke sfeer.

Om te bepaal in watter mate die NG Kerk se webwerwe publieke teologie bedryf, sal ŉ inhoudsanalise van die inhoud en struktuur van die webwerwe gedoen word. Die konstrukte wat gebruik word om die inhoudsanalise te doen, word afgelei uit die definisie wat hierdie studie vir publieke teologie voorhou (Sien 2.3.1.).

Die tweede stel veranderlikes in hierdie studie is die kommentaarplasings op die NG Kerk se webwerwe. Om te bepaal of kommentaar aan die vereistes van ŉ publieke sfeer voldoen, gaan dit deur sistematiese observasie ondersoek word deur konstrukte uit hierdie studie se teoretiese raamwerk te skep.

Data-analise

ŉ **Inhoudsanalise** word gebruik om data te analiseer. Volgens Leedy en Ormrod (2005:142) is ŉ inhoudsanalise ŉ gedetailleerde en sistematiese ondersoek van die inhoud van ŉ spesifieke eenheid van observasie. Dit het ten doel om patrone, temas of vooroordele te identifiseer. Du Plooy (2001:192) noem dat daar vyf vereistes is waaraan ŉ kwantitatiewe inhoudsanalise, soos hierdie studie gebruik, moet voldoen:

- Die proses moet sistematies wees.
- Die kriteria om kategorieë te skep moet onbevooroordeeld en onpartydig wees om objektiwiteit en geldigheid te verseker.
- Die inhoud moet gekwantifiseer word.

Die betekenis van hierdie gekwantifiseerde data moet binne die konteks van die navorsingsprobleem, soos in 1.2. genoem, geïnterpreteer word.

Die data wat ingesamel word, gaan deur **beskrywende statistieke metodes** geïnterpreteer en beskryf word. Volgens Babbie en Mouton (2001:459), som beskrywende statistiek die eienskappe van ŉ bepaalde steekproef op om sodoende ŉ hanteerbare hoeveelheid data te hê om te interpreteer. Daarna gaan data en kwantitatiewe bevindings ook **kwalitatief ontleed** word om te soek na samebindende temas en onderliggende tendense binne die konteks van die produksie en regulering van die internetdiskoerse.

Die volgende paragrawe bespreek hoe ŉ kombinasie van verskillende metodes aangewend gaan word om die drie spesifieke navorsingsvrae en die algemene navorsingsvraag te beantwoord.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6.1 Navorsingsvraag 1 – semi-gestruktureerde onderhoude, vraelyste en inhoudsanalise

Om te bepaal hoe die NG Kerk se betrokkenheid by nuwe mediaplatforms sy verbintenis tot publieke teologie beïnvloed, word drie metodes gebruik: semi-gestruktureerde onderhoude, vraelyste en ŉ inhoudsanalise.

Semi-gestruktureerde onderhoude gaan met twee webredakteurs gevoer word – dié van NG Kerk-aanlyn en Kerkbode-aanlyn. Soos in 1.4. genoem, is hierdie twee webwerwe die sterkste met die NG Kerk geaffilieer.

Die tweede metode wat gebruik gaan word, is vraelyste. Dit word aan die webredakteurs van www.teo.co.za en www.soliustitiae.co.za en aan ander betrokkenes gestuur. Hierdie betrokkenes is die redakteur van die diversiteitsforum op die NG Kerk se webwerf; die voorsitter van die direksie van Bybel-Media; en die Algemene Sekretaris van die NG Kerk, omdat hulle ŉ mesovlak van webblad-regulering verteenwoordig.

ŉ Proefstudie het vasgestel dat die diversiteitsforum van die NG Kerk gedurende die navosringsperiode ŉ gespreksforum op NG Kerk-aanlyn bedryf het, en daarom word ŉ vraelys aan dié redakteur gestuur. Dit blyk ook dat die direksie van Bybel-Media ŉ invloed het op hoe *Kerkbode* sy webwerwe bedryf, en daarom is dit nodig om aan dié betrokkene ŉ vraelys te stuur. Die Algemene Sekretaris word betrek aangesien die pos van redakteur van elektroniese kommunikasie deur die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) geskrap is in die tyd waarin hierdie studie onderneem is (Du Toit, 2012).

Die derde metode wat gebruik gaan word om navorsingsvraag 1 te beantwoord, is inhoudsanalise. Die inhoud van die NG Kerk se webwerwe, soos in 3.5. uiteengesit, gaan sistematies binne een van vier kategorieë geplaas word. Die vier kategorieë word afgelei uit die definisie van publieke teologie, wat volgens hierdie studie ŉ openbare gesprek is wat toeganklik is vir enige lid van die samelewing en oor kwessies handel wat wyer strek as kerksake. Die vier kategorieë is:

- inhoud wat toelaat dat kommentaar daarop gelewer kan word
- inhoud wat slegs oor NG Kerksake handel
- inhoud wat oor wyer godsdienstige sake handel
- inhoud wat wyer as godsdienstige sake handel, en op die breë samelewing van toepassing is

Die inhoudsanalise sal ook ŉ opname maak van die frekwensie waarmee die plasing van inhoud geskied. Die data wat uit die inhoudsanalise verkry word, word deur beskrywende statistiek geïnterpreteer, en ook kwalitatief bespreek met verwysing na bevindings wat uit die ander metodes spruit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6.2 Navorsingsvraag 2 – vraelyste en semi-gestruktureerde onderhoude

Om te bepaal in watter mate regulering die skep van ŉ publieke sfeer aan bande lê, word inligting deur vraelyste en semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel. Data uit die sistematiese observasie sal ook bydra om die vlak van regulering te bepaal. Hierdie metodes is reeds hierbo bespreek.

Regulering is ŉ konsep wat uit die teoretiese raamwerk van hierdie studie vloei, en gaan as meetinstrument gebruik word deur dit operasioneel te definieer. Die operasionele definisies van regulering is die verwydering of verandering van kommentaar. Om te bepaal of kommentaar verwyder of verander word, word vraelyste en semi-gestruktureerde onderhoude gebruik. Aanvullende inligting sal ook uit die kwalitatiewe inhoudsanalise verkry word.

3.6.3 Navorsingsvraag 3 – sistematiese observasie

Deur ŉ sistematiese observasie van die inhoud en kommentaarplasings van die NG Kerk se webwerwe, wil hierdie studie evalueer in watter mate interaksie op die NG Kerk se webwerwe bydra tot die skep van ŉ aktiewe publieke sfeer.

Hierdie studie neem in ag dat kommunikasie ŉ komplekse en kreatiewe fenomeen is. Deur operasionele definisies van teoretiese konsepte te vorm, kan kommunikasie op die NG Kerk se webwerwe ondersoek en beskryf word. Die operasionele definisies van konsepte binne die teoretiese raamwerk, wat in 1.6. ingelui is, word volgende beskryf.

ŉ Publieke sfeer, soos wat dit in Hoofstuk 2 beskryf is, is ŉ konseptuele ruimte waar ŉ kritiese, openbare diskoers gevoer word wat vir almal toeganklik is. Kommunikasie binne die publieke sfeer is verstaanbaar, feitelik korrek, relevant of geldig. Konflik en meningsverskil – binne die perke van genoemde kenmerke – is ook deel van kommunikasie binne die publieke sfeer.

Die eerste konsep binne bogenoemde definisie is "toeganklikheid". Hierdie term is reeds in Hoofstuk 2 bespreek, en dié agtergrond sal gebruik word om die NG Kerk se webwerwe as geheel te evalueer.

Die tweede konsep behels kommunikasie binne ŉ publieke sfeer. Hierdie kommunikasie moet verstaanbaar, feitelik korrek, relevant of geldig wees, maar kan ook emosioneel wees of meningsverskil insluit. Omdat hierdie konsepte te abstrak is om gemeet en waargeneem te word, word konstrukte uit konsepte afgelei (Wimmer & Dominick, 2006:44). Hierdie veranderlikes word operasioneel gedefinieer ten einde die konsep wat geskep is, te meet (Wimmer & Dominick, 2006:48). Om te bepaal of kommunikasie op die NG Kerk se webwerwe aan die vereistes van ŉ publieke sfeer voldoen, word die volgende konsepte gebruik: verstaanbaar; relevant tot onderwerp; meningsverskil; en konflik binne perke. Die konteks waarbinne kommunikasie plaasvind, word verreken. Kommunikasie op godsdienstige forums se feitelike korreksie kan nie gemeet word nie, aangesien godsdiens oor sake handel wat nie definitiewe antwoorde het nie. Die vierde konsep, wat uit hierdie studie se werkdefinisie vir die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

publieke sfeer afgelei is, is konflik binne perke. Indien konflik nié binne die raamwerk van ideale kommunikasie geskied nie, word dit gesien as belediging. In ŉ proefstudie het dit aan die lig gekom dat persoonlike aanvalle, kommentaar wat ander gebruikers afkraak en slegsê op veral Facebook teenwoordig is. Sulke tipe kommentaar val buite die teoretiese raamwerk en werkdefinisie van hierdie studie in die vestiging en uitbreiding van die publieke sfeer.

Die hoeveelheid kommentaar per plasing word ook getel. Hierdie data word dan deur beskrywende statistiek verwerk en kwalitatief geïnterpreteer.

Etiese aspekte

Die Universiteit van Stellenbosch (US) se Etiese Komitee vereis dat deelnemers aan navorsing toestemming hiertoe gee. Al die redakteurs en betrokkenes sal ŉ standaard etiese klaringsvorm – soos deur die US voorsien – onderteken, waarin hulle instem dat die inligting wat hulle verskaf, as deel van hierdie studie se resultate gebruik mag word (Sien addendum A vir die etiese klaringsvorm).

Omdat ek as joernalis by *Kerkbode* werk, is daar ŉ moontlikheid van ŉ konflik van belange. Hierdie studie is egter só ontwerp dat die invloed van my persoonlike betrokkenheid as werknemer en moontlike vooroordeel geminimaliseer word. Die terrein van ondersoek – aanlynmedia – val ook buite my onmiddellike professionele verantwoordelikhede. Geskrewe toestemming van *Kerkbode* se redakteur en die NG Kerk se voormalige hoof van elektroniese kommunikasie sal verkry word ten einde hierdie navorsing met die nodige toestemming te onderneem (Sien addendum B).

3.7 Opsomming

Omdat hierdie studie wil bepaal hoe die NG Kerk se webwerwe bydra tot die skep van ŉ publieke sfeer, word die inhoud en kommentaarplasings van dié webwerwe ondersoek en redakteurs van dié webwerwe en middel-vlak bestuurders van die kerk by die studie betrek. Die studie, wat vanuit ŉ krities-kulturele benadering aangepak word, neem kommunikasie in al sy kompleksiteit in ag en beskou diskoerse op webwerwe as kulturele praktyk en die media as draer van kultuur. Deur kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes te gebruik, help dit om ŉ voller en dieper begrip van hierdie praktyke te kry.

Kwalitatiewe navorsing, wat interpretatief is en kommunikasie in sy natuurlike omgewing ondersoek, is gepas vir areas waarin daar nog min navorsing onderneem is – dus is dit gepas vir hierdie studie. Kwantitatiewe metodes word aanvullend gebruik om die hantering en ontleding van groot stelle data (in hierdie geval die kommentaar van talle gebruikers op ŉ aantal webwerwe) moontlik te maak. Deur die data eerstens in numeriese terme uit te druk, kan dit vervolgens bydra tot kwalitatiewe insig in die konteks van produksie en regulering.

Om die vraag oor die NG Kerk se webwerwe se betrokkenheid en verbintenis tot publieke teologie te ondersoek, word ŉ inhoudsanalise van die webwerwe gedoen, vraelyste aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

webredakteurs en betrokkenes gestuur en semi-gestruktureerde onderhoude met twee webredakteurs gevoer.

Ten einde te bepaal wat die vlak van regulering op die NG Kerk se webwerwe is, word die data van die semi-gestruktureerde onderhoude asook vraelyste gebruik. Om die inhoud van diskoerse en dus die aard van interaksie op webwerwe te ondersoek, word ŉ sistematiese observasie gedoen. Operasionele definisies wat uit die teoretiese konsepte gevorm is, is gebruik om meetbare konstrukte te skep. Die kwantitatiewe data wat uit die sistematiese observasie verkry is, word deur beskrywende statistiek geïnterpreteer.

Die volgende drie hoofstukke bevat die navorsingsresultate, terwyl ŉ volledige bespreking en gevolgtrekking in Hoofstuk 7 gemaak word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4: Die NG Kerk se verbintenis tot publieke teologie op sy webwerwe

4.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bespreek die verbintenis wat die NG Kerk se webwerwe het tot die bevordering van publieke teologie. Hierdie bevindinge sal dan lig werp op watter manier die NG Kerk se webwerwe ŉ bydrae maak om die ideale van die publieke sfeer te dien.

Publieke teologie is belangrik omdat dit nie net ŉ bepaalde godsdienstige groep bevoordeel nie, maar help om noodsaaklike demokratiese funksies te vervul (Boettcher & Harmon, 2009:5). Volgens Kim (2011:ii) leef die kerk sy roeping uit deur publieke teologie só te bedryf dat openbare mening gevorm word wat uiteindelik op regeringsbesluite uitloop wat voordelig is vir alle burgers van ŉ land.

Publieke teologie is nou verbind met die ideale van die publieke sfeer – hierdie skakel is breedvoerig in 2.3.2. bespreek. Hierdie ideale is hoofsaaklik ŉ oop en toeganklike gesprek wat handel oor openbare sake; wat dikwels krities is teenoor die heersende politieke en ekonomiese struktuur; en ŉ debat wat nie ingeperk word deur enige magsinstelling nie (Smit, 2008:15, Breitenberg, 2003). Publieke teologie is dus ŉ gesprek vanuit ŉ godsdienstige gemeenskap oor sake wat betrekking het op die politiese, ekonomiese en sosiale terrein van die samelewing.

Volgens Ben du Toit (2012), wat verantwoordelik is vir die NG Kerk se publieke getuienis, is publieke teologie die onderbou van publieke getuienis. Publieke teologie is ŉ teologiese denkproses wat dien as grondslag vir deelname aan ŉ openbare gesprek. Die funksie van die NG Kerk is nie net ŉ geestelike saak nie, maar dit het ook te doen met die lewe in sy verskillende konkrete gestaltes (Du Toit, 2012).

Volgens Wasserman en De Beer (2004:65-66) het die internet die potensiaal om die demokratiese proses aan te help veral omdat inligting uitgeruil kan word en deelname deur dié medium aangemoedig word. Hierdie studie neem kennis daarvan dat die digitale kloof meebring dat ŉ groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking nie toegang het tot die gesprekke wat op die internet plaasvind nie (Bosch, 2010:267; Castells, 1997:351). Die doel van hierdie studie is egter om te bepaal of die diskoerse wat wel op die internet plaasvind, bydra tot die daarstelling van ŉ publieke sfeer.

Hierdie hoofstuk fokus op die bydrae wat die NG Kerk maak spesifiek met die tipe inhoud wat hy op sy webwerwe beskikbaar stel, asook die frekwensie van die plasing daarvan – en hoe hierdie inligting en die posisionering van die webwerwe die saak van publieke teologie bevorder. Die interaksie en regulering van inhoud word in Hoofstuk 5 en 6 bespreek.

Die fokus van ondersoek is op die redaksionele inhoud van die webwerwe wat tussen 23 Julie 2011 en 23 Julie 2012 geplaas is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2 Oorsig van metodologie

In Hoofstuk 3 is genoem dat die NG Kerk se verbintenis tot publieke teologie op sy webwerwe ondersoek word deur vraelyste te gebruik, semi-gestruktureerde onderhoude te voer en ŉ inhoudsanalise van die webwerwe te doen.

Die inhoud van die volgende webwerwe is ondersoek:

- Kerkbode-aanlyn (www.kerkbode.co.za)
- *Kerkbode* se Facebookgroep (www.facebook.com/kerkbode)
- NG Kerk-aanlyn (www.ngkerk.org.za)
- NG Kerk se Facebookgroep (www.facebook.com/ngkerk)
- Teologiese fakulteit van Universiteit van Pretoria (www.teo.co.za)
- Teologiese fakulteit van Universiteit van Stellenbosch (www.soliustitiae.co.za)
- Die teologiese fakulteit van Universiteit van die Vrystaat (http://theology.ufs.ac.za/default.aspx)

Die inhoud is in ŉ hanteerbare stel data saamgevat. Dit is gedoen deur elke artikel binne een van drie kategorieë te plaas. Die kategorieë is as volg:

Inhoud wat slegs oor NG Kerksake handel. Dit is sake soos die leerstellings van die NG Kerk oor kwessies soos die doop, interpretasie van Bybeltekste of bestaan van die duiwel. Hierdie gesprekke het hoofsaaklik betrekking op NG Kerklidmate gehad.

Inhoud wat wyer as NG Kerksake handel, maar godsdienstige kwessies aanspreek. Sulke gesprekke het gehandel oor Christelike leerstellings wat in die breër samelewing bespreek word, soos homoseksualiteit. Hierdie kategorie het ook inhoud wat handel oor ander kerke, ingesluit. Die NG Kerk se rol binne die groter samelewing, soos wat die openbare media dit sien, het ook in hierdie kategorie geval. Hierdie tipe inhoud het gesprekke gestimuleer wat wyer strek as die NG Kerk en kan ŉ bydrae maak tot die breër samelewing – en daarom word dit in hierdie studie ook as bevorderlik vir publieke teologie gesien.

Inhoud wat selfs wyer is as godsdienstige sake en handel oor ekonomiese, politiese of maatskaplike kwessies. Hierdie tipe inhoud het godsdienstiges sowel as nie-godsdienstiges betrek, en bevat inligting oor die breë samelewing. Dit is in hierdie kategorie waar die ideale publieke sfeer volgens hierdie studie tot stand kan kom.

Benewens die drie kategorieë, word die hoeveelheid plasings wat deur webredakteurs gemaak word, ook sistematies gekwantifiseer. Dit dui aan hoe gereeld die webredakteurs gesprek stimuleer wat moontlik kan bydra tot die skep van ŉ publieke sfeer. Die potensiaal van die plasings wat deur webredakteurs gemaak word om interaktiwiteit uit te lok, is ook ondersoek. Dit is gedoen deur te bepaal of gebruikers kommentaar op ŉ plasing kan lewer. Die interaksie wat plaasvind nadat ŉ plasing deur ŉ redakteur gemaak is, word in Hoofstuk 5 bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die twee ander metodes wat gebruik is om die NG Kerk se verbintenis tot publieke teologie op sy webwerwe te ondersoek, is deur vraelyste en semi-gestruktureerde onderhoude (Sien Addendum C).

Die semi-gestruktureerde onderhoude is met die redakteurs van NG Kerk-aanlyn en Kerkbode-aanlyn gevoer. Albei hierdie redakteurs was ook verantwoordelik vir die onderskeie webwerwe se Facebookgroepe. Vrae vir die onderhoude is in navolging van die navorsingsvrae volgens drie onderwerpe ingedeel, naamlik regulering, die rol, aksies en hantering van gebruikers en die doelstellings van die webwerf. Die navorser het tydens die onderhoude na goeddenke tussen die gestandaardiseerde vrae ook opvolgvrae gevra. Die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoude het goed gewerk, aangesien bykomende inligting ingesamel is wat nie noodwendig met vraelyste ingesamel sou kon word nie.

Vraelyste is aan www.teo.co.za en www.soliustitiae.co.za se redakteurs gestuur om dié webwerwe se verbintenis tot publieke teologie te bepaal. Dieselfde vrae wat as basis vir die semi-gestruktureerde onderhoude gedien het, is vir die vraelyste gebruik. Die vraelys het ter inleiding ŉ kort beskrywing gegee van die agtergrond van die studie. Daar was 13 vrae waarop die webredakteurs moes antwoord. Albei respondente het die vraelyste ingevul en via e-pos teruggestuur.

Al die deelnemers het etiese klaringsvorms ingevul alvorens daar met die onderhoude begin is. Hierdie vorms verduidelik aan deelnemers waaroor die studie gaan, waar die studie gepubliseer gaan word en dat hulle nie verplig is om deel te neem as hulle nie sou wou nie.

Die data van die inhoudsanalise asook die webredakteurs se antwoorde – wat oor die NG Kerk se verbintenis tot publieke teologie handel – word hieronder bespreek.

4.3 Bevindinge

a. Kerkbode-aanlyn (www.kerkbode.co.za)

Hierdie webwerf was hoofsaaklik ŉ replika van die gedrukte weergawe (Oosthuizen, 2012a). Die voordeel van die webwerf was dat elke artikel, rubriek of berig wat geplaas was, die geleentheid aan gebruikers gebied het om kommentaar daarop te lewer. Slegs lesersbriewe, amptelike nuus (predikante wat gelegitimeer is of afgetree het) en vakatures het nie ŉ opsie bygehad vir lesers om kommentaar te lewer nie. Volgens Jean Oosthuizen (2012c), die redakteur van Kerkbode-aanlyn, is briewe reeds kommentaar wat op kerksake gelewer word en is dit nie nodig om die kommentaar-opsie daar te hê nie. Tog beperk hierdie feit interaksie, want ŉ briefskrywer se mening sou gewis verdere bespreking kon uitlok.

Op 20 April 2012 het *Kerkbode* die uitleg van sy webwerf verander sodat dit meer na ŉ nuuswebwerf lyk (Oosthuizen, 2012a). Hierdie periode van ondersoek het dus die vorige webwerf en die eerste drie maande van die oorgang van die nuwe webwerf ingesluit. Die rede vir die nuwe webwerf was om aanlyn sigbaar te wees, met lesers te kommunikeer deur tegnologie, om die handelsmerk van *Kerkbode* bekend te stel en Bybel-Media se produkte te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bemark (Oosthuizen, 2012c). Die inhoud wat op die ou en nuwe webwerf geplaas was, stem hoofsaaklik ooreen met die gedrukte weergawe van *Kerkbode.* Daar was dus nie ŉ noemenswaardige verskil in die tipe inhoud wat op die ou en nuwe webwerf geplaas is nie. Dit is slegs die aanbiedingswyse daarvan wat verskil.

Volgens die Kommunikasiebeleid van die ASM is *Kerkbode* die amptelike mondstuk van die NG Kerk (NG Kerk, 2010-2011). Dié dokument verklaar dat hierdie publikasie ŉ bepaalde teikengehoor het, en dat dit "kan funksioneer in terme van eie huisreëls, maar moet ook sover moontlik met die kommunikasiebeleid van die ASM ooreenstem". Verder sê dit ook dat *Kerkbode* oop gesprek bevorder, die kerk se diversiteit respekteer en dat *Kerkbode* "die genesing van ons land en gemeenskap deur publieke getuienisse en verhale van hoop" dien (NG Kerk, 2010-2011).

Volgens Kerkbode-aanlyn se redakteur (Oosthuizen, 2012c) is publieke teologie "gesprekke oor teologie op die markplein en teologie waaraan gewone mense in gewone taal kan deelneem". Volgens hom is dit belangrik vir *Kerkbode* om ŉ aanlynteenwoordigheid te hê en met sy lesers deur tegnologie te kommunikeer – dit is ook een van die vernaamste redes waarom Kerkbode-aanlyn se webwerf vernuwe is. Kerkbode-aanlyn word dus hoofsaaklik as ŉ nuuswebwerf gesien waar aktuele sake en nuusgebeure oor en in die kerk gepubliseer word. Volgens Oosthuizen (2012c) het *Kerkbode* ŉ groot verbintenis tot publieke teologie, aangesien *Kerkbode* "die voertuig van gesprek is, wat mense in staat stel om dit te lees en daarop te reageer". *Kerkbode,* as koerant met sy eie webwerf en Facebookgroep, het hom dus daartoe verbind om publieke teologie te beoefen. Of hierdie doelstelling in realiteit gestalte kry, word vervolgens bespreek.

Wat die inhoud van Kerkbode-aanlyn betref, is die drie genoemde kategorieë gebruik om die verskillende artikels, berigte en rubrieke op Kerkbode-aanlyn te rangskik. Grafiek 4.1 wys hierdie data.



Die totale aantal plasings wat deur *Kerkbode* in ŉ jaarperiode gemaak is, is 338. Van hierdie plasings het 60% oor slegs NG Kerksake gehandel, 29% het oor sake wyer as NG Kerksake

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gehandel. Slegs 11% van die plasings het oor politiese, ekonomiese of maatskaplike sake gehandel.

Die meeste plasings is in groepe op dieselfde datum gemaak, gewoonlik sodra ŉ nuwe uitgawe van *Kerkbode* verskyn het. Die artikels, nuusberigte, rubrieke en resensies wat in dié druk-publikasie verskyn, word op die webwerf geplaas. Ongeveer 90% van die inhoud van die gedrukte *Kerkbode* word op Kerkbode-aanlyn geplaas (Oosthuizen, 2012c). Algemene advertensies word nie geplaas nie.

Van die 338 plasings wat gemaak is, het 268 geen kommentaar ontvang nie. Tabel 4.1 wys hoeveel tekste ŉ spesifieke aantal kommentaarplasings ontvang het. Hieruit kan gesien word dat 26 tekste slegs 1 kommentaarplasing ontvang het, terwyl 3 tekste 8 kommentaarplasings ontvang het. Die tekste wat die hoogste kommentaarplasings ontvang het, het gehandel oor onderskeidelik die doop (16), proponente wat nie werk kry nie (37) en ŉ artikel oor ontluikende kerke (50).

Aantal kommentaarplasings	1	2	3	4	5	6	7	8	9	12	13	16	37	50
Hoeveelheid tekste wat kommentaar ontvang	26	17	8	4	3	3	1	3	1	1	1	1	1	1

Tabel 4.1

Kerkbode-aanlyn fokus hoofsaaklik op NG Kerksake. Die webwerf wend egter ŉ poging aan om deel te neem aan die publieke sfeer deur 11% van die inhoud toe te spits op politieke, ekonomiese of maatskaplike kwessies. Hierdie kwessies word bespreek in ŉ verskeidenheid van tekste, soos die hoofartikel, nuusberigte en artikels. Dit bespreek hoofsaaklik maatskaplike kwessies soos armoede en vigs, maar artikels oor ekologie, Suid-Afrikaanse en Amerikaanse politiek word ook gepubliseer. Die inhoud wat egter die meeste kommentaar uitlok, is dié wat oor kerksake handel.

Kerkbode-aanlyn sien sy verbintenis tot publieke teologie as ŉ inligtingverskaffer van aktuele sake en nuusgebeure in die kerk. Hierdie rol speel *Kerkbode* goed, maar sy verbintenis tot publieke teologie kry nie daadwerklik gestalte op Kerkbode-aanlyn nie. Die gebrek aan gesprek oor sake wyer as die NG Kerk is die rede hiervoor. Die interaksie wat vloei uit die inhoud wat geplaas word, word in Hoofstuk 6 bespreek. Dit is egter op sy Facebookblad waar *Kerkbode* gesprek wil aanmoedig (Oosthuizen, 2012c). Hierdie webwerf kom volgende onder die loep.

b. Kerkbode se Facebookgroep (www.facebook.com/kerkbode)

Op 15 Julie 2010 het *Kerkbode* sy Facebookgroep gestig. *Kerkbode* plaas hoofsaaklik artikels en berigte wat op Kerkbode-aanlyn verskyn, op Facebook (Oosthuizen, 2012c). Verder word daar ook enige aktuele sake gepubliseer wat gesprek sal stimuleer (Oosthuizen, 2012c) – onderwerpe wat hoofsaaklik handel oor godsdienstige sake, maar ook op die breër samelewing van toepassing is. ŉ Paar plasings wat *Kerkbode* in die studieperiode op sy Facebookgroep gemaak het, lui as volg:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *Kerkbode (21 Februarie 2012): Is die Adam wat in Paulus se briewe opduik (teologies gesproke) die Adam van Genesis se eerste hoofstukke? En: watter lig laat die verband tussen Genesis 2-4 en Israel se wysheidsliteratuur (Spreuke, Prediker e.s.m.) op die boodskap van Adam en Eva val? Die gesprek oor Peter Enns se boek gaan voort.*
>
> *Kerkbode (26 Maart 2012): Kerkbode het onlangs berig oor die nuutgestigte Corruption Watch, ŉ inisiatief van Cosatu. In hierdie artikel sê Johann Redelinghuys die transformasieagenda verg baie beter opleiding en toerusting om te kan slaag. Mense beland in posisies waar hulle nie in staat is om goeie bestuursbesluite te neem nie. Inherente integriteit is ook belangrik.*
>
> *Kerkbode (18 Mei 2012): Wat is jou mening oor die groot aantal proponente wat nie beroepe kry nie? Neem deel aan die meningspeiling hier bo.*

Plasings deur *Kerkbode* het dus ŉ wye verskeidenheid van onderwerpe gedek, wat strek van NG Kerksake tot wyer, politiese sake.

Die Facebookgroep van *Kerkbode* het drie administrateurs gehad, waarvan *Kerkbode* se nuusredakteur die meeste inhoud geplaas het. Volgens Oosthuizen (2012c) is die doel van dié webwerf om gesprek aan te moedig tussen almal wat in geloof belangstel; vir *Kerkbode* om sigbaar te wees op die sosiale media; om die handelsmerk van *Kerkbode* en Bybel-Media (*Kerkbode* se uitgewer) se produkte bekend te stel; en om skakels van belangrike nuusstories wat op *Kerkbode* verskyn, te plaas sodat lesers na Kerkbode-aanlyn gelok kan word.

Die inhoud wat op *Kerkbode* se Facebook geplaas is, het anders gelyk as dié wat op Kerkbode-aanlyn geplaas is. Grafiek 4.2 wys die persentasie van inhoud wat in elk van die drie kategorieë val:



Amper ŉ derde (34%) van die 332 plasings op *Kerkbode* se Facebookblad het gehandel oor sake wat slegs op die NG Kerk van betrekking het. Meer as helfte (55%) van die inhoud wat deur die webredakteurs geplaas is, het gegaan oor sake wyer as NG Kerksake, maar steeds godsdienstige kwessies aanspreek. En, soos op Kerkbode-aanlyn, het 11% van die inhoud op *Kerkbode* se Facebook gehandel oor sake van ekonomiese, politiese of maatskaplike kwessies. Inhoud op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kerkbode se Facebook het baie ooreengestem met die artikels en berigte wat op Kerkbode-aanlyn gepubliseer is. Daar is egter bykomende plasings gemaak, soos skakels na video's of ander artikels op die internet, byvoorbeeld oor godsdienstige kwessies of uitsprake van godsdienstige of politieke leiers.

ŉ Totaal van 332 plasings deur *Kerkbode* is op dié koerant se Facebookblad gemaak in ŉ jaarperiode. Altesaam 6571 reaksies is op hierdie plasings getel, terwyl 1232 gebruikers die plasings ge"like" het. Gebruikers het dus in ŉ groot mate deelgeneem aan die plasings wat gemaak is, in teenstelling met die min reaksie op die webbladsy van *Kerkbode* self. Die interaksie tussen gebruikers word in Hoofstuk 6 bespreek, terwyl die regulering van die interaksie in Hoofstuk 5 bespreek word.

Grafiek 4.3 wys in watter mate gebruikers op die inhoud van elke kategorie kommentaar gelewer het.



Hieruit kan afgelei word dat gebruikers veral geneë was om saam te gesels oor kwessies wat die wyer godsdienstige samelewing betrek het. Politiese, ekonomiese of maatskaplike kwessies het nie soveel kommentaar uitgelok nie. Die plasings wat die meeste kommentaar in dié kategorie uitgelok het, het gehandel oor ŉ omstrede kunswerk deur Brett Murray van Pres. Jacob Zuma (32); Amerikaanse godsdienstige leiers (Christene, Jode en Moslems) wat Israel en Palestina besoek het (25); en ŉ video waarin Ban Ki Moon, sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, ŉ beroep gedoen het dat die menswaardigheid van homoseksuele mense erken moet word (20). Top TV se planne om ŉ pornografiese kanaal te begin, het 19 kommentaarplasings uitgelok.

Kerkbode se verbintenis om die voertuig van gesprek te wees, het inderdaad gestalte gekry op die Facebookgroep. Indien die aantal kommentaarplasings in ag geneem word, was daar goeie interaksie op die Facebookblad aan die gang (Meer hieroor in Hoofstuk 6). Die feit dat ŉ groot gedeelte van die inhoud gehandel het oor sake wyer as die NG Kerk, het bygedra om ŉ publieke sfeer te skep, aangesien dit nie slegs gemik was op NG Kerklidmate nie. Inhoud wat handel oor politiese, ekonomiese of maatskaplike kwessies het egter ŉ klein gedeelte uitgemaak van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

totale inhoud wat deur die webredakteur geplaas is. Indien hierdie inhoud vermeerder kan word, sal ŉ publieke sfeer moontlik beter tot stand kom.

c. NG Kerk-aanlyn (www.ngkerk.org.za)

Volgens die voormalige webredakteur van NG Kerk-aanlyn, Ben du Toit, was NG Kerk-aanlyn se doel om inligting te verskaf oor die kerk en sy besluite, asook wat die kerk dink oor openbare aangeleenthede; om kohesie te bevorder in kerkverband en om ŉ praktiese hulpmiddel daar te stel vir kommunikasie binne die NG Kerk.

Tydens die studie het hierdie webwerf egter ŉ verandering ondergaan. Waar dit eens gereeld plasings op sy tuisblad gemaak het oor aktuele nuusgebeure en wat die hoofstroom-media oor die NG Kerk berig, het NG Kerk-aanlyn verander na ŉ webwerf wat slegs inligting oor dié kerk verskaf. Die plasings van vroeër het gehandel oor aktuele nuusgebeure wat in die Afrikaanse dagblaaie verskyn het. ŉ Kort beskrywing van die nuusgebeure asook ŉ skakel na die dagblad se webwerf is op NG Kerk-aanlyn se tuisblad geplaas (Du Toit, 2012). Daar was ook ŉ ruimte waar aktuele kerknuus (NG Kerk en breër) geplaas is (Du Toit, 2012). Daarmee saam was daar ook ŉ veld waarin gebruikers kommentaar kon lewer – die webwerf het dus die potensiaal gehad om interaktief te wees.

Die Moderamen van die Algemene Sinode (ASM) het op 16 Julie 2012 besluit om die funksie van die elektroniese redakteur van die NG Kerk te laat verval. Die rede wat hiervoor aangevoer is, is om die publieke getuienis van die NG Kerk pertinente en prominente fokus te gee:

> Om kapasiteit hiervoor te skep, is besluit om die tyd wat tov dr Ben du Toit en sy kantoor by die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland uitgekoop word, volledig hiervoor [publieke getuienis] aan te wend. Hierdie stap beteken dat die kommunikasiefunksies wat sy kantoor vervul het voortaan deur die Kantoor van die Algemene Sinode in Pretoria hanteer word (NG Kerk, 2012).

Hierdie veranderinge het meegebring dat NG Kerk-aanlyn se tuisblad nie meer aktuele nuusgebeure of kerksake publiseer nie. As gevolg van die tydsraamwerk waarbinne die insameling van data vir hierdie studie geskied het, kon hierdie tekste nie betyds bekom word voordat die verandering op NG Kerk-aanlyn gemaak is en die genoemde inhoud verwyder is nie. Daar is wel steeds skakels op NG Kerk se Facebook wat ŉ idee gee van die tipe inhoud wat voorheen geplaas is. Voorbeelde hiervan lui as volg:

> *NG Kerk (17 Mei 2012): Niemand kan ŉ mens kwalik neem as die gewelddadige burgerlike konflik in die strate van Johannesburg hierdie week tussen Cosato en die DA tot groot verontrusting stem nie... sien www.ngkerk.org.za*
>
> *NG Kerk (20 April 2012): Die verskille tussen ŉ fundamentalistiese of letterlike verstaan van die Bybel aan die een kant en ’n siening wat die Bybel en wetenskap integreer aan die ander kant, loop deur al dié kwessies van verskil ... sien www.ngkerk.org.za*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *NG Kerk (17 April 2012): In Beeld van 16 April reageer Nelus Niemandt, moderator van die algemene sinode van die NG Kerk, op die onlangse berigte waarin sommige koerante byvoorbeeld Afrikaanse kerke by voorbaat dood verklaar www.ngkerk.org.za*
>
> *NG Kerk (2 April 2012): Ons het nuwe stories nodig "wat die regeringslui, maar, dieper nog, die geweld ágter hul goëlery ontmasker. Stories van ŉ vreemde aard, van vreemde bevryding wat die bitter kringloop van pyniging deurkruis. Stories wat gewortel is in 'n dieper, radikaler bevryding, 'n bevryding tot diens, ter wille van ons en ons kinders." sien www.ngkerk.org.za*
>
> *NG Kerk (23 Maart 2012): Toleransie en godsdiens trou dikwels moeilik met mekaar. Dit blyk uit ŉ baie insiggewende artikel wat Leopold Scholtz vanoggend in Die Burger het oor die politieke toneel wat sigself in die VSA ontvou - sien www.ngkerk.org.za*

Die NG Kerk het dus sake wat oor ŉ wye verskeidenheid sake gehandel het, gepubliseer. Dit sluit sake in wat slegs op die NG Kerk betrekking het tot politiese kwessies.

Die webwerf het sedertdien slegs ŉ inligtingverskaffer en databasis vir belangrike dokumente van die NG Kerk geword (sien www.ngkerk.org.za). Die webwerf bevat ook ŉ geïntegreerde elektroniese nuusdiens waar gebruikers op die NG Kerk se sinodes se nuusbriewe kan inteken asook inligting stuur (byvoorbeeld bekendmaking van beroepe) vir moontlike plasing in die nuusbriewe (NG Kerk, 2012). Dit wil dus voorkom asof die NG Kerk godsdiens aanlyn bedryf – georganiseerde godsdiens waar ŉ kerkinstansie inligting rondom dié instelling verskaf, soos wat in 2.4.2.c. beskryf is. Godsdiens aanlyn bring egter die gevaar dat gelowiges slegs in hul eie kring gesprek voer, en nie inligting oor wyer godsdienstige sake publiseer nie. Dit blyk die geval te wees met NG Kerk-aanlyn.

Inligting wat sedertdien deur die webredakteur van NG Kerk-aanlyn geplaas is, was wel steeds oop vir enige persoon, maar dit het grootliks oor interne kerksake gehandel en geen funksie om kommentaar te kan lewer was teenwoordig nie. Die inhoud van die NG Kerk se webwerf handel grootliks oor sake binne die NG Kerk. Voordat die pos van die elektroniese redakteur verval het, het die NG Kerk tog ŉ poging aangewend om ŉ bydra te maak om gesprek te stimuleer oor sake wat wyer as die NG Kerk is (Du Toit, 2012) – soos die genoemde voorbeelde bo aandui. In terme van die kerk se pogings om publieke teologie te bedryf en ŉ publieke sfeer daar te stel, is die afskaffing van die elektroniese redakteurspos en die gepaardgaande veranderinge, ŉ terugwaartse stap.

d. NG Kerk se Facebookgroep (www.facebook.com/ngkerk)

Benewens *Kerkbode* se teenwoordigheid op Facebook, het die NG Kerk self ook ŉ Facebookgroep. Op die Facebookgroep van die NG Kerk was daar verskeie plasings met skakels wat beloof het om na spesifieke artikels op www.ngkerk.org.za te lei. Hierdie skakels het wel na die tuisblad van die NG Kerk gelei, maar die genoemde artikel was nie meer op dié webwerf te kry nie. Die rede hiervoor is die wysiging van NG Kerk-aanlyn, soos hierbo bespreek.

Die inhoud van plasings wat die NG Kerk op Facebookblad gemaak het (voor die wysiging), en volgens Du Toit (2012) grootliks ooreengestem het met wat vroeër op die NG Kerk se webwerf gemaak is, word in Grafiek 4.4 gewys.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Van die 120 plasings wat die NG Kerk op Facebook gemaak het, was 48% slegs oor NG Kerksake, 38% oor wyer godsdienstige sake en 14% oor sake van openbare belang. Die 120 plasings wat in ŉ jaarperiode gemaak is, het 884 reaksies in die vorm van kommentaarplasings ontvang en 298 plasings is ge"like". Daar was voor die wysiging dus ŉ groot mate van interaksie met die inhoud wat op die NG Kerk se Facebookgroep geplaas is. In Hoofstuk 6 word die tipe interaksie op dié webwerf bespreek.

Ongeveer die helfte van die inhoud wat deur die NG Kerk op Facebook gepubliseer is, het te make gehad met kwessies wat wyer as die NG Kerk strek. Hieruit sou mens kon aflei dat die NG Kerk tog ŉ verbintenis gehad het om publieke teologie te bedryf wat ŉ positiewe bydrae gemaak het tot die skepping van ŉ publieke sfeer. Met die afskaffing van die elektroniese redakteurspos gedurende die studieperiode is die plasing van nuwe inhoud op Facebook gestaak. Die NG Kerk se verbintenis tot publieke teologie het dus nie meer gestalte gekry op Facebook nie.

Die Lessenaar vir Publieke Getuienis behartig hierdie aspek van die NG Kerk, en die NG Kerk se amptelike dokument oor publieke getuienis dui aan hoe publieke getuienis, wat die grondslag vir publieke teologie is, beoefen word:

> Dit is vir die NG Kerk belangrik om ŉ roeping-gedrewe kerk te wees ... Vanuit ons verbintenis tot hierdie roeping, kan ons nie stilbly nie. Ons integriteit as kerk van Christus is op die spel, wanneer ons nie tot die openbare gesprek toetree as die menswaardigheid van mense aangetas word en geregtigheid en versoening ten opsigte van alle mense misken word nie (NG Kerk, 2011).

Die NG Kerk se roepingsverklaring stippel die kerk se strategie uit om aan hierdie roeping gestalte te gee. Daar word sterk klem gelê op hoe kommunikasie hierin ŉ rol speel. Die roepingsverklaring noem onder meer dat die NG Kerk op die volgende wil fokus:

> [P]ublieke getuienis teenoor die owerheid, burgerlike samelewing en populêre kultuur; uitreiking na en gesprek met ander kerke en godsdienste; en verbeterde kommunikasie met die oog op die vestiging en uitbou van ŉ dinamiese geloofwaardige beeld (NG Kerk, 2011).

Die roepingsverklaring noem egter nie hoe hierdie gesprekke gevoer word nie. Benewens die inperkings en veranderinge wat reeds in hierdie hoofstuk bespreek is, is die gespreksforum

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oor menswaardigheid wat vroeër op die NG Kerk se webwerf bedryf is, boonop op 5 Maart 2012 gesluit (sien Hoofstuk 5 vir die volledige bespreking hiervan). Hierdie forum sou die ideale ruimte wees waarbinne die kommunikasie van publieke getuienis gevoer kon word.

Aan die een kant sien mens hoe die NG Kerk met sy Facebookgroep ŉ poging aangewend het om tot die gesprek oor menswaardigheid en geregtigheid toe te tree. Aan die ander kant het die afskaffing van die elektroniese redakteurspos veroorsaak dat geen "gesprek met ander kerke en godsdienste" of met die "burgerlike samelewing en populêre kultuur" – soos verwoord in die beleidstuk wat bo aangehaal is – meer op dié webwerf kon plaasvind nie. Die potensiaal van NG Kerk se Facebook om ŉ publieke sfeer te skep is dus saam met onder meer die afskaffing van die elektroniese redakteurspos van die NG Kerk ernstig geknou.

e. Teologiese fakulteit van Universiteit van Pretoria (www.teo.co.za)

Hierdie webblad is ŉ webwerf van die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria (UP) het op sy tuisblad verklaar:

> Hierdie webblad wil veral die twee deelnemende vennote van die Fakulteit, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Nederduits Gereformeerde Kerk bedien, maar terselfdertyd wil ons ook ŉ wêreldwye diens lewer. Almal is dus welkom.

Daar is dus ŉ oop en toeganklike ruimte geskep vir gesprek waarbinne publieke teologie moontlik bedryf sou kon word. Volgens die webblad se redakteur is die doel van die webwerf om die nuutste teologiese navorsing vir predikante en lidmate toeganklik te maak deur middel van kort artikels wat maklik leesbaar is (De Villiers, 2012). Bydraes is deur dosente aan die Fakulteit Teologie van UP en soms van dosente van ander universiteite gemaak.

Omdat www.teo.co.za gemik was daarop om beide die NG Kerk en die Hervormde kerk te bedien, is die kategorieë waarin die data rangskik is, effens gewysig deur twee kategorieë saam te smelt – dié wat handel oor slegs NG Kerksake en dié wat oor wyer godsdienstige sake handel. Die derde kategorie, wyer as kerksake, handel oor ekonomiese, politiese of maatskaplike kwessies.



Grafiek 4.5 wys dat byna al die plasings op www.teo.co.za gehandel het oor sake van godsdienstige belang. Dit strook met die webwerf se doelwit, en die feit dat www.teo.co.za geen spesifieke verbintenis met publieke teologie gehad het nie (De Villiers, 2012).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Altesame 7% van die inhoud wat wyer as godsdienstige sake strek, het oor sake soos ekologie en kuns gehandel. Volgens die webwerf is daar ook sekulêre rubrieke, oor poësie en flieks. Daar is slegs ŉ klein aantal van hierdie rubrieke geplaas in die tydperk wat die webblad ondersoek is.

Die webwerf het 75 plasings binne ŉ jaar gemaak en 149 kommentaarplasings as reaksie op die artikels gekry. Alhoewel die meeste artikels nie kommentaar uitgelok het nie, is daar veral drie artikels wat besonder baie reaksie uitgelok het. Al drie het oor kerksake gehandel: ŉ onderhoud met Prof. Christo Lombaard van UNISA se Departement Christelike Spiritualiteit en voormalige redakteur van www.teo.co.za; ŉ resensie oor die boek, *Gays en God. ŉ Onmoontlike vriendskap?* Die plasing wat die meeste kommentaar (35) uitgelok het, het gehandel oor Satan in die Ou Testament. Die interaksie wat uit hierdie inhoud gevloei het, word in Hoofstuk 6 bespreek.

Onderaan elke artikel of resensie wat geplaas is, is ŉ veld verskaf om kommentaar te lewer en ook die teks te evalueer. Die webwerf het dus kommentaar op artikels aangemoedig.

Die webwerf van UP se teologiese fakulteit het dus in sy doel geslaag om teologiese navorsing aan gebruikers te verskaf, maar probeer nie om doelbewus sake van openbare belang te bespreek nie.

f. Teologiese fakulteit van Universiteit van Stellenbosch (www.soliustitiae.co.za)

Sol Iustitiae is die webwerf van die teologiese fakulteit van Universiteit Stellenbosch. Die doel van die webwerf is om ŉ wyer kring as net akademiese teoloë bewus te maak van temas en gesprekke voortvloeiend uit die fakulteit en wyer (Brand, 2012).

Skrywers wat al bydraes gelewer het, sluit in studente en dosente van die fakulteit, navorsingsgenote en ander medewerkers by die fakulteit. Die artikels wat geplaas is, het hoofsaaklik gehandel oor aktuele godsdienssake en sluit lesings, praatjies, preke en artikels wat in tydskrifte en koerante gepubliseer is, in. Onderaan elke artikel is ŉ veld waarin kommentaar geplaas kan word. Sol Iustitiae het ook ŉ ooreenkoms met *Die Burger* gehad om godsdiens-artikels wat in dié koerant verskyn, te publiseer (Brand, 2011). ŉ Skakel na *Die Burger* se webwerf is saam met die artikel gepubliseer.

Daar was ook ŉ forum waar studente hul insigte en gesprekke kon publiseer – hoofsaaklik in die vorm van artikels. ŉ Skakel na die "boekrak" het die gebruiker gelei na ŉ blad met resensies oor die nuutste teologiese boeke. Die skakel "nuus" het gelei na ŉ blad waarop verskeie NG Kerksinodes se weeklikse e-nuusbriewe geplaas is, inligting oor werkswinkels of seminare by die fakulteit verskaf is, asook skakels na artikels wat deur buitelandse godsdienstige instellings gepubliseer is.

Die inhoud van www.soliustitiae.co.za is in drie kategorieë gerangskik en grafiek 4.6 wys die persentasie van inhoud wat in elk van die drie kategorieë val.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Alhoewel die meerderheid van inhoud oor NG Kerksake gehandel het, was daar tog inhoud wat oor wyer politiese, ekonomiese of maatskaplike sake gehandel het. Volgens die webredakteur, Gerrit Brand (2012), het dié webwerf inhoud gepubliseer wat nie slegs akademies van aard is nie, maar ŉ breër fokus op teologie met ŉ besondere fokus op menswaardigheid as tema gekombineer. Verder meen hy dat die gedagte van die webwerf was dat dit wyer as net oor amptelike kerklike temas sal praat.

Die webwerf het in ŉ jaarperiode 76 plasings gemaak, en het een kommentaarplasing uitgelok. Daar is dus inhoud geplaas en ruimte geskep wat kan bydra tot ŉ publieke sfeer, maar ŉ gesprek oor inhoud wat handel oor openbare sake was nie op www.soliustitiae.co.za teenwoordig nie.

g. Die teologiese fakulteit van Universiteit van die Vrystaat (http://theology.ufs.ac.za/default.aspx)

Hierdie webwerf is deel van die Universiteit van die Vrystaat (UV) se webwerf. Dit het inligting bevat oor die fakulteit, kontakbesonderhede, kursusse, akademiese inligting en nuus oor kongresse. Studente is op dié blad uitgenooi om deel te raak van die fakulteit se Facebookgroep, maar so ŉ groep kon nie op Facebook opgespoor word nie.

Geen inhoud waarop kommentaar gelewer kan word nie, was beskikbaar op dié webwerf nie. Alhoewel hierdie fakulteit hom moontlik tot publieke teologie verbind het op ander maniere, het dit nie sy webwerf gebruik om publieke teologie te bedryf nie, aangesien dit slegs ŉ statiese blad is.

4.4 Gevolgtrekking

Die drie kenmerke waarop publieke teologie, volgens Kim (2011:xi) berus en in 2.3.2. bespreek is, is gebruik om te bepaal hoe die NG Kerk se verbintenis tot publieke teologie op die webwerwe gestalte kry. Deur al die plasings van die sewe webwerwe te tel en te kategoriseer, is bepaal hoeveel van die inhoud wat deur webredakteurs geplaas is, kon bydra tot die skep van ŉ publieke sfeer. Die kategorieë waarin inhoud gerangskik is, is

- sake wat slegs op die NG Kerk van betrekking was;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- kwessies wat wyer as die NG Kerk was, maar steeds oor godsdienstige sake gehandel het en;
- sake gemoeid met kwessies binne die breë samelewing, soos die politiek, ekonomie en maatskaplike kwessies.

Die totale gepubliseerde inhoud van al die NG Kerk se webwerwe word in Grafiek 4.7 gewys. Slegs 10% van die inhoud wat deur die NG Kerk op sy webwerwe gepubliseer is, het gehandel oor sake wat op die breë samelewing van toepassing was, terwyl 44% oor godsdienstige sake gehandel het, en 46% slegs op die NG Kerk van toepassing was.



Die verbintenis wat elk van die NG Kerk se webwerwe tot publieke teologie gehad het, kon egter nie nét uit die inhoud van die webwerwe afgelei word nie. Die posisionering en doelwitte van die webwerwe moes ook in ag geneem word. *Kerkbode* het homself as ŉ voertuig van gesprek binne die kerk gesien, en hom verbind daartoe om publieke teologie te beoefen sodat gewone mense in gewone taal aan die openbare gesprek kan deelneem (Oosthuizen, 2012c). Hierdie verbintenis is duideliker op *Kerkbode* se Facebookblad te sien as op Kerkbode-aanlyn.

Die NG Kerk het publieke getuienis gebruik om publieke teologie binne die breë samelewing te bedryf. Die verandering wat die NG Kerk se webwerf ondergaan het, het egter die potensiaal om publieke getuienis te lewer, ingekort. Die Facebookblad was ŉ ruimte waar gesprek oor menswaardigheid, geregtigheid en ander kwessies rondom die staatsbestel wel gevoer is. Die NG Kerk het hierdie ruimte in ŉ stadium effektief gebruik om publieke teologie te bedryf, indien in ag geneem word dat meer as helfte (52%) van die inhoud op die NG Kerk se Facebook oor kwessies wyer as NG Kerksake gehandel het. Plasing van sulke inhoud is egter gestaak met die afskaffing van die elektroniese redakteurspos. Alhoewel die amptelike rede was dat die elektroniese redakteur voortaan al sy aandag aan publieke getuienis wy, meen die navorser dat debat op Facebook moontlik te robuus was, en dat dit moontlik kon bydra tot die afskaling van die NG Kerk se aanlyn-gesprekke. Die moontlike redes vir die afskaffing van die pos word meer breedvoerig in Hoofstuk 7 bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ander drie webwerwe van die NG Kerk het geen spesifieke verbintenis gehad tot publieke teologie nie, maar www.teo.co.za en www.soliustitiae.co.za het soms artikels gepubliseer oor sake wat wyer as die NG Kerk strek.

NG Kerk-aanlyn en sy Facebookblad asook Kerkbode-aanlyn en sy Facebookblad het dus die grootste verbintenis gehad tot publieke teologie en die grootste bydrae gelewer om ŉ publieke sfeer te probeer skep. Hierdie afleiding word slegs gemaak uit die tipe inhoud wat die webwerwe plaas, asook ŉ oorsigtelike kwantitatiewe blik op die hoeveelheid kommentaar wat daarop gelewer is. Die regulering van diskoerse, asook die interaksie tussen gebruikers dra egter ook by tot die skep van ŉ publieke sfeer. Die volgende twee hoofstukke handel oor hierdie kwessies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5: Die regulering van die NG Kerk se webwerwe

5.1 Inleiding

Soos volledig bespreek in Hoofstuk 2, is een van die voorvereistes van ŉ publieke sfeer dat ŉ openbare diskoers gevoer word waaraan enigiemand kan deelneem. Die publieke sfeer moet ook vry wees van magsinstellings of individue wat sy/haar mag afdwing (Habermas, 1989:27). As die NG Kerk dus deur regulering keer dat sinvolle bydraes tot internetdiskoerse plaasvind, kan ŉ ideale publieke sfeer nie bestaan nie. Hierdie hoofstuk ondersoek watter rol regulering van die NG Kerk se webwerwe in die daarstelling van ŉ publieke sfeer speel.

Die nuwe media se potensiaal om ŉ oop en toeganklike platform te skep waar openbare gesprek gevoer kan word, kan deur kommersialisering aan bande gelê word. Die publieke sfeer kan dus ook deur ekonomiese mag verwring word (Papacharissi, 2002:19).

Die NG Kerk en sy webwerwe win geen finansiële voordeel in nie, behalwe *Kerkbode* se webwerwe, wat dié koerant "bemark" (Oosthuizen, 2012c; Mouton, 2012). Die NG Kerk se webwerwe is hoofsaaklik daar om ŉ teenwoordigheid op die internet te hê (Oosthuizen, 2012c; Du Toit, 2012) en sodoende aan lidmate en nie-lidmate inligting te verskaf oor wat in die NG Kerk gebeur en watter besluite geneem word (Du Toit, 2012). Maar dat *Kerkbode* en die NG Kerk as "handelsmerk" bestuur moet word, is deel van die konteks waarin die NG Kerk homself bevind (De Stadler et al., 2009:2).

Kommersialisering het moontlik deur globalisering en sekularisering ŉ sterker invloed geword sedert 1994, terwyl die NG Kerk se politieke invloed in die periode drasties afgeneem het. Die NG Kerk is nie meer die magsinstelling wat dit voorheen, tydens apartheid as bondgenoot van die Nasionale Party, was nie (Steyn, 2005:551). Volgens ampsdraers vertoon die NG Kerk nou meer verdraagsaamheid teenoor verskillende menings in die kerk, en is hy versigtig om "finale" uitsprake te maak (Gaum, 2010:101). Ook die sogenaamde postmoderne tydsgees, outonome gemeentes, groeiende sosiale behoeftes en verskillende menings oor kwessies binne die kerk, speel ŉ rol in hoe die NG Kerk homself binne die samelewing sien (Steyn, 2005:550) en dus sy invloed op lidmate en nie-lidmate.

In 2.5. is bespreek hoe regulering op die internet plaasvind. Alhoewel die internet op ŉ makrovlak deur wetgewing en deur tegnologiese meganismes gereguleer word, is dit van belang vir hierdie studie hoe die NG Kerk se webwerwe op mikrovlak gereguleer word. Voordat die bevindinge wat betrekking het op die regulering van die NG Kerk se webwerwe bespreek word, volg ŉ kort oorsig oor die relevante metodologie.

5.2 Oorsig oor metodologie

Bevindinge van die semi-gestruktureerde onderhoude met die webredakteurs van NG Kerk-aanlyn (Ben du Toit) en Kerkbode-aanlyn (Jean Oosthuizen), asook die vraelyste wat aan ander webredakteurs en betrokkenes via e-pos gestuur is, word hier aangebied en bespreek. Bevindinge van die sistematiese observasie, wat hoofsaaklik gebruik is om navorsingsvraag 3

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

("Wat is die aard van die openbare interaksie op die NG Kerk se webwerwe?") te beantwoord, het aanvullende inligting oor die regulering van diskoerse op die webwerwe verskaf.

As deel van die kwantitatiewe metode van sistematiese observasie, het die navorser kwalitatief aantekeninge gemaak van temas en verskynsels wat gereeld voorgekom en betrekking gehad het op die navorsingsvrae. Hierdie bevindinge, asook dié verkry uit die vraelyste en onderhoude, word vervolgens bespreek.

5.3 Bevindinge

a. Kerkbode-aanlyn (www.kerkbode.co.za)

Op 18 Mei 2012 het Kerkbode-aanlyn ŉ etiese kode vir die gebruik van dié webwerf opgestel (Sien Addendum D). Die kode is veral gerig op *Kerkbode* se Facebookblad, maar dien ook vir Kerkbode-aanlyn. Dit is opgestel na aanleiding van gebruikers wat veral die Facebook-forum misbruik het (Oosthuizen, 2012c). Maar eerstens fokus die bespreking op die regulering van Kerkbode-aanlyn self.

Selfs voordat bogenoemde etiese kode in werking gestel is, was daar min gevalle waar die webredakteur kommentaar op Kerkbode-aanlyn moes verwyder. Kommentaar is wel verwyder indien die forum gebruik word om "die kerk aan te val of af te kraak, alhoewel kritiek toegelaat en selfs verwelkom word" (Oosthuizen, 2012c).

Indien ŉ gebruiker die eerste keer kommentaar op Kerkbode-aanlyn wou plaas, moes dit deur die webredakteur goedgekeur word voordat dit gepubliseer is. Indien hierdie kommentaarplasing goedgekeur is, is die gebruiker se volgende kommentaarplasings outomaties toegelaat (Oosthuizen, 2012c). Hierdie stelsel het volgens die redakteur gekeer dat gemorspos geplaas word, en het ŉ mate van kontrole gebied oor wie aan die forum deelneem. Die webredakteur het tot in daardie stadium nog geen eerste gebruiker afgekeur nie (Oosthuizen, 2012c).

In een geval is dosente en predikante persoonlik aangeval en die webredakteur het hierdie plasings van Kerkbode-aanlyn verwyder. Hy meen dat kommentaarplasings op dieselfde manier gekeur word as vir ŉ gedrukte koerant. Indien dit ŉ aanhoudende herhaling van dieselfde temas is en indien inligting erg beledigend en aanstootlik is, sal dit verwyder word (Oosthuizen, 2012c). Volgens Oosthuizen (2012c) is min kommentaar verwyder, omdat hy nie gesprek wil demp nie en ŉ kans wil gee "vir elke stem om gehoor te word".

Uit die data van die sistematiese observasie is dit duidelik dat daar heelwat meer kommentaarplasings op *Kerkbode* se Facebookgroep geskied as op Kerkbode-aanlyn. Daar is 301 maal in die jaartydperk op Kerkbode-aanlyn kommentaar geplaas, terwyl 5617 kommentaarplasings op *Kerkbode* se Facebookgroep gemaak is. Die meeste gesprekke het dus op *Kerkbode* se Facebook plaasgevind, en dit is ook op hierdie blad waarop die soort inhoud geplaas word wat moontlik in terme van die NG Kerk se etiese kode gereguleer moet word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

b. Kerkbode se Facebookgroep (www.facebook.com/kerkbode)

Betrokkenes by *Kerkbode* het dit nodig geag om ŉ etiese kode op te stel wat gesprek op Kerkbode-aanlyn, maar veral op Facebook, reguleer (Oosthuizen, 2012c). Die etiese kode was egter nie die enigste regulering wat toegepas is nie. *Kerkbode* se Facebookblad as gespreksruimte is op 2 Augustus 2012 gesluit – ongeveer drie maande nadat die etiese kode opgestel is. Meer hieroor later. Eers word die etiese kode bespreek.

Die etiese kode is opgestel na aanleiding daarvan dat sommige gebruikers die gespreksforum misbruik het – "erg aanstootlike en persoonlike aanvalle en kaping van gespreksdrade is van die vernaamste vorme van misbruik gewees" (Oosthuizen, 2012c). Die misbruik van die forum het meegebring dat verskeie gereelde gebruikers nie meer aan die forum wou deelneem nie (Oosthuizen, 2012c).

Gedeeltes uit ŉ gespreksdraad van 29 Februarie 2012 wys dat *Kerkbode* dit nodig geag het om ŉ etiese kode in te stel wat ŉ raamwerk vir debatvoering kon skep. Ten spyte van *Kerkbode* se waarskuwings aan gebruikers (soos die voorbeeld wys), is die etiese kode steeds nodig geag. Uittreksels uit die gespreksdraad lui as volg:

> *Ralph Barnard: En wat het jy nog steeds teen Renier? Op ŉ vorige draad het jy hom aangeval, toe om verskoning gevra en hier doen jy dit wéér!*
>
> ...
>
> *Renier Lourens: Wynand, ek voel eintlik ŉ veer wat jy dink van my of my insig in die Bybel. Ek het hierdie post met ŉ rede opgesit: om te ontbloot hoe eensydig jy is in jou aanslag, en dat jy daarop uit is om mense te beskuldig en verdag te maak en uit te kryt as dwaalinge.*
>
> ....
>
> *Kerkbode: Wynand Louw daar is ŉ verskil tussen ŉ gespreksforum soos die en ŉ persoonlike blog. Jy is nie besig om gesprek te voer nie maar om die hele gespreksruimte vir jouself op te eis. Dit is nie aanvaarbaar nie. Jy het feitlik hierdie hele draad probeer kaap met poste wat niks te doen het met die onderwerp nie. Sulke bydraes sal verwyder word juis omdat dit geen bydrae lewer tot oop gesprek nie en eerder gesprekke demp. Daar is meer as genoeg ruimte op bydraers se persoonlike blogs vir sulke eensydige gesprekke.*
>
> ...
>
> *Kerkbode: Wynand jy het jou punt oor die emergents nou al herhaaldelik gemaak en poog telkens om drade soos die te kaap en selfs te verdraai om jou eie agenda te bevorder. Een persoon kan nie op die manier die forum oorneem nie.*

(Die kommentaarplasings van Wynand Louw is egter verwyder aangesien dié gebruiker geblok is. Die navorser kon dus nie hierdie kommentaar sien nie.)

Kerkbode het dit nodig geag om inhoud wat nie bydra tot die skep van ŉ publieke sfeer nie, in te perk. Sulke inhoud is volgens betrokkenes, persoonlike beledigings en aanstootlike kommentaar. ŉ Voorbeeld van kommentaar wat om laasgenoemde rede verwyder is deur *Kerkbode* se webredakteur spreek vanself:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *Willie du Plessis: Terwyl die gays en gaykundiges nou hier bedrywig is. Is dit dood normaal vir ŉ gay man om sy geslagsorgaan in poef in te druk?*

Twee ander plasings wat deur die webredakteur van *Kerkbode* se Facebook verwyder is, lui as volg:

> *Somerset Morkel: Hy sal nie by Kerkbode wees nie want hy's ŉ Gereformeerde Baptis. Hy sal ook nie by ŉ wordende heidendom wil aansluit nie..*
>
> *Somerset Morkel: Dis net vir my pynlik hoe mense hulself so kan verinneweer deur te impliseer dat Jesus die 'kat aan die stert' beet gehad het ... Terwyl hierdie profs en ander akademici slegs mense is. Dan het hulle nog die 'audacity' om hulself 'gereformeerd' te noem... Hulle is eerder 'ge-deformeerd', want hulle deformeer al verder van die Bybel af...*

Die rede waarom hierdie plasings verwyder is, en ander plasings in soortgelyke trant nie verwyder is nie, is onduidelik vir die navorser. ŉ Paar voorbeelde in dieselfde trant as dié hier bo, lui as volg:

> *Jean Oosthuizen (14 Maart 2012): Ds Aggenbag u moet liewer niks sê van persoonlike aanvalle nie. U is ŉ meester daarmee. U beswadder en beskinder nie alleen medegelowiges agter hulle rug nie. U probeer hulle sommer uit hulle werk skop en dreig om u tiendes van die kerk te weerhou as dit nie gebeur nie. Dan noem u ander mense addergebroedsels! Ag nee dominee kom nou!*
>
> *Uri Bekker (17 April 2012): Stephen Hawking is ŉ weetnikskaplike. Slim vang sy baas.*

Hierdie kommentaarplasings is gemaak voordat die etiese kode in werking gestel is. Deur die toepassing van die etiese kode kon daar moontlik dus meer konsekwente regulering geskied.

Volgens Oosthuizen (2012c) het die etiese kode ŉ goeie riglyn geskep waarop kommentaar verwyder kon word. Gebruikers kon ook verwys word na die kode indien hulle dit op ŉ manier oortree het, en die webredakteur kon met groter vrymoedigheid gebruikers vermaan. Die webredakteur sal waarskuwings in die vorm van ŉ e-pos stuur of in die kommentaardraad self plaas. Oosthuizen (2012c) meen die etiese kode is wyd verwelkom en gebruikers het daarop ag geslaan, maar daar was steeds "moedswilliges wat dit geïgnoreer het".

Toe die etiese kode op 18 Mei op Facebook geplaas is, het ŉ gespreksdraad van 203 kommentaarplasings gevolg. Aanvanklik het gebruikers hul waardering uitgespreek oor die kode. Die gesprek het naderhand in ŉ robuuste debat ontaard en ŉ groot mate van interaksie het plaasgevind (Sien Hoofstuk 6 vir bevindinge oor interaksie). Die oorwegende temas wat bespreek is, was die etiese kode, die opstellers daarvan en hoe die etiese kode toegepas kan word. Naderhand het die gesprek oor leerstellings binne die kerk gehandel en mense het hul standpunte, dikwels emosie-belaaid oorgedra. Talle gebruikers het kommentaar op die etiese kode gelewer:

> *Stefaan de Jager: Dankie Kerkbode. Ek het kennis geneem van so `n etiese kode wat oppad is. Ek aanvaar dus dat dit alles ook van toepassing is op werknemers van Kerkbode indien hulle aan gesprek sou deelneem. Baie dankie vir hierdie raamwerk. Dit help ons almal.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *Fouche Brand: As kerkblad mis ek dat daar geen godslasterlike opmerkings geduld sal word nie. Die Skrif moet tog ŉ kerkblad se kode bepaal eerder as die grondwet ...*
>
> *Danie Mouton: Ek hou van die kode. Dit gee erkenning aan spraakvryheid, maar trek ook die grense daarvan. Verder word Christelike waardes uitgespel. Die kode is ook ŉ riglyn vir nie - Christene wat hulle nie aan die Woord van God gebonde ag nie.*
>
> *Renier Lourens: Ek is positief oor die kode wat opgestel is ... Ek is bereid om myself daaraan te verbind. Ek aanvaar ook dat soos wat ons vorentoe beweeg, die admins onderskeiding aan die dag sal lê en die kode sal aanpas met die oog op verbetering ... Nou daag ek ander deelnemers uit tot verbintenis, al is dit voorlopig.*
>
> *Nelus Niemandt: Baie dankie aan die mense by Kerkbode wat ŉ goeie begin gemaak het met die daarstel van ŉ etiese kode vir FB. Ek dink dit is ŉ goeie vertrekpunt ...*

Tog het baie gebruikers gevoel dat die etiese kode nie konsekwent toegepas kan/sal word nie, en spreek hulle bedenkinge daaroor uit:

> *Stefaan de Jager: Solank die opsteller homself ook daaraan onderwerp, is dit goed so.*
>
> *Barend Nel: Punt 7: "Ons verwag wel van deelnemers om nie mede-gespreksgenote onnodig te etiketteer hetsy as fundamentaliste, liberaliste of wat ook al nie." Laat my dink aan ŉ erg verregse in die ou Suid-Afrika wat ontken het dat hy ŉ rassis is. Toe iemand hom vra wat sy definisie van ŉ rassis dan is antwoord hy: "Dit is iemand wat die swartmense meer haat as wat nodig is"*
> *Ek beloof om nie die fundamentaliste ONNODIG fundamentaliste te noem nie... ;-)*
>
> ...
>
> *Emma Huismans: Verdraagsaam? Iemand hierbo gebruik die woord verdraagsaam? Dis seker ironies bedoel? Nog ŉ vragie: verstaan nie hoekom Jaco de Beer nog nie geblokkeer is nie.*
>
> *Jaco De Beer: Emma, ek wonder hoekom jy nie al geblok is nie. Jy het my al n idioot genoem. Pierre het my al gevloek en Jean, ek praat liewer nie. Ek het nog niemand op die forum gevloek nie of n idioot genoem nie. Ek het al BAIE gese as jy gay is en jy bekeer nie en toon berou voor God nie, gaan jy hel toe ... Die forum is welkom om my oor sulke goed te blok.*

ŉ Geval waar die toepassing van die etiese kode betwyfel is, is waar een van die administrateurs van die Facebookblad homself (volgens gebruikers) skuldig gemaak het aan ŉ oortreding van die etiese kode. Kommentaarplasings hieroor lui as volg:

> *Anton Bosch: Sou die volgende aanhaling as ŉ oortreding van artikels 2 en 9 beskou kon word, of sal dit aanvaarbaar wees? "... jou chlicés maak regtig nie indruk nie. Probeer ŉ slag soos ŉ grootmens redeneer of gaan lees liewer jou kinderbybel en los die res vir die grootmense. Het jy al van TS Eliot gehoor of moet hy ook die 666 merkies gaan afwas met Jesus se bloed? As jy bietjie meer breingimnastiek doen sal jy dalk minder nonsens praat."*
>
> ...
>
> *Hennie Mouton: Anton, jy het ŉ vraag gevra oor die aanvaarbaarheid al dan nie van spesifieke aanhalings. Jy is nie geantwoord nie. Kan jy sê wie dit geskryf het en op watter draad? As sulke spesifieke voorbeelde nooit aangespreek gaan word nie omdat die "regte" mense dit kwytgeraak*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *het, kan Kerkbode die mooiste kodes opstel, maar dit beteken niks nie. Dan sal die kodes maar net ŉ verskoning word om uiters selektief sekere skrywes te blok, terwyl die toepassers se vriende met moord wegkom.*
>
> *Alwyn Van Schoor: Dis gemaak deur die opsteller van die etiese kode (ROFL) op die John W de Cruchy -draad van 12 Mei* (Hierdie plasing is deur Jean Oosthuizen gemaak.)

ŉ Mens sou kon argumenteer dat die etiese kode potensieel kan bydra om ŉ publieke sfeer te skep, omdat korte mette gemaak is met ongewensde kommentaarplasings wat nie relevant tot die inhoud is nie, asook dié plasings wat ander sku maak om aan die gesprek deel te neem. Dus, inhoud wat eerder ŉ publieke sfeer afbreek, as tot stand bring. Maar indien die etiese kode nie konsekwent toegepas word nie of deur die administrateurs van *Kerkbode* se Facebook self oortree word, kan só ŉ kode nie bydra om debat te reguleer wat die publieke sfeer bevorder nie. Uit die voorbeeld hierbo blyk dit of gebruikers die toepassing van die etiese kode betwyfel. Dieselfde twyfel was dalk by betrokkenes by *Kerkbode* teenwoordig, aangesien die Facebookblad as gespreksruimte gesluit is.

Op Facebook kan gebruikers geblok word sodat hulle nie meer aan ŉ Facebookgroep se gesprekke kan deelneem nie. Die blok van ŉ gebruiker is egter as heel laaste oorweging gebruik (Oosthuizen, 2012c). Die gebruiker was eers verskeie kere gewaarsku, soos hierbo gesien. Volgens Oosthuizen (2012c) is dit "belangrik om vryheid van spraak toe te laat". Gebruikers wat rassistiese of homofobiese uitsprake maak, haatspraak pleeg of herhaaldelike persoonlike beledigings maak, was geblok. Hy het benadruk dat gebruikers met teologiese verskille of nie-gelowiges nie geblok is nie.

ŉ Gesprek op 13 Maart 2012 oor verskillende kwelpunte in die kerk wys duidelik dat gebruikers teologiese verskille het, maar tog met mekaar in gesprek tree. ŉ Paar laaste plasings van ŉ gespreksdraad het só gelyk:

> *Drikus Greyling: Skuus Barend, ek kan nie veel verder gesels nie, ek kan al die skrifgedeeltes hier plak, maar ek is seker ons gaan nie saamstem nie ...*
>
> ...
>
> *Hennie Mouton: Goed Barend, dus bring dit ons terug by die gesag van die Bybel. Ek kan op geen manier met jou siening saamgaan nie. Maar wat ek waardeer is dat jy dit openlik en duidelik stel...*
>
> ...
>
> *Barend Nel: Wel Hennie uiteindelik stem ek en jy darem oor iets saam :-) …*

Daar is selfs gesprekke tussen gebruikers met verskillende geloofsoortuigings, en dikwels is die meningsverskille daarin robuus (Facebook-gesprek, 4 Maart 2012):

> *Emwee Vorster: Eerder glo ek in evolusie as wat ek glo een of ander deity het die mens uit n moddermannetjie gemaak?*
>
> *Christa Van Vuuren: As mens dink aan al die verspottighede en belaglikhede wat gelowiges glo sal ek liewers nie spot met ateïsme nie.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> ...
>
> *Grys Meerkatmeisie: Wynand, waarom is dit vir ŉ gelowige so moeilik om te aanvaar dat dit moontlik is om in geen bonatuurlike wese te glo nie...*

Teologiese verskille of verskillende geloofsoortuigings is dus vryheid gegun om op *Kerkbode* se Facebookblad te bestaan. Dit is slegs, wat die webredakteurs as persoonlike beledigings en aanstootlike aanvalle beskou, wat gereguleer word. Sulke kommentaarplasings (indien dit korrek beoordeel word en konsekwent geklassifiseer word) dien in elk geval nie volgens hierdie studie se teoretiese raamwerk die publieke sfeer nie. Die etiese kode moes help met hierdie regulering, maar sommige gebruikers asook die direksie van Bybel-Media was van mening dat hierdie regulering nie slaag nie (Mouton, 2012). Die etiese kode is moontlik ook ingestel oor die vrees van die direksie dat hul handelsmerk skade kon ly as gevolg van die ongewensde kommentaarplasings.

Kerkbode se Facebook moes gevolglik as gespreksruimte sluit. Hierdie besluit is deur die direksie van die Bybel-Media (uitgewer van *Kerkbode*) geneem en van krag gemaak. Dit beteken dat gebruikers nie ŉ gespreksdraad kan begin nie, maar dat slegs *Kerkbode* sulke plasings kan maak. Gebruikers kan egter steeds op die kommentaarplasings wat *Kerkbode* maak, reageer. Die besluit lui as volg:

> *Kerkbode* se Facebookblad sluit as sosiale gespreksruimte, en bly slegs voortbestaan as digitale bemarkingsinstrument vir die gedrukte weergawe van *Kerkbode*. Die direksie versoek dat die nuusredakteur, Jean Oosthuizen, voortaan slegs fokus op die gedrukte weergawes van *Kerkbode* (Mouton, 2012).

Kerkbode se Facebook-administrateurs het sedertdien slegs skakels na berigte of artikels uit die gedrukte weergawe van *Kerkbode*, wat op Kerkbode-aanlyn verskyn het, geplaas.

Die direksie, wat bestaan uit drie predikante, twee professionele media-praktisyns en twee finansiële kundiges, is glo deur verskeie waarnemings op *Kerkbode* se Facebookblad gelei om bogenoemde besluit te neem. Hulle meen dat "die inhoud en strekking van baie plasings op *Kerkbode* se Facebookblad dien – volgens die direksie se oordeel – nie die belange van *Kerkbode* nie" (Mouton, 2012).

Die waarnemings wat die direksie se besluit bepaal het, sluit onder meer die volgende in:

- *Kerkbode* en die NG Kerk word baie konsekwent ekstreem gekritiseer, sonder ŉ konkrete, feitelike basis vir die kritiek. Geen onderneming kan ŉ Facebookblad bedryf waar die blad gebruik word om stemming teen die instelling (*Kerkbode*) te maak en die onderneming af te kraak nie.
- Die indruk bestaan dat verskeie gebruikers nie in gesprek met die kerk, *Kerkbode* of lidmate van die NG Kerk belangstel nie. Die Facebookblad dien as forum om hul eie gedagtes aan ŉ groter gehoor bekend te stel.
- Die gesprekslyne verteenwoordig tot ŉ groot mate nie middelgrond in die ruim huis, wat die NG Kerk is nie. Dit is uiterste standpunte, bv. tussen wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as fundamentaliste en uiterste vrysinniges gesien kan word. Hierdie gesprekke skep egter realiteit vir lidmate, wat nie altyd onderskei tussen die gesprekke en amptelike standpunte nie.

- Die gesprekstemas wat personeel inisieer, verteenwoordig dikwels individuele aktivisme, eerder as *Kerkbode* se redaksionele beleid.

Die direksie het ook gevind dat regulering deur Facebook-administrateurs nie suksesvol is nie, omdat administrateurs dikwels persoonlik betrokke raak by die gesprekke. Een só geval is hier bo bespreek. Die direksie meen dat hierdie situasie nie binne die gedrukte *Kerkbode* bestaan nie, omdat die berigte deur ŉ span versorg word en daar kollektiewe verantwoordelikheid is.

Regulering op *Kerkbode* se Facebookblad is aangewend op mikrovlak deur die etiese kode in werking te stel, terwyl dit steeds op makrovlak deur die Grondwet en ander beleid gereguleer word. Die afskakel van Facebook as sosiale gespreksruimte is dus regulering op wat hierdie studie as "mesovlak" beskryf. Dit is regulering wat nie op grondvlak – daar waar die gesprekke op Facebook plaasvind – bestuur word nie. Dit is regulering op ŉ hoër vlak – die uitgewers van die produk waarvan die Facebookblad ŉ verteenwoordiger is.

Uit die besluit van die direksie blyk dit dat die handelsmerk van hul onderneming waardevol geag word, en dat daar moontlik vrees vir die vryheid en interaktiwiteit van die nuwe media bestaan. Deur hul ingrype gebruik die direksie regulering om sy politiese en ekonomiese mag te handhaaf.

Alhoewel die etiese kode moderering moes vergemaklik, blyk dit dat juis die moderering van *Kerkbode* se Facebookgroep ŉ probleem geraak het en daarom is *Kerkbode* se Facebookblad as ŉ gespreksruimte gesluit. Tog meen kenners dat moderering een van die meganismes is wat ŉ gespreksruimte aanhelp om ŉ publieke sfeer te word (Poor, 2005). Die direksie se besluit om die gespreksruimte te sluit, hou implikasies in vir die tipe inhoud wat deur webredakteurs op *Kerkbode* se webwerwe geplaas kon word. Hierdie inhoud word onderskeidelik in Grafiek 4.1 en 4.2 voorgestel.





Die uitwerking van die besluit was dat inhoud op *Kerkbode* se Facebookgroep ŉ spieëlbeeld sou wees van dit wat op Kerkbode-aanlyn gepubliseer word. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat inhoud wat bydra tot die skep van ŉ publieke sfeer (wyer – polities) nie op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kerkbode se Facebook afgeneem het nie, aangesien albei webwerwe 11% van die inhoud daaraan afstaan. Inhoud wat oor wyer as godsdienstige sake handel, het egter afgeneem op *Kerkbode* se Facebookgroep omdat dit bloot Kerkbode-aanlyn se inhoud weerspieël.

Die NG Kerk het die mag om regulering toe te pas wat die publieke sfeer op sy webwerwe kan inperk. Uit die direksie se reaksie, asook bevindinge uit die sistematiese observasie, was dit duidelik dat gebruikers krities teenoor die kerk is. Die direksie het gemeen dat die kritiek "konsekwent ekstreem" en "sonder ŉ konkrete, feitelike basis" is. Tog het die bevindinge van die sistematiese observasie nie hierdie stelling ten volle gestaaf nie. Daar was dikwels gesprekke waar krities omgegaan word met wat binne die NG Kerk gebeur. Die direksie het aangevoer dat kritiek altyd ekstreem of ongegrond was, maar daar was tog billike kritiek, soos twee kommentaarplasings op 17 Maart 2012 aandui:

> *Coert Welman: ... Newwermaaind dominees, SENIOR en gesiene predikante/teoloë van die NG Kerk verkondig dit. Hulle skryf boeke daaroor, skryf artikels daaroor en voer onderhoude daaroor wat duidelik soos daglig aandui dat hulle dink dit is twak om te glo in ŉ maagdelike geboorte, fisiese opstanding van Jesus, sondeval, ens. Wat nog te sê van die "predikant" wat briewe skryf waarin hy duidelik verkondig dat gebed nutteloos is?*
>
> *Renier Lourens: Ek kan jou die versekering gee dat die NGK geensins deur ŉ enorme krisis gaan nie; dat daar geensins dwaling onder die leierskap van die NGK is nie; dat die NGK baie moeite doen om sinodes, ringe en kerkrade te lei om geloofsonderskeidend kerk te wees en te leef...*

Die besluit om Facebook se gespreksruimte te sluit, het ook implikasies vir die aard van die gesprek wat op *Kerkbode* se Facebook plaasvind. Alhoewel die sluiting van *Kerkbode* se Facebookgroep buite die beplande tydsraamwerk van hierdie studie geval het, is besluit om die implikasies van die besluit statisties te ondersoek. Grafiek 5.1 wys die aantal unieke besoekers wat gereageer het op stories wat deur *Kerkbode* gepubliseer is. Dit sluit kommentaarplasings, "likes" en die deel van stories met ander gebruikers, in.



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit die grafiek kan afgelei word dat die sluiting van die funksie vir gebruikers om ŉ gespreksdraad te begin, nie gesprek gedemp het nie (ten minste vir ŉ maand nadat die funksie gesluit is). Daar was selfs meer reaksie op *Kerkbode* se Facebookblad. Die interaksie wat ná die sluiting van die gespreksruimte plaasgevind het, word kortliks in Hoofstuk 6 bespreek.

Uit die bogenoemde bevindinge kan afgelei word dat daar robuuste gesprek op Kerkbode-aanlyn en veral *Kerkbode* se Facebookblad geskied het. Kritiek wat persoonlik en beledigend is, persoonlike aanvalle en afkrakende kommentaar blyk op die webwerwe teenwoordig gewees het. Hierdie kommentaarplasings is egter verwyder, en met die instelling van ŉ etiese kode was ŉ raamwerk geskep vir kriteria van kommentaarplasings. Die etiese kode was egter, volgens betrokkenes by *Kerkbode*, nie genoegsame regulering van die gesprek op Facebook nie, en *Kerkbode* se Facebookblad is as gespreksruimte gesluit. Alhoewel sommige kommentaar afbreek aan die publieke sfeer gedoen het (byvoorbeeld onsmaaklike, lasterlike kommentaar), was daar ook robuuste gesprek wat kon bydra tot die skep van ŉ publieke sfeer.

Die hoeveelheid reaksie wat op Facebook plaasgevind het, is egter nie deur die besluit ingeperk nie. Aan die een kant kon die tipe gesprek deur dié regulering bepaal word, maar aan die ander kant is debat nie ingeperk nie. ŉ Publieke sfeer was dus tog teenwoordig, maar die kwaliteit het gedaal aangesien die inhoud oorwegend op NG Kerksake gefokus het.

c. NG Kerk-aanlyn (www.ngkerk.org.za)

Volgens die voormalige redakteur van NG Kerk-aanlyn, het hierdie webwerf nie ŉ etiese kode of iets dergeliks gehad wat gebruikers binne sekere standaarde aan ŉ debat laat deelneem nie (Du Toit, 2012). Twee verwikkelinge in 2012 rondom NG Kerk-aanlyn en die Facebookblad het egter die nodigheid van so ŉ kode laat verval, aangesien geen gesprek daarna meer op NG Kerk-aanlyn gevoer is nie. Eerstens is die pos van die elektroniese redakteur van die NG Kerk afgeskaf, soos in 4.3.c. genoem is. Tweedens het die diversiteitsforum wat vir ongeveer ses maande op NG Kerk-aanlyn bedryf is, gesluit.

Die implikasie van die afskaffing van die elektroniese redakteurspos het meegebring dat die potensiaal vir interaktiwiteit totaal verval het. Daar is tans geen ruimte op NG Kerk-aanlyn waar gebruikers kommentaar kan lewer nie. Een van NG Kerk-aanlyn se doelwitte is om ŉ openbare ruimte te hê waar die kerk kan sê "hoe ons dink oor openbare aangeleenthede en dit vanuit ŉ geloofsperspektief – dus, publieke getuienis" (Du Toit, 2012). Volgens die voormalige redakteur van die webwerf het die interaktiewe webwerf "goed gewerk" (Du Toit, 2012). Die rede vir die afskaffing van sy pos was dat hy meer aandag aan publieke getuienis kan gee. Hierdie besluit blyk teenstrydig te wees met juis die doelwit om publieke getuienis te bedryf.

Die sluiting van die diversiteitsforum se gespreksruimte op 5 Maart 2012 (Bothma, 2012) het verreikende gevolge gehad. Voordat die gespreksruimte gesluit is, het die forum se blad die doel van dié ruimte as volg uiteengesit:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Hierdie forum is bedoel om die gesprek oor diversiteit te stimuleer. Bydraes is die persoonlike menings van gespreksgenote en is nie noodwendig die amptelike standpunt van die NG Kerk nie.

Die verklaring het genoem dat dr Gerhard Bothma die skakelpersoon van dié forum is en dat hy die reg voorbehou om gespreksgenote deur middel van hulle e-posadres te kontak indien nodig.

Hierdie ruimte is geskep nadat die Algemene Sinode in Oktober 2011 besluit het dat "menswaardigheid" een van die kerk se fokusareas moet wees. Die ruimte sou dus dien om ŉ gesprek oor menswaardigheid aan te moedig, maar ook oor diversiteit (Bothma, 2012). In Oktober 2011, toe die ruimte steeds bestaan het, is ongeveer 230 maal kommentaar geplaas. In November 2011 is daar byna 400 keer kommentaar gepubliseer. ŉ Groot meerderheid van die gespreksgenote was gereelde gebruikers gewees.

Die amptelike rede vir die sluiting van hierdie gespreksruimte, wat dikwels robuuste gesprek gedra het, is as volg:

> Spesifieke individue het voortdurend van gesprekstemas af wegbeweeg en aanhoudend persoonlike aanvalle via die ruimte geloods, alhoewel hulle dikwels vriendelik versoek is om dit nie te doen nie en eerder bydraes tot die gesprek te maak. Kort nadat die nuutverkose moderator, prof Nelus Niemandt ook persoonlik aangeval is, is die ruimte gesluit (Bothma, 2012).

In aanloop tot die besluit is die Algemene Sekretaris van die NG Kerk, ŉ moderatuurslid en die diversiteitsforum se taakspanlede geraadpleeg. Nadat die blad gesluit is, is die volgende kennisgewing op NG Kerk-aanlyn geplaas:

> Hierdie Gespreksforum is tans gesluit tot verdere kennisgewing. Die Taakspan vir Menswaardigheid sal aan alternatiewe maniere werk om hierdie belangrike gesprek oor menswaardigheid voort te sit. Dit is vir ons ŉ diep en emosionele saak, omdat dit oor mense gaan – mense wat sistemies verontreg word. Ongelukkig het die funksionering van hierdie forum telkens van die doelstelling afgewyk en gelei tot aanvalle op die integriteit van persone wat (in elk geval) nie self deel is van die gesprek nie.

Volgens Bothma (2012) is die doel dat gesprek oor menswaardigheid en diversiteit gevoer moes word, wel bereik. Daar is waarskynlik nie ŉ eenvoudige rede waarom die gespreksruimte gesluit is nie, maar die volgende anonieme gebruiker se kommentaar som Bothma se rede vir die sluit van die forum op:

> *Skep dan ŉ thread vir "teologiese diversiteit", en laat die lot mekaar maar daar boks. Dan kan die res van ons at least aangaan met die actual etiese gesprek oor diversiteit/menswaardigheid. My gevoel was dat ŉ paar mense die gesprek oorgeneem het met hulle pet topics, en omdat daar net een gesprek was... wel... het hulle die hele gesprek oorgeneem. Maak liewer ruimte vir kleiner gesprekke (Desember 2011).*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bogenoemde twee gebeurtenisse rondom die NG Kerk se webblad blyk na regulering op mesovlak – die afskaffing van die pos van die elektroniese redakteur en die sluit van die diversiteitsforum se gespreksruimte. Albei hierdie gebeurtenisse het ŉ implikasie op die interaktiwiteit van NG Kerk-aanlyn (wat in Hoofstuk 6 bespreek word). Hierdie verwikkelinge het ook ŉ invloed op hoe die NG Kerk se Facebookblad lyk, aangesien artikels of berigte wat op NG Kerk-aanlyn verskyn het, gewoonlik op die Facebookblad gepubliseer is – met ŉ skakel wat terug lei na NG Kerk-aanlyn. Dus word die NG Kerk se Facebookblad bespreek alvorens ŉ gevolgtrekking gemaak word oor hoe die twee verwikkelinge die skep van ŉ publieke sfeer, wat regulering betref, beïnvloed het.

d. NG Kerk se Facebookgroep (www.facebook.com/ngkerk)

Die enigste regulering wat op die NG Kerk se Facebookgroep plaasvind, is dié standaarde wat self deur Facebook gestel word. Die administrateur het egter die mag om kommentaarplasings te verwyder. Volgens die voormalige redakteur van dié groep het hy slegs een gebruiker geblok nadat ŉ hele aantal waarskuwings aan die gebruiker gerig is en per e-pos met hom gekommunikeer is. Volgens du Toit (2012) het "die gebruiker alle perke van fatsoenlikheid oorskry".

In een gespreksdraad wat op 9 Maart 2012 begin is, is dit duidelik uit twee kommentaarplasings dat ŉ gebruiker geblok/sy kommentaarplasings verwyder is. Dié twee kommentaarplasings lui as volg:

> *Rudolph Scharneck: Jammer as ek jou verkeerd verstaan, Eugene, maar se jy dat Neels dus hel toe gaan omdat hy volgens jou siening nie in die duiwel glo nie? Met ander woorde, jy moet in die hel glo om gered te word?*
>
> *Neels Jackson: Eisj, Eugene Koen. Jy ken my nie. Jy weet nie wat my opinie oor die saak is nie. Die berig bevat immers nie my sienings nie, maar ŉ weergawe van wat in ŉ lesing gesê is en wat ek net weergee. Maar jy oordeel my so?*

Tog word daar, volgens die voormalige webredakteur (Du Toit, 2012), selde kommentaarplasings verwyder. Hy meen die rede hiervoor is omdat hy slegs inhoud gepubliseer het wat betrekking het op die kerk se amptelike nuus en inhoud wat uit die openbare media verkry is – dieselfde inligting as wat op NG Kerk-aanlyn verskyn het. Hierdie plasings was gewoonlik ŉ kort sin en ŉ skakel na www.ngkerk.org.za. (sien 4.3.c. vir voorbeelde.)

Die implikasie wat die skrap van die pos van elektroniese redakteur op NG Kerk-aanlyn het, is ook geldig vir die NG Kerk se Facebookgroep. Waar daar voorheen skakels op Facebook geplaas is na die aktuele inhoud wat op NG Kerk-aanlyn verskyn, is daar in Junie, Julie en Augustus 2012 geen plasings deur die NG Kerk op Facebook gemaak nie. Die elektroniese redakteurspos is in Julie 2012 afgeskaf.

Volgens die voormalige elektroniese redakteur is een van NG Kerk-aanlyn se doelwitte om ŉ teenwoordigheid in die sosiale media-omgewing te hê. Alhoewel die NG Kerk nog ŉ

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Facebookblad het, is daar ŉ drastiese afname in plasings en interaksie. Weereens is ŉ teenstrydigheid duidelik in die besluit dat die elektroniese redakteur se pos afgeskaf word sodat hy al sy tyd aan publieke getuienis (en dus ook publieke teologie) kan wy.

Deur die aktuele inhoud wat op NG Kerk-aanlyn gepubliseer is, asook die plasings van skakels daarvan op Facebook te staak, word twee aspekte van die publieke sfeer geknou. Eerstens inisieer die NG Kerk nie meer gesprekke oor politiese, ekonomiese of maatskaplike kwessies nie – publieke teologie het dus as gevolg van ŉ gebrek aan inhoud, geen wegspringplek nie.

Tweedens kan daar ook nie meer *gesprek* gevoer word nie, as gevolg van die gebrek aan inhoud. Die hoofsaak van publieke teologie is tog *gesprek*, en daarsonder kan ŉ publieke sfeer nie tot stand kom nie. Die NG Kerk het dus deur die elektroniese redakteur se pos af te skaf sodat hy aan publieke getuienis aandag kan gee, weggedoen met ŉ essensiële platform om publieke teologie te beoefen.

e. Teologiese fakulteit van Universiteit van Pretoria (www.teo.co.za)

Hierdie webwerf skep met die intrapslag standaarde waarvolgens gebruikers kommentaar kan plaas. Bokant die veld waar gebruikers kan kommentaar lewer, is die volgende geskryf:

> U is welkom om hierdie artikel te evalueer en kommentaar daarop te lewer. U het 1000 karakters tot u beskikking. ŉ Afsnypunt volg outomaties. Wees asseblief ter sake. Persoonlike, afbrekende, beledigende en emosionele opmerkings word nie as kommentaar gereken nie.

Die webredakteur sien alle kommentaar voordat dit geplaas word, en het dus die mag om kommentaar nie te publiseer nie. Volgens die webredakteur word kommentaarplasings wel afgekeur en nie geplaas nie. Dit word slegs gedoen wanneer dit aanvallende, persoonlike of beledigende kommentaar is. Soos byvoorbeeld om vir ŉ outeur te sê, op grond van hierdie artikel gaan hy of sy in die "ewige vuur van die hel brand" (De Villiers, 2012). Kommentaar word nie gewysig nie, dit word eerder afgekeur op grond van wat vroeër genoem is (De Villiers, 2012). Die webredakteur probeer om die meerderheid kommentaar te plaas aangesien sy graag gesprek wil stimuleer. Sy skat dat ongeveer 5% van kommentaar afgekeur word (De Villiers, 2012).

Alhoewel www.teo.co.za nie ŉ amptelike gedragskode het waartoe gebruikers verbind word nie, word verwydering van kommentaar versigtig gedoen, sodat gesprek steeds gestimuleer word (De Villiers, 2012).

Uit die bevindinge van die sistematiese observasie asook dié uit die inhoudsanalise word afgelei dat robuuste debat waar sterk kritiek uitgespreek word, nie die gespreksruimte oorheers nie. Daar was een geval waar ŉ gespreksdraad (wat handel oor Satan in die Ou Testament) ontwikkel het, en gebruikers verskillende standpunte ingeneem het:

> *Cobus Niewoudt: EK kon dit self nie beter gestel het nie.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Philip Liebenberg: Baie goed opgesom en maklik om kripties aan mense in gesprek oor te dra. Dankie hiervoor!

...

Adre Claassens: O gee my krag asseblief ... Ek kan jou hele artikel voor middagete uitmekaar haal met ware feite. Soos jy geleer is, konsentreer jy op ŉ enkelvoudige denkende wyse op so min moontlike feite, terwyl daar dosyne versies behoort te wees wat jou argument staaf, het jy die swakste ondersteuning, tien teen agv swak Bybelkennis, ek is nie verbaas nie! Hallo "aeon age"! Ek het die NG Kerk verlaat omdat julle so erg lieg! Jip, ek het dit gese, julle is bdrieers uit die hok van satan!

Martin Spieker: Interessant Gerda! Sit sommer die episode van die slang in Genesis by.

...

Adam J Serfontein: ... Die stelling is inderdaat vals en in werklikheid n dwaal leering! ... Iets waarvoor U gaan rekenskap gaan gee!

...

Heiné de Waal: Adam ek vind dit baie arrogant dat jy vir Gerda bid sodat sy dieselfde opinie as jy moet hê. Wat is die rede dat dit SO belangriik is vir jou dat Gerda met jou MOET saamstem? Ek vind Gerda se stellings baie interessant en sy staaf dit.

Adam J Serfontein: ... Menslike opinies is nie ter sprake of enigsins belangrik in die saak nie, daar is werlikwaar niks goeds wat van die mensdom kan kom nie. As die mensdom met opinies, dit wil se, uit hulle self uit .. jou en sowel as die mense wat opkyk na jou vir geestelike lyding, op n dwaalspoor sit, iets waarvoor jy verandwoording gaan doen indien jy nie tot volle waarheid en bekering kom nie...

...

Louis Bezuidenhout: Gerda, soos altyd is dit ŉ baie goeie artikel – jy het dit netjies raakgevat - baie dankie.

Dit is duidelik dat gebruikers vry is om hul mening te lug. Hulle is ook krities teenoor standpunte en word nie op grond daarvan ingeperk nie. Regulering word dus nie só toegepas dat gebruikers op grond van kritiek belet word om aan die gesprek deel te neem nie. Die webredakteur pas regulering op ŉ manier toe wat kan bydra tot die publieke sfeer, veral as in ag geneem word dat daar wel soms inhoud gepubliseer word wat oor sake wyer as die NG Kerk handel.

f. Teologiese fakulteit van Universiteit van Stellenbosch (www.soliustitiae.co.za)

Hierdie webwerf het nie ŉ gedragskode wat diskoerse reguleer nie. Volgens die webredakteur het hy nog geen kommentaarplasings verwyder of gewysig nie (Brand, 2012). Hy het wel ŉ breë beskrywing van wanneer kommentaarplasings verwyder sal word: Wanneer die kommentaarplasing ŉ advertensie is wat niks met die tema te make het nie asook inhoud wat lasterlik of persoonlik beledigend is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit die sistematiese observasie van die inhoud van www.soliustitiae.co.za kan afgelei word dat hierdie blad nie robuuste gesprek uitlok nie. Alhoewel al die artikels ŉ ruimte het waar kommentaar geplaas kan word, blyk regulering van kommentaarplasings nie nodig nie te wees nie as gevolg van die gebrek aan gesprek op dié webwerf. Daar is slegs een kommentaarplasing gemaak op die 76 artikels en berigte wat in ŉ jaartydperk op www.soliustitiae.co.za gemaak is.

g. Die teologiese fakulteit van Universiteit van die Vrystaat (http://theology.ufs.ac.za/default.aspx)

Geen ruimte word verskaf waarbinne kommentaarplasings gemaak kan word nie, en dus hoef daar geen regulering van diskoerse plaas te vind nie.

5.4 Gevolgtrekking

Uit die bevindinge is gesien dat slegs *Kerkbode* ŉ etiese kode het wat gebruikers verbind tot ŉ stel standaarde van hoe debat op dié webwerf moet plaasvind. Die webredakteur van *Kerkbode* se webwerwe meen dat hierdie etiese kode in die meeste gevalle gebruikers vermaan het, sodat kommentaarplasings wat afbreuk aan die publieke sfeer doen, nie meer geplaas word nie. Tog is die konsekwentheid en akkuraatheid waarmee die etiese kode toegepas is, bevraagteken.

Die direksie van Bybel-Media, wat *Kerkbode* uitgee, het regulering op mesovlak toegepas deur *Kerkbode* se Facebookblad as gespreksruimte te sluit. Slegs inhoud wat op Kerkbode-aanlyn verskyn, is daarna op Facebook geplaas. Dit het meegebring dat minder sake wat oor wyer godsdienstige kwessies handel, op Facebook bespreek is. Dit het egter nie die debat drasties verminder nie, en daarom is daar steeds potensiaal vir ŉ publieke sfeer, alhoewel die kwaliteit deur die tipe inhoud verlaag kan word.

Wat die NG Kerk se Facebookblad en webwerf betref, het die afskaffing van die pos van die elektroniese redakteur en die sluit van die gespreksruimte van die diversiteitsforum ŉ negatiewe invloed op die skepping van ŉ publieke sfeer gehad. Die elektroniese redakteur moes daarna fokus op publieke getuienis, maar het nie ŉ platform op die sosiale media gehad waarop hy dit kon bedryf nie. Geen plasings is op Facebook gemaak sedert die afskaffing van die pos nie, en die ruimte waar gesprek wel kon plaasvind, word nie meer gebruik om inhoud te plaas wat ŉ gesprek oor godsdienstige of ander kwessies kan inisieer nie. ŉ Belangrike hulpmiddel om publieke getuienis te bedryf en ŉ publieke sfeer te skep, word nie meer gebruik nie.

Die sluiting van die diversiteitsforum se gespreksruimte op NG Kerk-aanlyn was volgens die NG Kerk hoofsaaklik as gevolg van afbrekende kommentaar, persoonlike beledigings en aanvalle. Daar kan nie met finaliteit gesê word dat die diversiteitsforum wel ŉ publieke sfeer geskep het nie, maar dit het sekerlik die potensiaal daartoe gehad. Regulering van die webwerf, deur die gespreksruimte te sluit, het egter hierdie potensiaal vernietig.

Kommunikasie tussen gebruikers vorm die kern van die publieke sfeer – die interaksie tussen gebruikers van die NG Kerk se webwerwe word dus volgende bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 6: Wat gebeur op die NG Kerk se webwerwe?

6.1 Inleiding

Oop, deelnemende kommunikasie speel ŉ essensiële rol binne die publieke sfeer (Smit, 2008:9). Daarom is die tipe interaksie tussen gebruikers van die internet ŉ maatstaf om die kwaliteit van die publieke sfeer te bepaal.

Die internet word gesien as ŉ veelvoud van kleiner publieke sfere. Gemeenskappe binne hierdie sfere word deur ŉ groter konteks beïnvloed. Tendense soos globalisering en sekularisering speel ŉ rol in die lewe van gebruikers op die NG Kerk se webwerwe (sien 2.3.2.). Boonop het die NG Kerk se identiteit oor die afgelope paar jare verander, en daarmee saam hoe sy lidmate publieke teologie beoefen – veral op die internet (sien 2.4.3.).

Die vraag is nou of die interaksie op die NG Kerk se webwerwe bydra tot demokratiese deelname, wat uiteindelik gaan bepaal hoe die publieke sfeer lyk. Volgens Kobayashi, Ikeda en Miyata (2006:606) is dit moontlik dat die internet ŉ tipe sosiale interaksie uitlok wat uiteindelik demokratiese deelname bevorder. Hiervoor is ryk sosiale aanlynverhoudings nodig.

Debatte op die internet kan slegs bydra tot die publieke sfeer indien dit oop en vry van enige afdwing van gesag is (sien 2.4.1f). In Hoofstuk 5 is die amptelike regulering van diskoerse bespreek, en hierdie hoofstuk bou daarop voort deur te ondersoek hoe magsverhoudinge patrone van in- en uitsluiting rondom debatte bepaal. Dit gebeur onder meer deurdat sekere deelnemers gesprekke domineer en daardeur aandui watter tipe verhoudings in die gemeenskappe teenwoordig is.

Hierdie hoofstuk ondersoek die interaksie tussen gebruikers op die NG Kerk se webwerwe deur ŉ sistematiese observasie van die inhoud en kommentaarplasings (kommunikasie tussen gebruikers) van die webwerwe te maak. Die bevindinge word gerangskik volgens Dahlberg (2001) se stel omstandighede wat teenwoordig moet wees vir ŉ ideale publieke sfeer om te bestaan. Hierdie maatstawwe is breedvoerig in 2.2.2. bespreek.

Voordat die bevindinge van die sistematiese observasie bespreek word, word ŉ kort oorsig oor die metodologie gegee.

6.2 Oorsig van metodologie

Inhoud wat tussen 23 Julie 2011 en 23 Julie 2012 op die NG Kerk se webwerwe geplaas is, is ondersoek. Hierby uitgesluit is die NG Kerk en *Kerkbode* se Facebookblaaie, waarvan ŉ steekproef gemaak is. Die datums waarop ŉ eerste stuk kommentaar geplaas is, is gekies deur ŉ ewekansige steekproef – hierdie kommentaardrade is dan ondersoek. Altesame 20% van die aanvanklike plasings tussen 23 Julie 2011 en 23 Julie 2012 is ondersoek. Kommentaardrade is ŉ week kans gegee om te groei voordat dit ondersoek is.

Die beperking van ŉ sistematiese observasie van kommunikasie op webwerwe is dat kommentaar deur redakteurs verwyder kan word alvorens die navorser dit kan sien.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kommentaar wat in reaksie op verwyderde kommentaar gelewer word, is dan die enigste bewys dat sulke kommentaar verwyder is. Drie kommentaarplasings wat van *Kerkbode* se Facebookblad verwyder is, kon wel opgespoor word. Dit is in 5.3b bespreek.

Diskoerse op die webwerwe word kwalitatief ontleed in die konteks waarin debatte gevoer word. Tydens die sistematiese observasie het die navorser aantekeninge gemaak van temas en herhaalde kwessies wat in die kommunikasie voorkom. Hierdie notas is saam met die inligting van die sistematiese observasie gebruik om bevindinge kwalitatief te interpreteer. Die inligting word aan die hand van Dahlberg (2001) se maatstawwe vir kommunikasie binne ŉ publieke sfeer ondersoek.

Data is ook kwantitatief deur ŉ sistematiese observasie ingesamel. Daarvoor is nodig om operasionele definisies wat meetbaar is, op te stel (Wimmer & Dominick, 2006:62). Die definisies is afgelei uit die teoretiese raamwerk. Vyf definisies is gebruik om kommunikasie te kategoriseer sodat dit in hanteerbare hoeveelheid data verwerk kan word. Daarna is dit onder meer deur beskrywende statistiek geïnterpreteer. Die definisies is:

- Verstaanbaar. Indien ŉ kommentaarplasing só geformuleer of uitgedruk word dat gespreksgenote (en die navorser) dit verstaan; en as dit in Afrikaans of Engels is (die taal wat grootliks op die NG Kerk se webwerwe gebruik word), word een punt toegeken.
- Relevant tot die gesprek. Kommentaarplasings wat handel oor die aanvanklike plasing of ander kommentaarplasings in die gespreksdraad, ontvang een punt indien dit relevant is tot die tema. Dit is belangrik dat kommentaarplasings relevant tot die onderwerp is, omdat dit andersins nie kan bydra tot die debat nie, wat uiteindelik bydra tot die skep van ŉ publieke sfeer.
- Meningsverskil. Indien die kommentaardraad verskil van die plasing of artikel wat die gesprek begin het. Indien ŉ kommentaarplasing ŉ ander mening het as die vorige plasings, word dit ook as meningsverskil geag. Hierdie plasings ontvang ook een punt. Konflik en meningsverskil binne perke dra by tot die skep van ŉ publieke sfeer.
- Saamstem. Indien ŉ kommentaarplasing saamstem met die oorspronklike artikel of plasing ontvang dit ŉ punt. So ook indien dit saamstem met vorige plasings. Hierdie kategorie, asook die meningsverskil-kategorie is bygevoeg om te bepaal of daar wel debat gevoer word, en nie net homogene menings gelug word nie.
- Die vyfde kategorie is persoonlike beledigings, en ontvang een punt indien die kommentaarplasing van dié aard is. Hier word onderskeid getref tussen ŉ belediging en konflik of meningsverskil. ŉ Belediging, wat ŉ versagtende vorm van laster is – kommunikasie wat deur die Grondwet, Facebook se standaarde en *Kerkbode* se etiese kode verbied word – dra nie by tot debat nie. Die rede hiervoor is dat die *saak* nie bespreek word nie, maar die *persoon.* Om te beledig, dra dus nie by tot kritiese, rasionele debat wat uiteindelik tot oorwoë openbare mening lei nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Om ŉ kommentaarplasing as persoonlik beledigend te klassifiseer, is nie eenvoudig nie. Die navorser hou in gedagte dat enige negatiewe en persoonlike woorde as beledigend beskou kan word, maar neem die konteks waarbinne die debat gevoer word, in ag. Dikwels is ander gebruikers se reaksie op ŉ persoonlike belediging ŉ teken dat dié kommentaar wel beledigend was. Sarkasme en venynigheid – subtiele vorme van persoonlike beledigings – word ook in ag geneem.)

Die hoeveelheid punte wat toegeken is, is omgeskakel in ŉ persentasie van die totale kommentaarplasings wat geplaas is. Hierdie persentasies is in grafieke saamgevat.

Die bevindinge van die sistematiese observasie wat kwantitatief en kwalitatief geïnterpreteer is, word volgende bespreek.

6.3 Bevindinge

a. Kerkbode-aanlyn (www.kerkbode.co.za)

Daar was ŉ mate van interaksie op *Kerkbode* se webwerf, maar gesprekke was weinig lank genoeg om ŉ robuuste debat te skep. Die gemiddelde kommentaarplasings per artikel of berig was drie. Die gespreksdraad met die hoogste aantal plasings het 49 plasings gehad, gevolg deur drie gespreksdrade wat 13 kommentaarplasings uitgelok het.

Alhoewel 60% van die inhoud op Kerkbode-aanlyn hoofsaaklik oor NG Kerksake gehandel het, was daar tog 40% van die inhoud wat wel kon bydra tot die skep van ŉ publieke sfeer. Om ŉ geheelbeeld te kry van interaksie op Kerbode-aanlyn, is al die kommentaarplasings ondersoek. Van die 257 kommentaarplasings, was 98% daarvan relevant tot die onderwerp gewees. Dit was nie slegs ŉ gesprek met homogene menings nie, want 21% van die kommentaarplasings het verskil van die oorspronklike of ŉ vorige plasing, terwyl 6% pertinent saamgestem het. Daar was 7% kommentaarplasings wat persoonlik beledigend was, oftewel 17 uit 257 plasings. Grafiek 6.1 wys hierdie data.



Van die gesprekke wat gehandel het oor sake van openbare belang, het die drie grootste gesprekke slegs sewe kommentaarplasings opgelewer. Altesame 86% hiervan was relevant tot die onderwerp, geen gebruiker het verskil, saamgestem of persoonlike beledigings geplaas nie. Elkeen het dus net ŉ bydraende stelling geplaas.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aangesien daar nie ŉ redelike gesprek op Kerkbode-aanlyn teenwoordig is nie, het die navorser geen nut daarin gesien om hierdie data teen Dahlberg (2001) se maatstawwe te meet nie.

Die feit dat 98% van die plasings relevant tot die onderwerp was, wys dat daar potensiaal is vir debat om relevant en oop te wees. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat ongeveer helfte (35) van die 76 gespreksdrade slegs een kommentaarplasing uitgelok het. Gebruikers op *Kerkbode* se webwerf het dus nog nie die tipe interaksie wat sterk genoeg is wat tot ŉ publieke sfeer kan bydra nie – ten spyte daarvan dat *Kerkbode* inhoud publiseer wat ŉ publieke sfeer kan skep. Die diskoers op Facebook het egter anders gelyk.

b. Kerkbode se Facebookgroep (www.facebook.com/kerkbode)

Die steekproef van plasings tussen 23 Julie 2011 en 23 Julie 2012 is ondersoek en 1026 kommentaarplasings is getel. Altesame 75% van hierdie kommentaarplasings was relevant, terwyl 7% daarvan beledigend was. Daar was dus 76 beledigende kommentaarplasings – uitgesluit dié wat deur die webredakteur verwyder is. Grafiek 6.2 wys hierdie data.



By sommige gespreksdrade is dit duidelik dat beledigende en afbrekende kommentaar ŉ probleem geraak het vir gebruikers. Die misbruik van die forum, hetsy deur van die onderwerp af te wyk, persoonlike aanvalle te loods of die gespreksdraad te kaap deur aanhoudend skakels (gewoonlik relevant tot die tema) te plaas na ander webwerwe, ontstig gebruikers dikwels. Sulke voorbeelde is in Hoofstuk 5 aangehaal. Hieronder is ŉ gespreksdraad wat op 19 Junie 2012 begin is, en waar gebruikers sterk meningsverskille het en mekaar soms beledig:

> *Annari du Plessis: Ek was vir jare indoktrineer om ŉ kreasionis te wees, so ek ken hulle argumente soos die palm van my hand ... Alwyn se opmerking was ŉ direkte aanval op my en was onnodig. Wat insinueer hy? Is dit regtig nodig om my geloof aan te val?*
>
> *Hennie Mouton: As Annari nou kreasionisme so goed ken soos sy dink, kan sy mos nou maklik vir Johan Oelofse antwoord en talle voorbeelde noem waar fossiele in die verkeerde "datumposisie" gevind is. In stede daarvan like sy sy opmerking...*
>
> *Barend Nel: Ek stem saam Hennie: "enigeen wat vir LaVey en/of sy idees aanhang se teologie, ongeag of dit Ou Testamentiese of Nuwe Testamentiese teologie is, is sekerlik bevraagtekenbaar."... Ek het nog nooit van ŉ OT Teoloog gehoor wat sy idees "like" nie en*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verstaan daarom nie waarom Alwyn hom in hierdie gesprek inbring wat gaan oor die verstaan van OT tekse nie.

Annari Du Plessis: Alwyn het niks beter om te doen as om my uit te haal nie. Dis nou sonder dat hy eers vir my persoonlik vra oor dinge. In plaas daarvan verkies hy om my in die publiek op 'n baie condescending manier aan te vat. Ek verstaan ook nie waar sy goth comment uit die lug uit val nie.

Alwyn Van Schoor: As jy jouself uitgee vir 'n toffy moet jy ook bereid wees om gekou te word...

Annari Du Plessis: ... As daar 'n probleem is, doen die volwasse ding en inbox my om dit uit te klaar, eerder as om neerhalende aanmerkings te maak wat eintlik meer van jou se as van my.

Alwyn Van Schoor: Hoekom moet ek jou inbox? Get over yourself. Hoop jy kry iewers 'n Goth-gemeente.

Annari Du Plessis: Haha. Ok, as jy jouself wil sleg laat lyk, be my guest.

Alwyn Van Schoor: Hahaha. Ok ek sal 'n neusring laat insit ... as dit jou beter sal laat lyk.:))

Annari Du Plessis: Dis presies die tipe neerhalende opmerkings wat meer se oor die persoon wat dit kwytraak as oor enige iemand anders.

Uit die bogenoemde kommentaardraad blyk dit dat interaksie soms emosioneel-belaaid was, en dat gebruikers nie by die tema van die gesprek gehou het nie – en dus nie 'n bydra tot die publieke sfeer *per se* gemaak het nie. Tog is hierdie gespreksdraad voortgesit en die debat het weer teruggekeer na die temas onder bespreking. Dit het oor wyer kerksake gegaan. Mens kan argumenteer dat, ten spyte van kommentaarplasings wat nie bydra tot die debat nie, daar tog kommunikasie plaasvind wat relevant, krities, oop en toeganklik is – 'n teken van 'n potensiële publieke sfeer (mits die inhoud oor wyer strek as interne kerksake).

Uittreksels uit 'n debat tussen gebruikers oor 'n plasing wat deur *Kerkbode* op 17 April 2012 gemaak is en oor die NG Kerk as instansie gehandel het, wys dat gebruikers skerp krities was:

Emma Huismans: goeie quote hierbo. Ek is ouer en om presies dieselfde redes vort maar behoorlik vort...g'n charismaties-fundamentalistiese gedoe nie of buitekerklike spiritualiteit .. dis pure wegkruipplekke. Dis werklik tyd dat die kerk hom self in die kraag gryp en volwasse word.

Johann Potgieter: Ek kan aan niks uit ons verlede dink wat baie Afrikaners van my ouderdom - vroeg-sestigs - met soveel venyn verwerp as die NG Kerk en sy leerstellings nie. Los nog die jonges. Hulle's ontslae daarvan.

Dirk Hoekstra: ... Die NG Kerk ('n menslike instansie) sal bly leeg loop solank hy homself en die "Afrikaner" bly verafgod, ... Mense wat hierdie tendens sien as "agteruitgang" moet dit eerder sien as "teruggaan" na die waarheid van die eerste gemeentes in Handelinge.

Emma Huismans: Sug. Hierdie selfingenomenheid tog en dieselfde eenderse clichés

Jaco De Beer: Emma, as daar dinge is wat jou afgesit het en jy is verbitterd, beteken dit nie daar is nie mense wat nog kies om God drie enig lief te he en Hom dien nie. Wat Sy Woord vat vir wat dit is. En jy is reg, enige beweging, spiritualiteit of gedoe is gedoem.

Emma Huismans: Nog meer selfingenomenheid en op die bors getimmer. Jaco jy het duidelik nie die vaagste idee waaroor dit gaan as dit oor "my geloof" gaan nie of die van talle ander. ... Nee wat glo soos jy wil of duidelik soos jy deur jou mens-opgelegde reëls moet, maar moenie 'n kerk instansie wat in die verlede HEFTIG verkeerd van strem in sy poging om te herstel en terug te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> *groei na dit wat 'n kerk moet doen, 'n gemeenskap vorm van alles en almal ongeag, sonder uitsluiting, sonder diskriminasie teen man vrou of kleur en hol clichés.*
>
> *Dirk Hoekstra: Jaco, jy kon dit nie beter gestel het nie!*
>
> *Jaco De Beer: Emma, soos jy se en tereg ook vertsaan (stet) ek nie jou situasie nie. Jammer oor te vinning praat. Jou definisie met jou aanhaling van kerk wat moet herstel tot wat dit moet wees, weet ek ook nie wat jy daarmee bedoel nie ... Daar is so baie pogings vandag om alles te verander na wat almal glo dit moet wees, maar ek wonder hoeveel regtig God se pad soek, maar eerder mensgemaakte idees.*
>
> *Kobus Hattingh: So baie Afrikaners het vandag 'n chip op die skouer en skiet sommer alle NG Kerke voor die voet af. Ek is bly en trots ek is 'n Afrikaner en soek juis weer na 'n kerk wat konserwatief is en die volle waarheid verkondig en nie die new age pie in the sky fabels nie ...*
>
> *Uri Bekker: Maar hoeveel van julle het al die Bybel van voor tot agter deurgelees?*
>
> *Stefaan de Jager: Die dwaalleraars lees die Bybel agterstevoor.*
>
> *William King: Is daar dan 'n volgorde?*

Dit is opmerklik dat 'n aantal gebruikers gereelde deelnemers aan gesprekke was, en dat gebruikers kennis oor ander en hul standpunte gehad het. Daar was ook dikwels humoristiese opmerkings in die gespreksdrade teenwoordig. Dit is asof hierdie humor 'n kameraderie tussen gereelde gebruikers geskep het. Soos in 6.1. genoem, is ryk sosiale aanlynverhoudings nodig vir interaksie op die internet om oor te gaan in demokratiese deelname, oftewel deelname aan die publieke sfeer. Tekens soos ;) en :) is dikwels gebruik om 'n gevoelswaarde aan kommentaarplasings te gee, soos wat die volgende kommentaarplasings dui:

Op 20 Maart 2012:

> *Stefan Coetzer: Grys Meerkatmeisie, ek het daardie lawwe stelling ook gesien, geweeg en te lig bevind, nes jy. Toe swyg ek maar daaroor - ter wille van stigting en lering. :-)*
>
> *Grys Meerkatmeisie: Moet ek weer onder die bed in kruip :))))*
>
> *Stefan Coetzer: Pasop dat jy nie die piepot omstamp nie. :-)*

Nog 'n plasing op 17 April 2012 lui as volg:

> *Henrietta Klaasing: Goed dankie en met jou, Barend? Wys jou net hoe elektronika mens se lewe kan verruim en verryk, né? En dan is ek nog deel van die Familie van God ook ... baie soos elektronies "deel wees", net vreeslik anders ;))*

En 'n ander een op 18 April 2012:

> *Pierre Grigor: Coert, betoon dan respekte vir die ouderdom jongman :))*

Uit die gespreksdrade wat ondersoek is, is dit duidelik dat gebruikers graag aan die debat op *Kerkbode* se Facebookblad wou deelneem. Alhoewel sommige gebruikers beledigend was of van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die tema afgewyk het, was die meerderheid gebruikers geïnteresseerd om ŉ saak te bedink en hul mening te lug. Gebruikers het dikwels kritiese opmerkings gemaak oor die moreel-praktiese en geldige aansprake van ander. Dit het ook dikwels gebeur dat gebruikers bydra tot die gesprek deur ŉ stelling te plaas wat ŉ tema verder toelig. Dit verklaar hoekom slegs 9% kommentaarplasings verskil het van aanvanklike of vorige plasings en 7% kommentaarplasings saamgestem het met ander plasings (sien grafiek 6.2). Die uitruil van moreel-praktiese aansprake het die grootste gedeelte van die interaksie gevorm, terwyl die kritisering daarvan ook gereeld gebeur het.

Daar is dikwels lang kommentaarplasings met filosofies-godsdienstige inhoud geplaas. Alhoewel dit nie in al die gevalle so was nie, was daar tog aanduidings dat gebruikers eers argumente oorweeg en dan gereageer het. Volgens Dahlberg (2001) is nadenke belangrik in die skep van ŉ publieke sfeer (2001). Nadenke behels die kritiese ondersoek van eie waardes, aannames en belange, terwyl dit ook die groter sosiale konteks in ag neem. Uit die gesprekke wat ondersoek is, is dit duidelik dat min nadenke, soos Dahlberg dit bedoel, gebeur. Gebruikers was hoofsaaklik krities teenoor die ander persoon se standpunt, maar sal baie selde van sy of haar eie standpunt afsien of dit aanpas.

Gebruikers was dus nie geneë om argumente vanuit ŉ ander persoon se perspektief te probeer begryp nie. Dahlberg (2001) meen dat hierdie ideale rol-aanneming, soos in 2.2.2. bespreek, belangrik is om ŉ publieke sfeer te skep. Dit behels dat gebruikers ŉ ander persoon se perspektief probeer verstaan deur voortgesette dialoog. Volgens hierdie perspektief sal die grootste aantal gebruikers met respek "luister" na mekaar en gepas reageer op stellings. Maar dat gebruikers op *Kerkbode* se Facebookgroep selde ŉ standpunt sal aanpas, is dalk nie ŉ teken van gebrekkige respekvolle luister nie. Dit kan ook te make hê met die tipe onderwerpe wat bespreek word – godsdienstige oortuigings is ŉ integrale deel van ŉ persoon se karakter (White, 2007:14). Volgens die definisie van die publieke sfeer in hierdie studie moet die inhoud van die gesprekke egter ook aan die vereistes van publieke teologie voldoen en/of oor onderwerpe wyer as kerksake handel.

Dahlberg (2001) meen dat gebruikers in ŉ ideale publieke sfeer eerlik sal wees oor hulle persoonlike inligting, intensies, belange en behoeftes wat betrekking het op die tema onder bespreking. Dit val egter buite hierdie studie se raamwerk om te bepaal of die gebruikers van *Kerkbode* se Facebookblad opreg was met die persoonlike inligting wat hulle verskaf deur middel van ŉ Facebookprofiel. Uit die interaksie kon egter bepaal word dat talle gebruikers mekaar buite die aanlynwêreld ken of al van mekaar gehoor het, en daarom kan die aanname gemaak word dat talle gebruikers eerlik was oor die inligting wat hulle verskaf het.

Uit die aard van Facebook kan enigiemand met ŉ Facebookprofiel, wat *Kerkbode* se bladsy ge"like" het, kommentaar plaas. Die gespreksforum is dus toeganklik vir enige Facebookgebruiker.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die digitale kloof, wat baie potensiële gebruikers verhoed om aan die diskoers op die internet deel te neem, is reeds bespreek. Wat hier van belang is, is of enige aanlyn-gebruikers verhoed of belemmer word om deel te neem aan die diskoers op *Kerkbode* se Facebookgroep. *Kerkbode* se etiese kode vir die gebruik van sy webwerwe noem spesifiek die kwessie van die kaping van gespreksdrade. Dit gebeur deurdat gebruikers aanhoudend skakels plaas na ander webwerwe (alhoewel dit relevant tot die onderwerp mag wees), en dus geen bydra maak tot die gesprek nie. Dit was egter nie ŉ algemene tendens gedurende die navorsingsperiode nie.

Meer mans as vroue het aan die gesprekke deelgeneem. Blatante diskriminasie teen vroue was in geen van die gespreksdrade teenwoordig nie. Die gespreksdraad van 19 Junie 2012, wat hier bo genoem is, kan moontlik as diskriminerend teen die vroulike gebruiker gesien word. Tog is dit haar oortuigings en smaak wat gekritiseer is, en nie haar identiteit as vrou nie. Geen stawing kon dus gevind word dat vroue deur diskriminerende gedrag uit gesprekke uitgesluit is nie.

Daar was ŉ lewendige debat op *Kerkbode* se Facebook teenwoordig. Die grootste groep gebruikers was gereelde gespreksgenote. Dit wil voorkom asof die grootste debatte tussen Christelike gelowiges was, alhoewel daar ook nie-Christene aan die gesprekke deelgeneem het. Gebruikers het moreel-praktiese stellings uitgeruil. Hierdie stellings is dikwels gekritiseer, maar daar was weinig tekens dat gebruikers ŉ begrip vir ander se perspektief het. Gebruikers is nie uit gesprekke gesluit nie, maar sommiges is geëtiketteer en gemarginaliseer.

Uit bogenoemde blyk dat *Kerkbode* se Facebook in sekere opsigte reggekry het om ŉ goeie bydrae tot die skep van ŉ publieke sfeer te maak, terwyl ander bevindinge die kwaliteit van die publieke sfeer bevraagteken. Dit is egter nodig om die bevindinge van die twee voorafgaande hoofstukke en die huidige een – waar die webwerf se verbintenis tot publieke teologie, regulering van inhoud en interaksie bespreek is – saam te voeg ten einde ŉ akkurate gevolgtrekking te maak. Hierdie gevolgtrekking word in Hoofstuk 7 bespreek.

c. NG Kerk aanlyn (www.ngkerk.org.za)

Die interaktiwiteit van die NG Kerk se webwerf het weggeval met die afskaffing van die elektroniese redakteur se pos. Dit het egter nie gekeer dat daar wel gesprek gevoer word op die NG Kerk se Facebookgroep nie.

d. NG Kerk se Facebookgroep (www.facebook.com/ngkerk)

Gebruikers op die NG Kerk se Facebookgroep het baie ooreengestem met dié van *Kerkbode* se Facebookgroep. Dit was duidelik dat dié gebruikers graag oor godsdienstige en kerksake debat voer. Van die 73 kommentaarplasings, was 92% daarvan relevant, 4% het verskil van die oorspronklike of vorige plasings, terwyl 8% saamgestem het. Hierdie data word in grafiek 6.3 gewys.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Tydens die sistematiese observasie is gevind dat gebruikers dikwels gebou het aan argumente wat in ŉ lang gespreksdraad vorm gekry het. Lang kommentaarplasings het die meeste gespreksdrade gekenmerk.

Inhoud wat oor wyer, politiese sake handel, is soms gekritiseer omdat dit op ŉ kerkblad verskyn. Of gesprekke het só verloop dat die debat uiteindelik oor sake binne die kerk handel. ŉ Voorbeeld hiervan het op 17 April 2012 gebeur. Die aanvanklike plasing het oor Julius Malema se uitsprake gehandel, en die gesprek het uiteindelik oor belydenisse en kerkrade binne die kerk gehandel. ŉ Uittreksel uit die gesprek is as volg:

> *Thabu Pienaar: ek hoor en verstaan die issues wat JuJu gedryf het....sy metode het net gestink!*
>
> *Ampie Grobbelaar: Ek vra maar net. Is hierdie ŉ kerk, ANC, broederbond, NP of net ŉ algemene politieke blad? Indien ek wil weet wat Zuma of Malama aanvang gaan ek net gou na die NG Kerk blad toe. Maar dit is nou seker maar so, indien politiek nie so ŉ groot rol gespeel het nie, sou Belhar ook nie aanvaar geword het nie...*
>
> *NG Kerk: Dit was Johannes Calvyn, die vader van ons Hervorming, wat gesê het dat die evangelie betekenis het vir elke deel van God se skepping. Daarom is geregtigheid in die samelewing deel van die roeping van die kerk ...*
>
> ...
>
> *Thabu Pienaar: never mind Calvyn, geloof raak my hele lewe en ek as christen het ŉ roeping in die wereld en behoort te leef as Christen in elk sfeer van die lewe; nie net sondae of op ŉ kerk webblad nie.*
>
> *Renier Lourens: Ampie en Abraham: Jesus was dalk baie meer polities ingestel as godsdienstig, ook Paulus en die ander apostels. Los nou die google en die vrymesselaars en die broederbond en gaan lees die bybel.*
>
> ...
>
> *Ampie Grobbelaar: Renier, ek dink jy moet jou eie raad volg, Jesus meer polities as godsdienstig? Dit is die grootste wanvoorstelling wat ek in ŉ baie lang tyd gehoor het.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos wat argumente gebou en beredeneer is, is kritiek dikwels uitgeruil. Dit dra by tot die skep van ŉ publieke sfeer, mits dit gaan oor sake wat slegs op die NG Kerk betrekking het – sulke gesprekke dien nie die openbare belang in die sin wat ŉ ideale publieke sfeer dit doen nie.

Uit die interaksie tussen gebruikers kan afgelei word dat daar ŉ mate van nadenke by gebruikers plaasvind, maar dat min gebruikers die ander se perspektief in ag neem en self van standpunt verander of dit aanpas. ŉ Voorbeeld van laasgenoemde interaksie op 13 Maart 2012, lyk as volg:

> *Rudolph Scharneck: Ashton, duidelik het jy besluit wat jy wil aanvaar en is jy nie oop vir feite nie. Ek gaan dus nie langer met jou redeneer oor dinge nie…*
>
> *Ashton Brondin van Niekerk: Rudolph jy lees nie die Bybel om te vra wat sê die Bybel nie. Eerder vra jy wat sê mense oor die Bybel… Albert ŉ Bybelse feit dra gesag bo ŉ wetenskaplike feit.*
>
> *Rudolph Scharneck: Ashton, uit ervaring weet ek jy is nie oop vir oortuiging nie. As jy besluit het ŉ saak is so, dan is dit so en klaar.*
> *Kom ek antwoord jou maar in elk geval...*
>
> *Ashton Brondin van Niekerk: Ruldoph jy is verkeerd as jy dink ek kan nie oorreed word nie.*
>
> *Rudolph Scharneck: Nou goed, Ashton, lyk my jou probleem is met my bewoording. Kom ek stel dit anders, dan sal jy dalk saamstem: die Bybel beskryf die aarde as plat.*
>
> *Ashton Brondin van Niekerk: Nee die Bybel doen nie, die Bybel beskryf die aarde as met ŉ koepel, wat waar is, maar nie as plat nie. Die skrywers mag dit dalk gedink het maar hulle het daardie idee nie in die Bybel geplaas nie...*
>
> *Rudolph Scharneck: Toemaar, jy is een van bitter min wat so dink.*

Daar vind dus min oortuiging plaas – iets wat nodig is in die skep van ŉ publieke sfeer.

Sover hierdie studie kon bepaal, was die gebruikers van die NG Kerk se Facebookblad opreg in die verskaffing van inligting oor hulle identiteit. Die gesprekke wat gevoer is, het uit die aard van die saak persoonlike agendas, behoeftes en intensies betrek – hierdie gevoelens het gewoonlik sterk deurgeskemer in die kommentaar wat geplaas is. Hierdie opregtheid kan bydra tot die skepping van ŉ publieke sfeer, maar dit is slegs een van ŉ aantal maatstawwe waaraan kommunikasie binne ŉ publieke sfeer moet voldoen.

Soos op *Kerkbode* se Facebookblad, is die meeste gebruikers op die NG Kerk se Facebookblad mans. Geen openlike diskriminasie teen vroue kon opgespoor word nie. Dieselfde verskynsel van etikettering wat op *Kerkbode* se Facebook voorkom, was ook hier te sien. Maar dit het egter in mindere mate gebeur en die gesprekke nie ooglopend beïnvloed nie.

Bogenoemde bevindinge beskryf interaksie in geheel op die NG Kerk se Facebook. Interaksie tussen gebruikers wat sake bespreek wat wyer as NG Kerksake strek – en dus ŉ bydrae maak tot die skep van die publieke sfeer – is ook ondersoek. Grafiek 6.4 wys hoe lyk die kommentaarplasings wat handel oor temas wat die publieke sfeer bevorder.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Uit die 47 kommentaarplasings was slegs 62% relevant, terwyl 2% verskil het van ander plasings en 6% saamgestem het. In geheel gesien, lok sake wat wyer strek as die NG Kerk, min reaksie op die NG Kerk se Facebook uit. Van die kommentaar wat geplaas is, wyk ook van die oorspronklike tema af.

Wat die skep van ŉ publieke sfeer ŉ verdere knou gee, is die hoeveelheid persoonlike beledigings wat opgemerk is in gesprekke wat handel oor sake wat wyer strek as godsdienstige kwessies – 11% van dié kommentaarplasings val in hierdie kategorie. Twee voorbeelde word hieronder aangehaal. Die eerste gespreksdraad het begin met ŉ plasing wat handel oor hoe konflik op internetgespreksforums bestuur moet word, en is op 25 Januarie 2012 begin. Uittreksels uit die gesprek is as volg:

> *Albert Cruywagen: Jy kan eerder na die NG Kerk se teoloë luister na Hennie se skewe en skrale inligting.*
>
> *Somerset Morkel: Dis interessant dat Ben du Toit sy eie dwaling oor die Skrif wat betref Skepping summier tot beleid van die NGK verklaar... Jy is arrogant, lieg en misbruik jou posisie in die kerk om jou eie dwaling oor Skepping soos weergegee in die Skrif, te bevorder. .. ek wil nie vir $1000 milj dollar (vandag se terme) in jou skoene staan as jy verantwoording moet doen vir die leuen wat jy bevorder nie).*
>
> *Ben du Toit: Ek sal nie verder op hierdie draad reageer op sulke verstommende persoonlike aanvalle en wanvoorstellings en veroordelings soos hierbo nie ... Dit raak egter hartseer as ons mekaar so blatant veroordeel. Van gesprek is daar dan geen verdere sprake nie.*

ŉ Ander gesprek wat op 17 April 2012 begin is, en oor Julius Malema se uitsprake gehandel het, het byvoorbeeld die volgende kommentaarplasing uitgelok:

> *Abraham Marais Malan: Ampie, jy baklei verniet hier... Dit is mos ŉ voldonge feit dat die ou klomp poepolle wat daar op die sinodes sit en die besluite neem nie ŉ donner omgee oor reg en verkeerd nie...*

Uit die bevindinge blyk dit dat daar ŉ lewendige debat op die NG Kerk se Facebook bestaan het. Die meeste kommentaarplasings was relevant tot die onderwerp en is gereeld gekritiseer – een van die vereistes vir die skep van ŉ publieke sfeer. Weinig gebruikers het egter hul posisie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangepas op grond van teenargumente, en daarom is dit te betwyfel of veel nadenke, soos Dahlberg (2001) dit beskryf, geskied het. Sonder nadenke is die kwaliteit van die publieke sfeer laag. Gebruikers was, sover vasgestel kon word, opreg in die verklaring van hul identiteit en intensies vir die gebruik van die forum. Daar kon ook geen vorm van uitsluiting van gebruikers gevind word nie. Opregtheid en insluiting by gesprekke dra dus by om die publieke sfeer se kwaliteit te verhoog. Ten einde te bepaal hoe kommunikasie op die NG Kerk se Facebook in geheel opgeweeg het aan Dahlberg (2001) se maatstawwe, word ŉ volledige gevolgtrekking in Hoofstuk 7 gemaak.

e. Teologiese fakulteit van Universiteit van Pretoria (www.teo.co.za)

Soos in Hoofstuk 5 genoem, was daar nie gereeld lang gespreksdrade op www.teo.co.za nie. Die kommentaarplasings van die drie langste gespreksdrade wat in ŉ jaartydperk op die webwerf gemaak is, is ondersoek. Hiervan was 100% relevant, 43% het verskil van die geplaasde artikel en 36% het saamgestem. Grafiek 6.5 toon hierdie data.



Op die 76 artikels of berigte wat in ŉ jaartydperk op www.teo.co.za gemaak is, is 149 kommentaarplasings gemaak. Dit is ongeveer twee kommentaarplasing per artikel. Interaksie op www.teo.co.za was dus beperk. Alhoewel daar ŉ groot mate van verskil was – soos die voorbeeld in Hoofstuk 5 (5.3e) wys – en dus bydra tot ŉ robuuste debat, is die aantal kommentaarplasings te min om ŉ lewendige publieke sfeer te skep. Ook die bevindings uit Hoofstuk 4 (4.3e), wat wys dat die inhoud van die webwerf nie bydra tot die daarstelling van ŉ publieke sfeer nie, bevestig hierdie stelling. ŉ Finale gevolgtrekking oor www.teo.co.za se bydrae tot die skep van ŉ publieke sfeer word in Hoofstuk 7 gemaak.

f. Ander

Op die US se Teologiese fakulteit-webwerf (www.soliustitiae.co.za) vind geen noemenswaardige interaksie plaas nie, terwyl daar geen interaksie op die UV se Teologiese fakulteit-webwerf (http://theology.ufs.ac.za/default.aspx) plaasvind nie.

6.4 Gevolgtrekking

Die ondersoek van interaksie tussen gebruikers stel die navorser in staat om die bestaan, asook die kwaliteit van ŉ publieke sfeer te bepaal. Die bevindinge staaf die literatuur wat meen dat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gesprek in die kerk nie meer deur slegs teoloë gevoer word nie (Horsfield & Teusner, 2007:289). Alhoewel die navorser kon vasstel dat daar wel teoloë aan die gesprek deelgeneem het, was daar ook baie nie-teoloë en selfs nie-godsdienstiges wat aan die gesprek deelgeneem het. Dit dien die publieke sfeer indien die groep wat aan ŉ gesprek deelneem, heterogeen is.

Die literatuur meen ook dat daar ŉ hegte band tussen lede van aanlyn-gemeenskappe gevorm word (Horsfield & Teusner, 2007:289) – iets wat veral op *Kerkbode* en die NG Kerk se Facebookgroepe voorgekom het. Baie gebruikers wat op *Kerkbode* se Facebook deelgeneem het, neem ook op die NG Kerk s'n deel. Volgens Kobayashi et al. (2006:606) is ryk sosiale aanlynverhoudings nodig om sosiale interaksie uit te lok wat uiteindelik demokratiese deelname bevorder. Hegte verhoudings is veral op die Facebookgroepe raakgesien.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat ŉ groot aantal gebruikers gespreksdrade kan lees, maar nooit deelneem aan die gesprek nie. Dahlberg (2001) meen dat diskoerse dikwels deur ŉ klein aantal deelnemers geskep word, terwyl baie ander gebruikers boodskappe lees sonder om daarop te reageer. Facebook bied egter die geleentheid vir gebruikers om kommentaarplasings te "like" sonder om ŉ kommentaarplasing te maak. Dit is wel ŉ vorm van deelname en het gereeld gebeur op die twee Facebookgroepe wat ondersoek is.

In ŉ gesprek op ŉ kerk se webwerf, is dit moontlik dat dié instelling se hiërargie behou sal word deurdat gebruikers wat ŉ magsposisie buite die aanlynwêreld het, ook aanlyn hierdie posisie afdwing. Dit was egter nie opvallend op die webwerwe wat ondersoek is nie. Mag is eerder afgedwing deurdat sommige gebruikers geëtiketteer en binne ŉ bepaalde groep gestereotipeer is. Hierdie tipe verskynsel dien nie die publieke sfeer nie, aangesien oop en toeganklike kommunikasie verwring word deur persoonlike agendas en vooroordeel.

Om te bepaal of daar wel ŉ publieke sfeer op die NG Kerk se webwerwe bestaan, word die bevindinge van die vorige drie hoofstukke in die volgende hoofstuk saamgevat.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 7: Opsomming

7.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk verskaf ŉ kort oorsig van die studie en beantwoord die navorsingsvrae wat in Hoofstuk 1 bespreek is.

Aangesien hierdie studie vanuit ŉ krities-kulturele benadering aangepak is, is die kompleksiteit van kommunikasie in ag geneem en die media as kultuurdraer en die kerk as deel van ŉ konteks waarin verskeie invloede ŉ rol speel, beskou. Hierdie benadering het die gebruik van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologie behels. Ten einde die navorsingsvrae te beantwoord, is triangulasie van navorsingsmetodes ingespan om die diskoerse op die NG Kerk se webwerwe te beskryf en te ondersoek.

Om vas te stel of die NG Kerk se webwerwe bydra tot die daarstelling van ŉ lewendige publieke sfeer, is semi-gestruktureerde onderhoude met webredakteurs gevoer, vraelyste aan webredakteurs en kerkbestuurders gestuur en ŉ inhoudsanalise van sewe aktiewe webwerwe gedoen. Die interaksie op webwerwe en die regulering daarvan is ondersoek deur ŉ sistematiese observasie van die inhoud en kommentaar op die webwerwe te lewer. Voordat die spesifieke navorsingsvrae en algemene navorsingsvraag beantwoord word, word die agtergrond en navorsingsprobleem kortliks bespreek.

7.2 Teoretiese raamwerk en opsomming van literatuuroorsig

Die NG Kerk se sterk teenwoordigheid tydens die Algemene Sinode van 2011 op sosiale mediaplatforms, die groot hoeveelheid kommentaar wat op *Kerkbode* se Facebook opgemerk is en die sluit van die omstrede webwerf *Kletskerk* het as motivering vir hierdie studie gedien. Die vraag het dus ontstaan of die NG Kerk ŉ publieke sfeer (kan) skep op sy bestaande webplatforms. Sekondêre vrae oor die regulering van diskoerse, die interaksie tussen gebruikers en webwerwe se verbintenis tot publieke teologie is gevolglik ondersoek ten einde hierdie sentrale vraag te beantwoord.

7.2.1 Publieke sfeer, publieke teologie en die internet

In hoofstuk 2 is die sentrale konsepte van hierdie studie breedvoerig beskryf. Habermas (1989) se konsep van die publieke sfeer is aangepas om minder klem op rasionaliteit as voorvereiste vir die daarstelling van ŉ publieke sfeer te plaas. Konflik en meningsverskil binne perke dra ook by tot die skep van ŉ publieke sfeer. Die werkdefinisie van ŉ publieke sfeer lui dus só:

> Die publieke sfeer is ŉ konseptuele ruimte waar ŉ kritiese, openbare diskoers gevoer word wat vir almal toeganklik is. Kommunikasie binne die publieke sfeer is verstaanbaar, feitelik korrek en relevant of geldig. Konflik en meningsverskil – binne perke – is ook deel van kommunikasieprosesse binne die publieke sfeer. Die media is die vernaamste ruimte waarbinne die publieke sfeer geskep word.

Die media is die primêre instelling van die publieke sfeer. Publieke teologie gebruik die media as voertuig om aan die publieke sfeer deel te neem. Publieke teologie is ŉ openbare gesprek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vanuit godsdienstige kringe oor sake van openbare belang, en wat uiteindelik deel uitmaak van die publieke sfeer. Die vrug daarvan is dat publieke teologie in die publieke sfeer poog om openbare beleid te beïnvloed ten einde ŉ positiewe bydrae tot die samelewing te maak. Veral wat sake soos geregtigheid en menswaardigheid betref, het publieke teologie dus ŉ belangrike rol om te speel in die daarstelling van ŉ aktiewe publieke sfeer op die NG Kerk se webblaaie.

Die publieke sfeer word in stand gehou deur openbare gesprek wat openbare mening vorm en uiteindelik tot politieke optrede lei. Die ideale medium om só ŉ gesprek te fasiliteer, is die nuwe media. Die internet veral het groot potensiaal om ŉ publieke sfeer te vorm. Die internet het hierdie potensiaal as gevolg van die interaktiwiteit wat dit fasiliteer, die feit dat dit potensieel toeganklik is vir enige lid van die publiek en dat die bestuur van inhoud nie tipies burokraties is nie.

7.2.3 Teoretiese raamwerk

Die NG Kerk se webwerwe funksioneer binne ŉ konteks waar dit deur verskeie rolspelers beïnvloed word. Aan die een kant is die NG Kerk deel van die burgerlike samelewing, wat invloed het en beïnvloed word deur drie ander terreine: die politiek, die ekonomie en die massamedia. Aan die ander kant is die NG Kerk ook deel van die massamedia – deur sy gedrukte media en webwerwe. Daar is dus ŉ spanning in die ideale rol wat die NG Kerk se media moet vervul – dien dit as spreekbuis vir publieke teologie, wat oop en toeganklik is sodat openbare gesprek kan plaasvind? Of dien dit die kerk as instansie en word inhoud sodanig gereguleer?

Veranderinge in die samelewing, soos globalisering en sekularisering, het ook ŉ invloed op hoe die NG Kerk sy media aanwend en uiteindelik publieke teologie bedryf. Sekularisering kan die geleentheid bied om met nie-gelowiges en ander godsdienstiges te praat – wat moontlik ŉ versterking in die publieke sfeer kan meebring. Globalisering, wat die kultuur-industrie versterk, kan moontlik ŉ invloed op die NG Kerk se media hê en ŉ effek hê op hoe dit bydra tot die skep van ŉ publieke sfeer.

Aan die een kant kan globalisering meebring dat mense van regoor die wêreld met mekaar kan praat – dus word grense afgebreek en die moontlikheid van ŉ groter, inklusiewe publieke sfeer word geskep. Aan die ander kant kan globalisering weens groter kommersialisering lei tot fragmentasie van die publieke sfeer en ŉ teenreaksie in die vorm van die opbloei van plaaslike kulture en spesifieke belangegroepe bring. Dit kan meebring dat groepe eksklusief en homogeen raak – en mense waarmee hulle nie saamstem of wie hulle nie verstaan nie, uitsluit. Derdens is daar die moontlikheid van kultuur-imperialisme, waar een dominante wêreldkultuur plaaslike kulture kan verdring. Dit kan lei tot homogene kultuur – in terme van die publieke sfeer is dit nie noodwendig nadelig nie, want dit verbeter die kanse dat ŉ inklusiewe, globale publieke sfeer moontlik kan ontstaan.

Met die bogenoemde konteks in ag genome, het hierdie studie twee teoretiese aannames gemaak:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. Die eerste teoretiese aanname is dat die gebruik van nuwe media deur die NG Kerk kan meebring dat publieke teologie só bedryf word dat dit tot die skep van ŉ publieke sfeer bydra.

2. Die tweede teoretiese aanname is dus dat ŉ publieke sfeer geskep kan word slegs indien vrye toegang tot internet-debatte op die NG Kerk se webwerwe moontlik is, en indien deelnemers toegelaat word om op ŉ kritiese wyse aan die debatte deel te neem.

Die internet as kommunikasietegnologie, met sy spesifieke eienskappe en kultuur; godsdienstiges se gebruik van die internet; en die regulering van dié medium is alles invloede wat deel is van die konteks waarbinne die NG Kerk se media bedryf word. Hierdie temas is in die laaste gedeelte van Hoofstuk 2 bespreek, en word kortliks hier opgesom.

7.2.3 Publieke sfeer en publieke teologie op die internet

Die literatuuroorsig van hierdie studie is volgens Dahlberg (2001) se maatstawwe vir ŉ publieke sfeer, wat in 2.2.2. bespreek is, gerangskik. Hierdie maatstawwe is outonomie van die staat en ekonomiese mag; uitruil en kritisering van moreel-praktiese en geldige aansprake; nadenke; ideale rol-aanneming; opregtheid; en insluiting en gelykheid in gesprekke. Uit die internetliteratuur is gesien dat daar wel ŉ publieke sfeer op die internet bestaan, maar dat die kwaliteit daarvan dikwels nie aan Habermas (1989) se ideaal van die publieke sfeer voldoen nie.

Kommersialisering is dikwels ŉ rede waarom die kwaliteit van die publieke sfeer laag is, aangesien gesprekke dan nie vry van ekonomiese mag is nie – een van Dahlberg (2001) se maatstawwe vir die ideale publieke sfeer. Wat die uitruil en kritisering van geldige stellings betref, word daar gereeld aan hierdie maatstaf in internetgesprekke voldoen. Uit die internetliteratuur is ook gevind dat nadenke, wat belangrik is vir die publieke sfeer, wel op die internet plaasvind. Maar dit gebeur nie gereeld genoeg om waarlik tot oorwoë openbare mening te lei nie. Gebruikers wat maklik uit gespreksgroepe onttrek of oneerlik is oor hul identiteit, intensies of ander inligting, gebeur gereeld op die internet – dit verlaag die kwaliteit van die publieke sfeer. Gebruikers wat uitgesluit word van gesprekke, hetsy deur ekonomiese omstandighede, rekenaargeletterdheid of sosiale ongelykheid kom ook op die internet voor. Hierdie studie het wel die digitale kloof in ag geneem, maar ondersoek diskoerse wat reeds op die internet teenwoordig is.

Die literatuuroorsig het dus aangedui dat daar wel ŉ publieke sfeer op die internet bestaan, maar dat die kwaliteit daarvan dikwels laag is.

Wat godsdienstiges se gebruik van die internet betref, is gevind dat sulke gebruikers die godsdienstige webwerwe dikwels sal besoek uit nuuskierigheid of as gevolg van onsekerheid binne hul eie godsdienstige raamwerk. Godsdienstiges begin hulself ook al meer van die kerk as instelling en die hiërargie daarvan, onttrek. Die internet is ŉ vername manier, veral onder Christelike Afrikaanssprekendes, om hul identiteit te vorm en daaraan uiting te gee. Hierdie tendense het uiteindelik ŉ invloed op hoe gebruikers publieke teologie beoefen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Godsdienstige gesprekke op die internet, só dui die literatuur aan, kry ook in ŉ nuwe vorm van diskoers gestalte: Een wat nie net deur teoloë bedryf word nie, maar deur 'gewone' godsdienstiges. Die internet bied ook geleentheid vir kleiner groepe, wat nie geografiese naby mekaar hoef te wees nie, om gesprek te voer. Hierdie manier om die internet te gebruik dra by tot die gehalte van die publieke sfeer.

Internetdiskoerse vind ook op die NG Kerk se webwerwe plaas, waar gesprekke gereguleer word. Hoofstuk 2 het dus ook kortliks gekyk na hoe diskoerse op ander media-webwerwe gereguleer word.

7.2.4 Regulering van diskoerse op die internet

Op makrovlak word die internet deur tegnologiese uitvindsels, soos internetfilters gereguleer. Die internet word ook deur sosio-politieke invloede en meganismes, soos regeringsbeleid gereguleer. In Suid-Afrika is dit veral die Telekommunikasiebeleid en die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies van 2002 en 2005 wat die internet reguleer. Alhoewel regulering op makrovlak toegepas word, het hierdie studie veral op regulering op mikrovlak gefokus, want dit is hier waar die daarstelling van ŉ publieke sfeer regstreeks deur die NG Kerk beïnvloed word.

Regulering op mikrovlak dui op die beleid en gedragskodes wat webwerwe self opstel en toepas om diskoerse te reguleer. Die interne regulering van webwerwe, soos in 2.5.3. bespreek, dra by tot die skep van ŉ publieke sfeer.

Die studie het die regulering bespreek wat op Nuus24 en News24 geskied. Die beleid van hierdie webwerwe is grootliks geskoei op die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies van 2002. Gebruikers moet self skadelike, lasterlike, onwettige of onwaar inhoud – enigiets wat indruis teen die Grondwet of die genoemde wet – rapporteer.

Facebook lys ook ŉ stel gemeenskapstandaarde waaraan gebruikers hulself verbind. Wat die aanvaarbaarheid van inhoud betref, het die studie gevind dat daar moontlik ŉ spanning kan wees tussen wat vir Facebook toelaatbaar is, maar deur die NG Kerk en sy gebruikers as aanstootlik beskou kan word. Die grense waarbinne fatsoenlike gesprek gevoer word, is nie vir elke individu dieselfde nie.

Facebook bied ook aan gebruikers en administrateurs van Facebookgroepe funksies om regulering toe te pas deur middel van verwydering van kommentaarplasings of blok van gebruikers. Die vraag het dus ontstaan hoe die NG Kerk se webwerwe hierdie reguleringsfunksies toepas. Ook ter sprake is watter tipe interaksie op die NG Kerk se webwerwe plaasvind en die webwerwe se verbintenis tot publieke teologie. Bevindings wat lig werp op bogenoemde navorsingsvrae word vervolgens bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.3 Reaksie op navorsingsvrae

Die navorsingsvrae is beantwoord na aanleiding van die bevindinge wat in Hoofstuk 4 (semi-gestruktureerde onderhoude, vraelyste en inhoudsanalise), Hoofstuk 5 (semi-gestruktureerde onderhoude en vraelyste) en Hoofstuk 6 (sistematiese observasie) bespreek is.

Die eerste spesifieke navorsingsvraag lui as volg:

7.3.1. Hoe beïnvloed die NG Kerk se betrokkenheid by mediaplatforms, soos webwerwe en sosiale netwerke, sy verbintenis tot publieke teologie?

Om hierdie vraag te beantwoord, is die inhoud van die webwerwe ondersoek:

- Kerkbode-aanlyn (www.kerkbode.co.za)
- *Kerkbode* se Facebookgroep (www.facebook.com/kerkbode)
- NG Kerk-aanlyn (www.ngkerk.org.za)
- NG Kerk se Facebookgroep (www.facebook.com/ngkerk)
- Teologiese fakulteit van Universiteit van Pretoria (www.teo.co.za)
- Teologiese fakulteit van Universiteit van Stellenbosch (www.soliustitiae.co.za)
- Die teologiese fakulteit van Universiteit van die Vrystaat (http://theology.ufs.ac.za/default.aspx)

Die inhoud is geklassifiseer in NG Kerksake, wyer godsdienstige sake en kwessies van openbare belang wat op die breër samelewing betrekking het. Die argument is dat inhoud wat slegs oor NG Kerksake gaan, nie die publieke sfeer dien nie. Wyer godsdienstige sake kan bydra om ŉ grondslag te skep vir publieke teologie, en sake van openbare belang kan daadwerklik ŉ bydrae maak in die skep van ŉ publieke sfeer.

Daar is gevind dat **Kerkbode-aanlyn** homself tot publieke teologie verbind het in sy intensie van die webwerf. In April 2012 het die uitleg van Kerkbode-aanlyn verander om meer na ŉ nuus-webwerf te lyk. Die vernaamste rede was om ŉ sterker aanlyn-teenwoordigheid te hê en gesprek uit te lok waaraan die publiek kan deelneem. Dit wil blyk dat kommersialisering nie ŉ oorwegende rol hierin gespeel het nie, aangesien daar slegs een advertensie op Kerkbode-aanlyn te sien is. Die nuwe webwerf het steeds die inhoud van die gedrukte *Kerkbode* gereflekteer en het ook steeds aan gebruikers die geleentheid gebied om op die meeste artikels of berigte kommentaar te lewer. Gebruikers kon egter nie op briewe kommentaar lewer nie, wat as ŉ terugslag gesien word om oop en toeganklike gesprek te bevorder. Uit die inhoud was dit duidelik dat *Kerkbode* ŉ poging aangewend het om ŉ bydrae tot publieke teologie te maak, aangesien ongeveer 40% van die inhoud oor sake wyer as NG Kerksake gehandel het – en dus kon bydra om ŉ publieke sfeer te skep. Die reaksie op hierdie tipe inhoud was egter laag.

Op ***Kerkbode* se Facebookblad** het die situasie effens anders gelyk. Die inhoud wat publieke teologie aanhelp, was meer op Facebook – 66% van die inhoud wat deur *Kerkbode* se Facebook-administrateurs geplaas is, het oor sake wyer as NG Kerksake gehandel. Die grootste gedeelte daarvan was op godsdienstige sake gefokus. Die meeste reaksie het uit hierdie inhoud gespruit, en nie uit sake wat slegs oor die NG Kerk gehandel het nie. Sake wat op die politiek en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ekonomie betrekking het en tot die breër samelewing spreek, het die kleinste gedeelte van die inhoud uitgemaak. Dit het ook die minste reaksie uitgelok. Hierdie is egter nie ŉ totale inperking van die publieke sfeer nie, aangesien sake wat wyer as die NG Kerk is, maar oor godsdienstige sake gaan, steeds kan bydra om ŉ publieke sfeer te skep. Hierdie kwessies help vorm aan publieke teologie, en kan uiteindelik uitloop in deelname aan die publieke sfeer.

Kerkbode se Facebookgroep het dit dus beter reggekry as Kerkbode-aanlyn om sy verbintenis tot publieke teologie gestalte te laat kry. Albei hierdie webwerwe het egter ŉ goeie poging aangewend en slaag daarin om inhoudelik ŉ grondslag te bied vir ŉ publieke sfeer om te bestaan.

NG Kerk-aanlyn het in terme van die teorie van die publieke sfeer ŉ terugwaartse stap geneem om ŉ publieke sfeer te skep, toe die pos van elektroniese redakteur in Julie 2012 afgeskaf is. Hierdie besluit is deur die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) van die NG Kerk geneem. Die rede wat aangevoer is, is dat die betrokke persoon al sy aandag aan die kerk se publieke getuienis moes gee. Alhoewel hierdie rede aangevoer is, meen die navorser dat ŉ bydraende faktor was dat gesprek op die **NG Kerk se Facebookblad** te robuus geraak het. Die diversiteitsforum wat ŉ gespreksruimte op NG Kerk-aanlyn gehad het, is juis gesluit omdat betrokkenes gemeen het dat die gesprek dikwels tot persoonlike aanvalle gelei het en nie by die tema gehou het nie.

Die afskaffing van die elektroniese redakteur se pos het meegebring dat hy nie meer NG Kerk-aanlyn en die NG Kerk se Facebookblad bedryf nie. Waar NG Kerk-aanlyn vroeër ŉ sterk verbintenis tot publieke teologie gehad het – wat die intensie van die webwerf en die webredakteur se bestuur daarvan betref – het dié verbintenis verswak. Die besluit van die ASM het meegebring dat NG Kerk-aanlyn inhoudelik slegs ŉ inligtingverskaffer oor NG Kerksake geraak het. Geen ruimte vir gesprek was na die afskaffing van die pos meer teenwoordig op die webwerf nie. Die potensiaal vir ŉ publieke sfeer is dus grootliks ingeperk.

Wat die NG Kerk se Facebookblad betref, sou die webwerf inhoudelik ŉ groot bydrae kon maak om publieke teologie te beoefen. Voor die afskaffing van die pos het 52% van die Facebookblad se inhoud wat deur die webredakteur oor ŉ jaartydperk gepubliseer is, bygedra om gesprekke van waarde vir publieke teologie te begin. Met die afskaffing van die elektroniese redakteurspos is die plasings op Facebook gestaak, en die potensiaal om gesprek oor publieke aangeleenthede te begin, is in die wiele gery.

Die rede vir die afskaffing van die pos – sodat hy aan publieke getuienis kan aandag gee – blyk teenstrydig te wees. Publieke teologie vorm die grondslag van publieke getuienis, en ŉ interaktiewe webwerf is die ideale platform om publieke teologie te bedryf (Sien 1.3.2.). Met die afskaffing van die pos, en die meegaande effek op NG Kerk-aanlyn en NG Kerk se Facebookblad, het die NG Kerk sy platform om ŉ publieke sfeer daar te stel, verswak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat **www.teo.co.za** betref, was daar min inhoud wat bydra tot publieke teologie, terwyl **www.soliustitiae.co.za** omtrent 30% van sy inhoud aan sake wyer as die NG Kerk gewy het. Die intensie van dié webwerwe was ook nie doelbewus om publieke teologie te bedryf nie. Die **UV se teologiese fakulteit se webwerf** het geen inhoud geplaas wat kon bydra tot die beoefening van publieke teologie nie.

Indien publieke teologie gesien word as ŉ oop, kritiese en toeganklike gesprek oor sake wyer as NG Kerksake en van openbare belang, het Kerkbode-aanlyn en *Kerkbode* se Facebookgroep die grootste bydrae gelewer tot publieke teologie. Dié webwerwe het dit inhoudelik reggekry om meer as die helfte van sy inhoud aan sake te wy wat die publieke sfeer dien. *Kerkbode* se webwerwe het ook ŉ sterk verbintenis tot publieke teologie. NG Kerk-aanlyn en sy Facebookblad het egter sy verbintenis met publieke teologie verswak deur die afskaffing van die elektroniese redakteurspos.

Die tweede spesifieke navorsingsvraag van hierdie studie, is:

7.3.2 Wat is die vlak van regulering van die inhoud van die NG Kerk se webwerwe en hoe beïnvloed dit openbare deelname en debat?

ŉ Publieke sfeer kan slegs bestaan wanneer deelnemers aan die gesprek vry is om krities te wees en nie ingeperk word deur enige politiese of ekonomiese mag nie. Indien die NG Kerk dus deur regulering debat wat krities is, sou inperk, kan dit keer dat ŉ publieke sfeer tot stand kom.

Wat druk van die NG Kerk betref, het **NG Kerk-aanlyn** se potensiaal om ŉ publieke sfeer te skep, daaronder gely toe die pos van elektroniese redakteur in Julie 2012 afgeskaf is (soos hierbo bespreek). Die sluiting van die diversiteitsforum se gespreksruimte op NG Kerk-aanlyn, vyf maande vantevore, het ook veroorsaak dat ŉ moontlike publieke sfeer wat wel kon bestaan, vernietig is. Ook die **NG Kerk se Facebookblad** het nie meer gesprekke begin wat kon bydra tot die publieke sfeer nie. Daar kon dus geen gesprekke gevoer word wat uiteindelik kon bydra om ŉ publieke sfeer daar te skep nie. Regulering op mesovlak het dus meegebring dat NG Kerk-aanlyn en die NG Kerk se Facebookblad nie ŉ publieke sfeer skep nie deur weg te doen met ŉ essensiële platform vir die beoefening van publieke getuienis, waarvan publieke teologie die onderbou is. Voor hierdie verwikkeling het die webredakteur wel kommentaarplasings verwyder, wat volgens hom onfatsoenlik was, maar dit het baie selde gebeur.

Wat kommersiële druk op NG Kerk-aanlyn en die NG Kerk se Facebookblad betref, is min tekens van sulke druk te sien. NG Kerk-aanlyn bevat geen advertensies nie, en kry dus geen inkomste uit die webwerf.

Kerkbode-aanlyn en ***Kerkbode* se Facebookgroep** is ook deur die instansie waaraan hy behoort, gereguleer. In Mei 2012 het Kerkbode-aanlyn en *Kerkbode* se Facebookblad ŉ etiese kode ingestel wat debat moes reguleer. Hierdie kode sou ŉ raamwerk skep waarbinne gebruikers, veral op Facebook, aan die debat kon deelneem. Alhoewel die kode kommentaar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat nie tot die publieke sfeer bydra nie – soos persoonlike beledigings – kon inperk, is die konsekwentheid van die toepassing van die etiese kode bevraagteken (deur gebruikers en die navorser). Die interaksie, wat in 7.3.3. bespreek word, was by tye robuus en het grootliks bygedra tot die skep van ŉ lewendige publieke sfeer.

Kerkbode se Facebookblad is egter in Augustus 2012 as gespreksruimte gesluit nadat die etiese kode, volgens die direksie van Bybel-Media, nie die gewenste uitwerking op robuuste debat gehad het nie. Hierdie regulering op mesovlak het egter nie die gesprek op Facebook heeltemal gedemp nie, maar dit het veroorsaak dat die tipe inhoud (wat nou Kerkbode-aanlyn se inhoud reflekteer) minder handel oor sake wat die publieke sfeer dien. Ongeveer 40% van Kerkbode-aanlyn se inhoud het bygedra tot die publieke sfeer, waar 66% van die plasings deur die webredakteur op *Kerkbode* se Facebookblad dit gedoen het. Wat die gespreks-onderwerpe betref, het die regulering op mesovlak ŉ negatiewe effek op die skep van ŉ publieke sfeer gehad, maar die potensiaal om steeds debat te voer, is nie ingeperk nie.

Die sluiting van die gespreksruimte kan ook op moontlike kommersiële druk dui. Volgens die direksie van Bybel-Media sou Facebook voortaan slegs as digitale bemarkingsinstrument vir die gedrukte weergawe van *Kerkbode* dien. Die moontlikheid dat kommersiële druk die publieke sfeer kon inperk, is dus nie uitgesluit nie.

Alhoewel daar min sprake van debat op **www.teo.co.za** was, was dit wel nodig om soms regulering toe te pas deur kommentaarplasings wat persoonlik beledigend is, te verwyder. Skerp kritiek en verskille was wel toegelaat. Regulering het dus nie noodwendig die debat, hoe klein ook al, ingeperk nie. Die **ander twee webwerwe** het van geen regulering gebruik gemaak nie, aangesien daar slegs een kommentaarplasing op www.soliustitiae.co.za gemaak is.

Die NG Kerk het regulering gebruik om debat wat volgens hom onaanvaarbaar was, in te perk. Hierdie inperking is egter nie die enigste manier van regulering wat toegepas word nie. Regulering is ook op mesovlak toegepas en het die potensiaal van webwerwe om ŉ publieke sfeer daar te stel, grootliks geknou. Die publieke sfeer wat *Kerkbode* se Facebookgroep kan skep, is egter nie heeltemal deur dié regulering vernietig nie.

Die derde spesifieke navorsingsvraag wat hierdie studie beantwoord, is:

7.3.3 Wat is die aard van die openbare interaksie op die NG Kerk se webwerwe?

Omdat kommunikasie die essensiële elemente in die publieke sfeer is, is die interaksie tussen gebruikers ondersoek aan die hand van Dahlberg (2001) se maatstawwe vir ŉ publieke sfeer (Sien 2.2.2.).

Op **Kerkbode-aanlyn** was daar min sprake van interaksie, aangesien min gebruikers kommentaar op artikels of berigte gelewer het. ***Kerkbode* se Facebookgroep** het egter groot hoeveelhede kommentaarplasings uitgelok. Die grootste klem in debatvoering was op die uitruiling van moreel-geldige aansprake. Daar was wel ŉ groot aantal kommentaarplasings wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

persoonlike beledigings ingesluit het – dit het waarskynlik die publieke sfeer ŉ knou toegedien. Wat egter moontlik bygedra het tot die publieke sfeer, was die ryk aanlynverhoudings wat sigbaar was uit die kommunikasie wat gevoer is. Die gebruik van humor het ŉ soort kameraderie tussen gebruikers geskep.

Dit was egter só dat min gebruikers op *Kerkbode* se Facebook hul standpunt aangepas het tydens ŉ debat, maar dit is nie noodwendig ŉ teken van ŉ gebrek aan respekvolle luister of ideale rol-aanneming nie. Die feit dat sake gewoonlik vanuit ŉ godsdienstige uitgangspunt beredeneer word, maak dat gebruikers minder geneë van hul standpunt sal afsien – godsdiens is deel van ŉ persoon se emosionele raamwerk en diep gesetel in die persoon self.

Op *Kerkbode* se Facebook was daar geen vorm van uitsluiting nie – behalwe gebruikers wat deur die webredakteur geblok is – of diskriminasie gevind nie. Daar is wel gevind dat gebruikers, omdat hulle ryk aanlynverhoudings het en mekaar leer ken, ander sal etiketteer – soos, behoudend of fundamentalisties. Dit bring mee dat ŉ stelling dikwels op grond van stereotipering en nie die geldigheid daarvan nie, beoordeel is. Dit kan ŉ publieke sfeer inperk, maar die gesprek bly steeds relatief oop en toeganklik.

Daar was geen sprake van interaksie op **NG Kerk-aanlyn** nie. Volgens die werkdefinisie van hierdie studie kon ŉ publieke sfeer dus nie bestaan nie.

Op die NG Kerk se Facebookgroep was daar wel interaksie, maar slegs voordat die elektroniese redakteurspos in Julie 2012 afgeskaf is. Die interaksie wat daar wel was, was lang gespreksdrade waar argumente gebou en beredeneer is – dus die uitruil van moreel-geldige aansprake. Dit is egter so dat die meeste reaksie gespruit het uit inhoud wat oor godsdienstige sake gehandel het. Amper geen reaksie is gevind op inhoud wat op die breër samelewing van toepassing is nie. Alhoewel die NG Kerk inhoud op sy Facebookblad publiseer wat ŉ gesprek kan begin wat die publieke sfeer dien, is die debat daaroor te gebrekkig om hierdie potensiaal te verwesenlik.

Die navorsing het bevind dat die twee Facebookgroepe die grootste bydrae gemaak het om, wat interaksie betref, ŉ publieke sfeer daar te stel. Op beide webwerwe het heterogene groepe kritiese debat gevoer. Gebruikers is nie uitgesluit of teen gediskrimineer nie. Die potensiaal dat die gesprek tot oorwoë openbare mening kon lei, was dus teenwoordig. Waar *Kerkbode* se Facebookgebruikers geredelik oor sake debat gevoer het wat die publieke sfeer bevorder, het die NG Kerk se Facebookgebruikers nie geredelik oor sulke sake gedebatteer nie.

Ten einde ŉ finale gevolgtrekking te maak, is die drie spesifieke navorsingsvrae van hierdie studie opgesom in een algemene navorsingsvraag:

7.3.4. Dra internetdiskoerse op die NG Kerk se webwerwe by tot die daarstelling van ŉ publieke sfeer?

Van die sewe webwerwe wat ondersoek is, was slegs ses interaktief genoeg om diskoerse te fasiliteer. Die twee webwerwe wat die minste aanlyndebatte gestimuleer het, was www.teo.co.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en www.soliustitiae.co.za. Alhoewel bogenoemde twee webwerwe inhoudelik kan bydra om gesprekke te inisieer wat die publieke sfeer dien, gebeur dit nie tans nie. Die webwerf van die Universiteit van die Vrystaat het nie die opsie om aanlyndebat te voer nie.

Die debat op *Kerkbode* se Facebookgroep was die grootste en lewendigste. Debat op die NG Kerk se Facebookblad was in baie opsigte soortgelyk aan dié van *Kerkbode* se Facebook, maar regulering het hierdie debatte gestuit. Die afskaffing van die elektroniese redakteurspos het meegebring dat NG Kerk-aanlyn nie meer interaktief was nie, en die NG Kerk se Facebookgroep het nie meer debat geïnisieer nie. ŉ Essensiële platform om publieke teologie te beoefen was dus daarmee heen. Gesprek wat voor hierdie regulering op die NG Kerk se Facebook plaasgevind het, het in baie opsigte aan die maatstawwe van ŉ publieke sfeer voldoen. Die debatte was oop en toeganklik vir enigiemand met internet-toegang. Regulering het op só ŉ manier geskied dat kritiek teen geldige stellings en teen die NG Kerk self, toegelaat is. ŉ Groot gedeelte van die inhoud wat die NG Kerk op sy Facebook gepubliseer het, was ook van só ŉ aard dat dit ŉ publieke sfeer gedien het. Die interaksie daarmee was egter laag.

Moontlike hindernisse in die debat wat op die NG Kerk se Facebook geskied het, was dat persoonlike beledigings soms in debatte voorgekom het – dit dien nie die publieke sfeer volgens die werkdefinisie van hierdie studie nie. Gebruikers het ook nie van hul standpunte afgesien nie – wat op ŉ gebrek aan respekvolle luister en ideale rol-inneming kan dui. Dit kan ook moontlik te wyte wees aan die feit dat gesprekke hoofsaaklik uit godsdienstige oortuigings gevoer is.

Indien die NG Kerk weer soos tevore sy Facebookgroep aanwend om gesprekke te inisieer wat publieke teologie laat gebeur, sal dié webwerf kan bydra tot ŉ publieke sfeer. Daar kan egter nie met sekerheid gesê word dat oorwoë openbare mening – wat die uiteinde van ŉ ideale publieke sfeer is – gevorm sal word nie, weens die faktore met betrekking tot die lae vlak van diskoers wat al genoem is.

Die webwerf wat die grootste bydrae gemaak het in die skep van ŉ publieke sfeer was die Facebookgroep van *Kerkbode*. Alhoewel Kerkbode-aanlyn hom sterk tot publieke teologie verbind het, was die interaksie wat daar plaasgevind het, nie groot of robuus genoeg om werklik ŉ publieke sfeer tot stand te bring nie. Op *Kerkbode* se Facebookblad was dit egter anders. Hier is gereeld inhoud gepubliseer wat kon bydra tot die publieke sfeer. Die debat was oop, toeganklik en robuus. Enige persoon – binne perke van die regulasiereëlings – kan aan die debat deelneem. Kritiek is toegelaat en meningsverskille was volop. Al hierdie elemente het bygedra tot die skep van ŉ lewendige publieke sfeer. Die publieke sfeer het egter ook ŉ knou gekry deur die regulering wat toegepas is. Minder inhoud wat kon bydra tot die publieke sfeer, is op Facebook gepubliseer. Die gesprek is egter nie heeltemal gedemp nie.

Diskoerse op die NG Kerk se webwerwe het beslis die potensiaal om ŉ publieke sfeer te skep, maar verskeie faktore, soos lae deelname aan gesprekke op webwerwe en regulering op mesovlak, het veroorsaak dat hierdie potensiaal nie ten volle benut is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.4 Moontlikhede vir verdere navorsing

Hierdie studie het nie in diepte ingegaan op wat die invloed van kommersialisering en sekularisering op die diskoerse op die NG Kerk se webwerwe is nie. Dit kan ŉ tema vir verdere ondersoek wees. Deur die struktuur van Bybel-Media se eienaarskap te ondersoek en die maatskappy se klem op handelsmerkbestuur, kan die rol van sy politieke ekonomie binne die nuwe media vasgestel word.

ŉ Tekort aan studies oor kerke wat die nuwe media gebruik om aan die openbare gesprek deel te neem, maak van die studie ŉ goeie grondslag om verder navorsing te doen oor hierdie onderwerp. Lidmate se gebruik van die nuwe media kan ŉ goeie bron wees vir kerkleiers om te bepaal hoe lidmate deel gemaak kan word van die openbare gesprek.

Robuuste debatte, buite die perke van gesonde konflik blyk ŉ probleem op webwerwe te wees. Regulering van hierdie diskoerse is ŉ tameletjie, aangesien gesprek nie deur oormatige regulering ingeperk wil word nie. In-diepte navorsing oor hoe *Kerkbode* sy etiese kode aangewend het om destruktiewe gesprek in te perk, maar konstruktiewe gesprek te stimuleer, sal kan bydra tot die veld van navorsing oor internet-regulering op godsdienstige webwerwe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verwysings

Boeke, tydskrifte en webwerwe

Asamoah-Gyadu, J.K., 2007. "'Get on the Internet!' says the Lord": Religion, cyberspace and Christianity in contemporary Africa. *Studies in world Christianity,* 13(3): 225-242.

Babbie, E. en Mouton, J., 2001. *The practice of social research. South African edition.* Kaapstad: Oxford University Press.

Benmamoun, M., Kalliny, M. en Cropf, R.A., 2012. The Arab Spring, MNEs, and virtual public spheres. *Multinational Business Review,* 20(1), pp.26-43 [aanlyn] Beskikbaar by DOI: 10.1108/15253831211217189. [Afgelaai op 14 Julie 2012].

Bambauer, D. E., 2009. Cybersieves. *Duke Law Journal.* 59(3): 377-446.

Benne, R., 1995. *The paradoxical vision: a public theology for the twenty-first century.* Minneapolis: Fortress Press.

Bigelow, M., 2008. Welcome to the church wide web. *US Catholic.* Chicago: Claretian Publications.

Boettcher, J.W. en Harmon, J., 2009. Introduction: Religion and the public sphere. *Philosophy Social Criticism,* 35(5): 5-22.

Bosch, T., 2010. Digital journalism and online public spheres in South Africa. *Communicatio*, 36(2): 265-275.

Bowrey, K., 2007. Can a public-minded copyright deliver a more democratic internet? *University of New Brunswick Law Journal,* 56: 26-35.

Breitenberg, E.H., 2003. To tell the truth: Will the real public theology please stand up? *Journal of the Society of Christian Ethics,* 23(2): 55-96.

Brodeur, P., 2005. From the margins to the centers of power. The increasing relevance of the global interfaith movement. *Crosscurrents*, Lente: 42 -53.

Campbell, H., 2006. Religion and the Internet. *Communication research trends,* 25 (1): 3-24.

Castells, M., 1997. *Volume 2: The rise of the network society.* Oxford: Blackwell.

Dahlberg, L., 2001. Computer-mediated communication and the public sphere: A critical analysis. Journal of Computer-Mediated Communication, 7 (1) [aanlyn]. Beskikbaar by DOI: 10.1111/j.1083-6101.2001.tb00137.x [Afgelaai op 17 Augustus 2012]

Dahlgren, P., 2005. The internet, public spheres, and political communication: dispersion and deliberation. *Political Communication,* 22(2): 147-162.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Beer, A. S., 2001. The Internet in Africa - a new road to developmental opportunities or a digital highway leading nowhere? *Critical Arts, Journal of South-North Cultural and Media Studies*, 15(1&2):135-153.

De Stadler, L., De Stadler, A., Du Plessis, P. en Vorster, L. 2009. Beeld en Kommunikasie. *ŉ Verslag vir die NG Kerk.* Universiteit Stellenbosch Taalsentrum.

De Wet, P., 2012. The carefully hidden face of online racism. Mail & Guardian [aanlyn]. 7 Mei 2012. Beskikbaar by http://mg.co.za/article/2012-05-07-online-racism-its-worse-than-you-thought [Afgelaai op 29 Augustus 2012]

Donath, J. S., 1999. Identity and deception in the virtual community. In M.A. Smith en P.Kollock, reds. 1999. *Communities in cyberspace.* Londen: Routledge. Pp. 29–59.

Dreyer, J.S. en Pieterse, H.J.C., 2010. Religion in the public sphere: what can public theology learn from Habermas's latest work? *Hervormde Teologiese Studies,* 66(1), [aanlyn] Beskikbaar by http://www.hts.org.za [afgelaai op 25 Februarie 2012].

Du Plooy, G.M., 2001. *Communication research. Tehcniques, methods and applications.* 2de uitgawe. Lansdowne: Juta.

Duvenage,P., 2010. The Public Sphere in contemporary society. In: P. Fourie, red. 2010. *Media studies. Media history, media and society.* 2de uitgawe. Lansdowne: Juta. Hoofstuk 8. Pp. 324-349

Enns, P., 2007. Habermas, reason, and the problem of religion: the role of religion in the public sphere. *Heythrop Journal,* 48(6): 878-894.

Fiorenza, F.S., 1992. Introduction: A critical reception for a practical public theology. In: D. Browning en F. Fiorenza, red. 1992. *Habermas, modernity, and public theology.* New York: Crossroad, p. 5.

Fourie, P. J., 2010. *Media studies. Media history, media and society.* (2de uitgawe) Kaapstad: Juta.

Gaum, F.M., 2010. *Kerkbode* ná 160 jaar. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif. Supplementum. Teologie 150 + en Calvyn 500,* 51: 95-103.

George. S.E., 2005. Believe it or not: virtual Religion in the 21st Century. *International Journal of Technology and Human Interaction,* 1(1): 62-71.

Giddens, A., 1999. *Globalisation a runaway world. BBC Reith Lectures 1999.* [aanlyn] Beskikbaar by http://news.bbc.co.uk/hi/english/static/events/reith_99/week1/week1.htm [Afgelaai op 23 Augustus 2012]

Global Network for Public Theology. 2010. *Participant research institutions.* [aanlyn] Beskikbaar by http://www.csu.edu.au/special/acc/about/gnpt/research-institutions [Afgelaai op 23 Augustus 2012]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Goldberg, G., 2010. Rethinking the public/virtual sphere: The problem withparticipation. *New media & society*, 13(5): 739-754.

Grobler, A., 2004. Critical approaches + number crunching = sound academic research. *Ecquid Novi: Forum Section,* 25(2): 380-384.

Habermas, J., 1989, *The structural transformation of the public sphere,* vertaal deur T. Burger en F. Lawrence. Cambridge: MIT Press.

Habermas, J., 2006. Religion in the public sphere. *European journal of philosophy,* 14(1): 1-25.

Habermas, J., 2008. *Between naturalism and religion*. Philosophical essays, vertaal deur C. Cronin. Cambridge: Polity Press.

Helland, C., 2002. Surfing for salvation. *Religion,* 32(4): 293- 302.

Helland, C., 2006. Religion online. Using the internet for religious studies research: an introduction. *Religious Studies Review*, 32(4): 215-216.

Hill, K.A. en J.E. Hughes., 1998. *Cyberpolitics: Citizen Activism in the Age of the Internet*. New York: Rowman & Littlefield.

Höhne, F., 2012. Public theology and the media. Preliminary remarks for a necessary analysis. Referaat gelewer by seminaar: *Public media and public theology.* Universiteit Stellenbosch, 1 Mei 2012.

Hollenbach, D., 2003. *The global face of public faith: politics, human rights and Christian ethics.* Washington: Georgetown University Press.

Hoover, S.M. en Park, J.K., 2004. Religion and meaning in the digital age: Field research on Internet/web religion. In P. Horsfield, M.E. Hess en A.M. Medrano, Reds. 2004. *Belief in media: Cultural perspectives on media and Christianity.* Aldershot: Ashgate. Pp. 121-136.

Horsfield, P.G. en Teusner, P., 2007. A mediated religion: Historical perspectives on Christianity and the Internet. *Studies in World Christianity,* 13(3): 278-295.

Howard, P.N. en Hussain, M.M., 2011. The Upheavals in Egypt and Tunisia. The role of digital media. *Journal of Democracy*, 22(3): 35-48.

Internet Service Providers' Association., 2012a. Welcome to the Internet Service Providers' Association. [aanlyn]. Beskikbaar by ispa.org.za/ [Afgelaai op 1 September 2012].

Internet Service Providers' Association., 2012b. Members - Mweb. [aanlyn]. Beskikbaar by ispa.org.za/membership/list-of-members?about=8 [Afgelaai op 1 September 2012].

Internet Service Providers' Association., 2008. Code of conduct [aanlyn]. Beskikbaar by ispa.org.za/code-of-conduct [Afgelaai op 1 September 2012].

Jaarboek van die Nerderduitse Gereformeerde Kerk., 2012. Wellington: Bybel-Media.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jackson, N., 2010. NG Kerk verbreek alle bande met Kletskerk. *Die Volksblad,* [aanlyn]. Beskikbaar by: http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2010/01/30/VB/9/tnjklets_1445.html [Afgelaai op 17 Augustus 2012].

Kelly, R.A., 2011. Public theology and the modern social imaginary. *Dialog: A Journal of Theology,* 50(2): 162 -173.

Kim, S., 2011. *Theology in the public sphere.* Londen: SCM Press.

Kitchin, R., 1998. *Cyberspace: The world in the wires.* Chichester: John Wiley & Sons.

Kohn, M., 2000. Language, power, and persuasion: Towards a critique of deliberative democracy. *Constellations,* 7: 408-429.

Kobayashi, T., Ikeda, K. en Miyata, K., 2006. Social capital online: Collective use of the Internet and reciprocity as lubricants of democracy. *Information, Communication & Society*, 9(5), pp. 582-611.

Lafont, C., 2007. Religion and the public sphere: What are the deliberative obligations of democratic citizenship? *Philosophy Social Criticism,* 35(1-2), pp. 127-150.

Leedy, D. & Ormrod, JE., 2005. *Practical research: planning and design.* New Jersey: Pearson.

Lewis, C., 2005. *The Massachusetts Institute of Technology Information Technologies and International Development,* 2(3). pp. 1-28.

Light, J.S., 1995. The Digital Landscape: New space for women? *Gender, Place & Culture: A Journal of Feminist Geography,* 2:2, pp. 133-146.

Lombaard, C., 2006. Afrikaans, Reformed and Internetted: some outlines of current Afrikaans-e-spiritualities. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* XXXII(1), pp. 247-261.

Lynch, M., 2011. The big think behind the Arab spring. *Foreign Policy,* 190, pp. 46-47.

Martinus, M., 2011. *Twitterende dominees. Geloven in sociale media*. Ongepubliseerde Meestersgraad. Universiteit van Groningen.

Media 24., 2012. Terms and conditions. *News 24*. [aanlyn] Beskikbaar by www.news24.com/SiteElements/Services/Terms-and-Conditions-20120413 [Afgelaai op 4 Augustus 2012]

McChesney, R. W., 2006. The internet and US communication policy-making in historical and critical perspective. *Journal of Computer-Mediated Communication*, 1(0) [aanlyn]. Beskikbaar by doi: 10.1111/j.1083-6101.1996.tb00177.x [Afgelaai op 8 Junie 2012].

McKenna, K.Y.A. en West, K.J., 2007. Give me that online-time religion: The role of the internet in spiritual life. *Computers in human behavior,* 23, pp. 942-954.

McQuail, D., 2010. *McQuail's mass communication theory.* 6de uitgawe. Londen: Sage.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Morozov, E., 2011. Whither Internet control? *Journal of Democracy*, 22(2), pp. 62-74.

Mouffe, C., 2002. Which public sphere for a democratic society? *Theoria,* 99, pp.55-65.

Muller, R., 2010. South African Internet demographics. *My broadband.* [aanlyn] Beskikbaar by http://mybroadband.co.za/news/internet/12771-south-african-internet-demographics.html [Afgelaai op 24 Oktober 2012].

Nederduitse Gereformeerde Kerk., 2010-2011. *Kommunikasiebeleid vir die Algemene Sinode se Moderamen.* [aanlyn] Beskikbaar by www.ngkerk.org.za/index.asp?bodyType=as_dokumente [Afgelaai op 18 September 2012].

Nederduitse Gereformeerde Kerk., 2011. *Die publieke getuienis.* [aanlyn] Beskikbaar by http://www.ngkerk.org.za/index.asp?bodyType=as_publieke_getuienis [Afgelaai op 28 September 2012].

Nederduitse Gereformeerde Kerk., 2012. *Belangrike omsendskrywe oor elektroniese kommunikasie asook die webtuiste van die NG Kerk.* 16 Julie 2012. Pretoria.

News24., 2012. Terms and Conditions – Updated April 2012. [aanlyn] 13 April 2012. Beskikbaar by http://www.news24.com/SiteElements/Services/Terms-and-Conditions-20120413 [Afgelaai op 30 Julie 2012].

Nuus24., 2009. Bepalings en voorwaardes [aanlyn] 31 Julie 2009. Beskikbaar by http://afrikaans.news24.com/xArchive/Nuus24/Bepalings-en-Voorwaardes-20090731-4 [afgelaai op 30 Julie 2012].

Nyamnjoh, F.B., 1999. Africa and the information superhighway: The need for mitigated euphoria. *Ecquid Novi: African Journalism Studies,* 20(1), pp. 31-49.

Oosthuizen, J., 2011. NG Kerk laat sosiale media gons. *Kerkbode,* 21 Oktober, p.4b.

Oosthuizen, J., 2012a. Nuwe horisonne vir Kerkbode. *Kerkbode*, 20 April 2012, p.1.

Ostrowski, A., 2006. Texting tolerance: computer-mediated interfaith dialogue. *Webology*, 3(4). [Aanlyn] Beskikbaar by: http://www.webology.org/2006/v3n4/a34.html

Palfrey, J., 2010. Four phases of internet regulation. *Social research,* 77(3), pp. 981-996.

Papacharissi, Z., 2002. The virtual sphere. The internet as a public sphere. *New media and society,* 4(1), pp. 9 -27.

Pew Research Center., 1999. *Online Newcomers More Middle-Brow, Less Work-Oriented. The Internet news audience goes ordinary.* The Pew Research Center For The People & The Press, 14 Januarie 1999. [aanlyn] Beskikbaar by: http://www.people-press.org/files/legacy-pdf/72.pdf [Afgelaai op 19 Augustus 2012].

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Poor, N., 2005. Mechanisms of an online public sphere: The Website Slashdot. *Journal of Computer-Mediated Communication,* 10(2) [aanlyn]. Beskikbaar by DOI: 10.1111/j.1083-6101.2005.tb00241.x [Afgelaai op 4 Junie 2012].

Rafaeli, S. en Sudweeks, F., 1997. Networked Interactivity. *Journal of Computer-Mediated Communication,* 2. [aanlyn]. Beskikbaar by DOI: 10.1111/j.1083-6101.1997.tb00201.x [Afgelaai op 19 Augustus 2012].

Reardon, S., 2012. Social revolution? It's a myth. *New Scientist,* 214(2859) [Aanlyn] Beskikbaar by http://www.newscientist.com/article/mg21428596.400-was-the-arab-spring-really-a-facebook-revolution.html [Afgelaai op 14 Julie 2012].

Reinard, J.C. red., 2008. *Introduction to communication research.* Londen: Sage.

Schement, J. en Curtis, T., 1997. *Tendencies and tensions of the Information Age: The production and distribution of information in the United States.* New Brunswick: Transaction.

Smit, D.J., 2008. *Geloof en Openbare Lewe: Versamelde opstelle.* Stellenbosch: Sun Media.

South African Yearbook, 2010/2011. South Africa: Government Communication and Information Service (GCIS).

Stackhouse, M., 1987. *Public theology and political economy.* Grand Rapids: Eerdmans.

Steyn, G.J., 2005. Die NG Kerk se identiteitskrisis. Deel 1: Aanloop, terreine van beïnvloeding en reaksies. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif.* 46(3 & 4), pp. 550-559.

Strelitz, L., 1999. Africa in the 21st century. Globalisation – good and bad. *Rhodes Journalism Review,* Desember, pp. 52-53.

Tettey, W.J., 2001. Information technology and democratic participation in Africa. *Journal of Asian & African Studies,* 36(1), pp. 133-153.

Thiemann, R.F., 1991. *Constructing a public theology. The church in a pluralistic culture.* Louisville: Westminster/John Knox Press.

Thomas, R.M., 2003. *Blending Qualitative and quantitative research methods in theses and dissertations*. California: Corwin Press.

Thumma. S., Hartford Institute for religion research. 2000. Religion and the Internet. In: *Massachusetts Institute of Technology, communications forum lecture. Massachusetts 18 April 2002. [aanlyn] Beskikbaar by* http://hirr.hartsem.edu/bookshelf/thumma_article6.html [afgelaai op 31 Maart 2012].

Warnick. B., 1998. Appearance or reality? Political parody on the web in campaign '96. *Critical Studies in Mass Communication,* 15(3), pp. 306-324.

Wasserman, H., 2005. Renaissance and resistance: Using ICTs for social change in Africa. *African Studies,* 64(2), pp. 177-199.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wasserman, H. en De Beer, A.S., 2004. E–governance and epublicanism: preliminary perspectives on the role of the Internet in South African democratic processes. *Communicatio: South African Journal for Communication Theory and Research,* 30:1, pp. 64-89.

Wêreldraad van kerke., 2010. Ecumenical chronicle. *The Ecumenical Review*, 62(3), pp. 317-322. [aanlyn] DOI: 10.1111/j.1758-6623.2010.00071.

Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies 2002. Suid-Afrika: *Staatskoerant.*

Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies 2005. Suid-Afrika: *Staatskoerant.*

Westphal, H. en Towell, E., 1998. Investigating the future of Internet regulation. *Internet Research,* 8(1), pp. 26-31.

White, R.A., 2007. The Media, culture, and religion perspective. Discovering a theory and methodology for studying media and religion. *Communication research trends,* 26(1), pp.3-24.

Wimmer, R.D en Dominick, J.R., 2006. *Mass media research: An introduction.* 8ste uitgawe. Kalifornië: Thomson Wadsworth.

Persoonlike kommunikasie en e-pos kommunikasie

Bothma, G. 2012. Vraelys per e-pos aan dr. Gerhard Bothma, gespreksleier van die diversiteitsforum, 19 September 2012.

Brand, G. 2011. Persoonlike kommunikasie met dr. Gerrit Brand, webredakteur van www.soliustitiae.co.za, 1 Desember 2011.

Brand, G. 2012. Vraelys per e-pos aan dr. Gerrit Brand, webredakteur van www.soliustitiae.co.za, 4 September 2012.

De Villiers, G. 2011. E-pos kommunikasie met dr. Gerda de Villiers, redakteur van www.teo.co.za, 5 Desember 2011.

De Villiers, G. 2012. Vraelys per e-pos aan dr. Gerda de Villiers, redakteur van www.teo.co.za, 13 September 2012.

Du Toit, A. 2011a. E-pos kommunikasie, 8 April 2011.

Du Toit, B. 2011b. E-pos kommunikasie met dr. Ben du Toit, redakteur van NG Kerk-aanlyn, 1 Desember 2011. Bellville.

Du Toit, B. 2012. Persoonlike onderhoud met dr. Ben du Toit, redakteur van NG Kerk-aanlyn, 18 September 2012. Bellville

Gaum, F. 2011. E-pos kommunikasie, 8 April 2011.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mouton, D. 2012. Vraelys per e-pos aan ds. Danie Mouton, voorsitter van die direksie van Bybel-Media, 25 September 2012.

Oosthuizen, J. 2012b. Persoonlike onderhoud met Jean Oosthuizen, webredakteur van Kerkbode-aanlyn, 26 April 2012. Wellington.

Oosthuizen, J. 2012c. Persoonlike onderhoud met Jean Oosthuizen, webredakteur van Kerkbode-aanlyn, 18 September 2012. Wellington.

Webwerwe

Facebook, 2012. Facebookgroep: Kerkbode. [aanlyn] Beskikbaar by www.facebook.com/kerkbode [Afgelaai in Julie 2012]

Facebook, 2012. Facebookgroep: NG Kerk. [aanlyn] Beskikbaar by www.facebook.com/ngkerk [Afgelaai in Julie 2012]

Kerkbode, 2012. Kerkbode-aanlyn [aanlyn] Beskikbaar by www.kerkbode.co.za [Afgelaai in Julie 2012]

Kerkbode, 2011. Kerkbode-aanlyn [aanlyn] Beskikbaar by http://kerkbode.co.za.mytempurl.zadns.co.za/default.asp [Afgelaai in Mei 2012]

NG Kerk, 2012. NG Kerk-aanlyn [aanlyn] Beskikbaar by www.ngkerk.org.za [Afgelaai in Julie 2012]

Universiteit van Pretoria, Teologiese fakulteit, 2012. Teo [aanlyn] Beskikbaar by www.teo.co.za [Afgelaai in Julie 2012]

Universiteit van Stellenbosch, Teologiese fakulteit, 2012. Soliustitiae [aanlyn] Beskikbaar by www.soliustitiae.co.za [Afgelaai in Julie 2012]

Universiteit van die Vrystaat, Teologiese fakulteit, 2012. Faculty of Theology [aanlyn] Beskikbaar by http://theology.ufs.ac.za/default.aspx [Afgelaai in Julie 2012]

---

[1] Die NG Kerk se ideale was tydens die apartheidsjare nou verweef met dié van die staat. Met die aanbreek van ŉ demokratiese bestel, het hierdie verhouding egter verander. "Eensklaps was die profiel van die NG Kerk nie meer verteenwoordigend van die regering van die dag nie. Die kerk het ŉ gevoel ervaar dat sy van sy status en gesag verloor het wat vroeër gesanksioneer was deur die eertydse regering" (Steyn, 2005:551).

[2] Die vyf fases is as volg: Die stryd teen die Liberalisme van die 19de eeu (1849-1920); Johannes du Plessis versus die NG Kerk (1920's-1930's); Afrikaner Nasionalisme en apartheid (1938-1986); wegdoen van apartheid en die vergeefse stryd om eenheid binne die NG Kerkfamilie te bewerkstellig (1986-2004); meer akkommoderende en minder "finale" antwoorde (2005-)

[3] Die sogenaamde Arabiese Lente het in Desember 2010 uitgebreek toe burgers in Noord-Afrika en die Midde-Ooste aan publieke protes deelgeneem het oor die politieke situasie in die betrokke lande. Tunisië se Zine al-Abidine Ben Ali en Egipte se Hosni Mubarak was van die eerste politieke leiers wat tydens die Arabiese Lente hul diktatorskap kwyt was (Howard & Hussain, 2011:35).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Addendums

Addendum A: Etiese klaringsvorm

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

STELLENBOSCH UNIVERSITY
CONSENT TO PARTICIPATE IN RESEARCH

Title of research: **Die rol en regulering van Internetdiskoerse op die Nederduits Gereformeerde Kerk se web-platforms in die daarstelling van ŉ publieke sfeer.**

You are asked to participate in a research study conducted by Francine van Niekerk from the Journalism Department at Stellenbosch University. The result of this study will be contributing to a Masters' Degree thesis. You were selected as a possible participant in this study because you are an editor of a website affiliated with the Dutch Reformed Church.

PURPOSE OF THE STUDY

This study aims to assess whether the role and regulation of content in the Dutch Reformed Church's websites contribute in creating a public sphere.

PROCEDURES

If you volunteer to participate in this study, we would ask you to do the following things:

Answer questions regarding the website that you are editor of. These questions will be sent to you via e-mail, and will take approximately 15 minutes to complete.

1. POTENTIAL RISKS AND DISCOMFORTS

None.

2. POTENTIAL BENEFITS TO SUBJECTS AND/OR TO SOCIETY

Your contribution may help to inform the Dutch Reformed Church on how it is using its Internet resources to create a public sphere where people can take part in the public discourse.

PAYMENT FOR PARTICIPATION

None.

3. CONFIDENTIALITY

Results will be published in the final research report. This report will be made available to staff at the University of Stellenbosch as well as Dr. Ben du Toit, the director of communication of the Dutch Reformed Church and Adri-Louise van Renen, editor of *Kerkbode.*

4. PARTICIPATION AND WITHDRAWAL

You can choose whether to be in this study or not. If you volunteer to be in this study, you may withdraw at any time without consequences of any kind. You may also refuse to answer any

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

questions you don't want to answer and still remain in the study. The investigator may withdraw you from this research if circumstances arise which warrant doing so.

5. IDENTIFICATION OF INVESTIGATORS

If you have any questions or concerns about the research, please feel free to contact Francine van Niekerk at 082 292 4636.

6. RIGHTS OF RESEARCH SUBJECTS

You may withdraw your consent at any time and discontinue participation without penalty. You are not waiving any legal claims, rights or remedies because of your participation in this research study. If you have questions regarding your rights as a research subject, contact Ms Maléne Fouché [mfouche@sun.ac.za; 021 808 4622] at the Division for Research Development.

SIGNATURE OF RESEARCH SUBJECT OR LEGAL REPRESENTATIVE

The information above was described to me by *Francine van Niekerk* in *Afrikaans* and *I am* in command of this language. *I* was given the opportunity to ask questions and these questions were answered to my satisfaction.

I hereby consent *voluntarily to participate in this study.* I have been given a copy of this form.

_____

Name of Subject/Participant

_____

Name of Legal Representative (if applicable)

_____ _____

Signature of Subject/Participant or Legal Representative **Date**

SIGNATURE OF INVESTIGATOR

I declare that I explained the information given in this document to _____ [*name of the subject/participant]* and/or [his/her] representative _____ [*name of the representative]. [H*e/she] was encouraged and given ample time to ask me any questions. This conversation was conducted in [*Afrikaans/*English/*Xhosa/*Other*] and [*no translator was used/this conversation was translated into* _____ by _____].

_____ _____

Signature of Investigator **Date**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Addendum B: Toestemmingsbriewe

Maart 2012

Ek, _____, redakteur van _____, gee toestemming aan Francine van Niekerk om haar Meestersgraadnavorsing aan die Departement Joernalistiek van die Universiteit Stellenbosch onder andere oor die webwerf en Facebookgroep van _____ te doen.

Die titel van die navorsingstuk is:

Die rol en regulering van Internetdiskoerse op die NG Kerk se web-platforms in die daarstelling van ŉ publieke sfeer.

Ek gee ook hiermee my toestemming dat die navorsingsresultate gepubliseer mag word as deel van die studie.

Geteken:_____ te _____

Datum: _____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Addendum C: Vrae vir vraelys en semi-gestruktureerde onderhoude

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

As deel van my Meestersgraadstudies in Joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch doen ek navorsing oor die rol en regulering van diskoerse op die NG Kerk se web-platforms in die daarstelling van 'n publieke sfeer. Aangesien die webwerf waarvan u redakteur is, deel is van die NG Kerk, vorm hierdie webwerf deel van my studie.

Omdat jy redakteur van die genoemde webwerf is, word jou kennis van die webwerf as 'n belangrike bydra tot die studie geag. Dit sal hoog op prys gestel word indien jy die volgende vrae beantwoord:

1. Intensie van die webwerf

1.1 Wat is die doel van die webwerf?
1.2 Wat is die doel van die Facebookgroep? Hoe skakel die twee webwerwe?
1.3 Hoe strook hierdie doel met dit wat tans op die webwerf aan die gang is?
1.4 Wat verstaan jy onder die term "publieke teologie"?
1.5 Wat is die webwerf se verbintenis tot publieke teologie?

2. Gebruikers van die webwerf

2.1 Wie is die gemiddelde gebruiker van die webwerf?
2.2 Is daar nie-godsdienstige gebruikers waarvan jy weet?
2.3 Hoekom dink jy besoek gebruikers die webwerf?

3. Regulering op die webwerf

3.1 Word daar ooit kommentaar verwyder van die webwerf? Indien wel, noem asb die spesifieke geval(le).
3.2 Op grond waarvan sal kommentaar verwyder of gewysig word?
3.3 Is daar 'n gedragskode waartoe gebruikers hulleself moet verbind?
3.4 Waar kan ek hierdie gedragskode bekom?
3.5 Sal gebruikers van self ander gebruikers aanpraat indien daar ongewensde kommentare geplaas word? Indien wel, noem spesifieke geval(le).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kerkbode se etiese kode vir die gebruik van sosiale media

Kerkbode verbind hom tot oop gesprek op sy Facebook- en webblad. Ons doen dit met die wete dat nie al die deelnemers dieselfde geloofsoortuiging deel of lidmate van die NG Kerk is nie. Daarom is die menings wat hier uitgespreek word nie noodwendig die amptelike standpunt van *Kerkbode,* of die NG Kerk nie.

1. Ons erken die reg van vryheid van spraak. Die Grondwet waarborg vryheid van spraak (Art 16) en sonder slegs oorlogspropaganda, die aanhitsing van dreigende geweld en haatspraak uit. Daardie artikel lui onder meer soos volg: "Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, waarby inbegrepe is:
   - die vryheid van die pers en ander media;
   - die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra;
   - die vryheid van artistieke kreatiwiteit; en
   - akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing."

2. Ons neem kennis van die Grondwetlike Hof se beslissing in April 2011 (Robert McBride vs *The Citizen*): "Kritiek is beskerm, selfs al is dit ekstreem, onregverdig, ongebalanseerd, oordrewe en bevooroordeeld, so lank as wat dit 'n eerlike mening, **sonder kwaadwilligheid**, in die openbare belang en op ware feite gegrond is."

3. In ons verbintenis tot oop gesprek wil ons terselfdertyd konstruktiewe gesprek aanmoedig. Ons wil met mekaar verskil sonder dat mense verketter en verdag gemaak word of iemand se integriteit in twyfel getrek word omdat hy of sy 'n ander standpunt as jy mag huldig. Daarom stuur ons weg van persoonlike aanvalle. Ons speel die bal en nie die man nie.

4. Spraakvryheid beteken nie absolute vryheid nie. Ons sal nie kwetsende opmerkings wat gemik is op geloof, ras, geslag of seksuele oriëntasie op die blad toelaat nie. Ons neem kennis van die sensitiwiteit ten opsigte van hierdie sake sonder om beskaafde gesprek daaroor in die kiem te smoor.

5. Deelnemers is welkom om aanhalings en skakels te plaas, maar binne perke en nie strydig met hierdie etiese kode nie. Ons wil gesprek voer en nie na 'n monoloog luister nie. Daarom kan dieselfde deelnemers nie die een na die ander plasing maak sonder om ander ook 'n geleentheid te bied om hulle kant van 'n saak te stel nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. *Kerkbode* se Facebook- en webblad is oop vir kritiek teen die kerk en individue, maar dit is nie ’n propagandaplatform om persoonlike aanvalle teen die kerk of individue te loods nie.

7. Ons wil nie wegskram van die bestaande teologiese verskille nie. Ons verwag wel van deelnemers om nie mede-gespreksgenote onnodig te etiketteer hetsy as fundamentaliste, liberaliste of wat ook al nie.

8. In die gees van die NG Kerk se Luisterseisoen wil ons ook luister na ander stemme. “Ons wil hul hoor wat op ons buitekring bly staan. Waar vreemde stemme hul bekoor” vra ons ook: “Gee my O Here openheid. Gee my ’n oor vir die soekstem van ons tyd.”

9. Ons mag skerp van mekaar verskil maar altyd in ’n gees van wedersydse respek en verdraagsaamheid. Geen kwetsende persoonlike opmerkings sal toegelaat word nie.

10. Omdat mense uit verskillende hoeke en met verskillende oortuigings en agtergronde na teologiese sake kyk, sal hulle noodwendig met mekaar verskil. Die persombudsman stel dit so: “Wat vir die een na waarheid lyk, kan deur die ander se bril ’n ander kleur hê. Omdat niemand hier op ‘die’ waarheid aanspraak kan maak nie. Anders as ‘werklikheid’, is ‘waarheid’ immers ’n subjektiewe (lees: interpretasie) saak, en daarom het niemand ‘die’ waarheid in pag nie.”

11. Al bogenoemde wil ons in ’n gees van Christelike naasteliefde nastreef.

12. Indien ’n deelnemer op *Kerkbode* se Facebook- of webblad een of meer van bogenoemde verontagsaam, sal die administrateurs sy/haar toegang blok en/of sy/haar plasing verwyder.